

TR 89-31 ✓

INVESTERING - DIE PROBLEMATIEK  
VAN INVESTERINGSBESLUITNEMING  
VIR DIE PRIVAATSEKTOR IN DIE  
VERVAARDIGINGSBEDRYF IN DIE  
GRENS, CISKEI EN TRANSKEI

VERHANDELING

Voorgelê ter Voldoening aan die  
Vereistes vir die Graad van  
DOKTOR IN FILOSOFIE  
in die Departement Ekonomie  
en Ekonomiese Geskiedenis  
van Rhodes Universiteit

deur

RICHARD CHARLES O'NEILL

Maart 1988

## INHOUDSOPGAWE

### BLADSY

Bedankings	viii	
Inleiding	ix	
<u>HOOFSTUK 1</u>		
<u>INVESTERING</u>	<u>1</u>	
1.1	Inleiding	1
1.2	Investerings - begripsomskrywing	5
1.3	Investerings en ekonomiese ontwikkeling	10
1.3.1	Ekonomiese groei	14
1.3.1.1	Die Klassieke benadering	14
1.3.1.2	Die Neoklassieke teorie	16
1.3.1.3	Die Harrod-Domar Groeimodel	17
1.4	Investerings teorieë	19
1.4.1	Die Investeringsfunksie	19
1.4.2	Die Versnellingsteorie van investering	24
1.4.3	Die Interne Fondse Teorie	26
1.4.4	Implikasies vir Streeksontwikkelingsbeleid	27
1.5	Investerings en die vestiging van die firma	31
1.5.1	Inleiding	31
1.5.2	Doelstellings van die firma	31
1.5.3	Faktore wat die vestigingsbesluit beïnvloed	34
1.6	Desentralisasiebeleid as teenvoeter vir ongunstige vestigingsfaktore	37
1.7	Samevatting	43

## HOOFSTUK 2

<u>EKONOMIESE ONTWIKKELING EN DIE ONTSTAAN VAN</u>		<u>46</u>
<u>STREEKSEKONOMIESE BELEID IN SUID-AFRIKA</u>		
2.1	Inleiding	46
2.2	Historiese oorsig	47
2.3	Die ongelyke verdeling van inkome in Suid-Afrika	53
2.4	Die trekarbeidstelsel	57
2.5	Beleidsveranderinge	61
2.6	Streeksekonome Beleid in Suid-Afrika	64
2.6.1	Inleiding	64
2.6.2	Die nuwe beleid	68
2.6.2.1	Langtermynaansporings	70
2.6.2.2	Aansporings om vir korttermynfinansie- ringsprobleme te vergoed	71
2.7	Vooruitsigte ten opsigte van investering deur die privaatsektor	73
2.8	Samevattende gedagtes oor streeksekono- miese beleid in Suid-Afrika	75

## HOOFSTUK 3

<u>NAVORSINGSMETODIEK EN STUDIEVELD</u>		<u>78</u>
3.1	Inleiding	78
3.2	Die onderwerp	79
3.3	Die gebied	80
3.4	Hipotese	82
3.5	Die proefstudie ("Pilot Study")	84

3.6	Herontwerpte vraelys	85
3.7	Rekord van vraelyste uitgestuur	87
3.8	Die finale vraelys	90
3.8.1	Inligting oor die maatskappy en sy aktiwiteite	91
3.8.2	Faktore wat die vestigingsbesluit beïnvloed	93
3.8.3	Waardebepaling van die desentralisasieaan- sporinge	94
3.8.4	Gevolglieke ervaring van die maatskappy	95
3.8.5	Algemene evaluering van die nywerheids- desentralisasieprogram	96
3.9	Samevatting	100

#### HOOFSTUK 4

	<u>NAVORSINGSRESULTATE</u>	<u>101</u>
4.1	Inleiding	101
4.2	Navorsingsresultate	103
4.2.1	Inligting oor die maatskappy en sy akti- witeit	103
4.2.2	Faktore wat die vestigingsbesluit beïnvloed	111
4.3	Evaluering van die desentralisasiekon- sessies	123
4.4	Eienskappe van die maatskappy - vesti- gingsfaktor - belangrikste konsessie	130

4.4.1	Grootte van die maatskappy	132
4.4.2	Verbintenis met groter maatskappye - vestigingsfaktor - belangrikste konsessie	133
4.4.3	Eienaarskap - vestigingsfaktor - belangrikste konsessie	134
4.4.4	Afsetgebied - vestigingsfaktor - belangrikste konsessie	136
4.4.5	Oorsprong van vestigingsfondse - vestigingsfaktore - belangrikste konsessie	137
4.5	Voortspruitende ervaring van die maatskappy	140
4.6	Algehele evaluering van die nywerheidsdesentralisasieprogram	147
4.7	Samevatting	156

## HOOFSTUK 5

<u>SAMEVATTING EN BELEIDSIMPLIKASIES</u>	<u>162</u>
--	------------

<u>BIBLIOGRAFIE</u>	202
---------------------	-----

OPGAWE VAN TABELLE EN AANHANGSELS

Tabel 1.	Determinante van Investering versus die Konsessiepakket	38
Tabel 2.1	Die groei in Suid-Afrika se uitset, 1911 - 1979	50
Tabel 2.2	Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Produk teen faktorkoste en konstante 1975 - pryse, 1979 - 1983	51
Tabel 3.1	Proefvraelys (rekord van vraelyste uitgestuur)	87
Tabel 3.2	Totaal uitgestuur (insluitend proefvraelys)	88
Tabel 3.3	Beantwoordingsmetode	88
Tabel 4.1	Ciskei : Produkgroepering in industriële kodes	104
Tabel 4.2	Transkei : Produkgroepering in industriële kodes	105
Tabel 4.3	Grensgebied : Produkgroepering in industriële kodes	106
Tabel 4.4	Kruistabulering van gebied met tipe werker	109
Tabel 4.5	Faktore wat die vestigingsbesluit beïnvloed	112
Tabel 4.6	Konsessies wat ontvang word of waarvoor aansoek gedoen is in al drie gebiede	123
Tabel 4.7	Kruistabulering van gebied met belangrikste konsessie	125

Tabel 4.8	Rangorde : belangrikste konsessie	126
Tabel 4.9	Kruistabulering van gebied met tweede belangrikste konsessie	127
Tabel 4.10	Beduidende verskille ten opsigte van eienskappe van die maatskappy, vestigingsfaktor en die belangrikste konsessie	131
Tabel 4.11	Voortspruitende ervaring van die maatskappy	140
Tabel 4.12	Algehele evaluering van die nywerheidsdesentralisasieprogram	147
Aanhangsel 1	Die Proefvraelys	174
Aanhangsel 2	Die Finale Vraelys	190
Aanhangsel 3	Die Opvolgbrief	200
Kaart 1	Die Navorsingsgebied	201

## BEDANKINGS

'n Spesiale woord van dank aan my promotor, prof. P.A. Black vir sy bekwame leiding met die skryf van hierdie verhandeling. Baie dankie aan mnr. P. Court van die Departement Bedryfsadministrasie vir sy nugtere rol as mede-promotor. Die bystand van prof. P. van der Watt van die Departement Wiskunde en Statistiek wat die dataverwerking en statistiese aspekte van die verhandeling behartig het, word hoog op prys gestel.

Die volgende persone het ook waardevolle bydraes tot die totstandkoming van die verhandeling gelewer: dr. Brian Dollery van Rhodes Universiteit, mnr. Dougie de Beer van die Desentralisasieraad, mnr. Poulson van die Ciskeise Ontwikkelingsbank en die tikster, Michele Mann. 'n Spesiale vermelding word terselfdertyd van die Raad vir Geestesnavorsing se finansiële hulp gemaak. Bo almal wil ek my dankbaarheid teenoor die Here betuig wat dit vir my moontlik gemaak het om hierdie verhandeling onder uiters moeilike omstandighede te voltooi.

## INLEIDING

Die langtermyn aard van 'n investering noop die voornemende investeerder om meer omsigtig te beplan as in die geval van 'n belegging wat gewoonlik oor 'n korter termyn strek. Die voornemende investeerder moet beseef dat 'n investeringsbesluit nie in isolasie van eksterne faktore geneem kan word nie. Dit is daarom raadsaam dat die voornemende investeerder hom deeglik van die makro- en mikro ekonomiese milieu waarbinne die investering beoog word, sal vergewis.

Ten einde die kompleksiteit van investeringsbesluitneming op te helder, word daar eerstens in Hoofstuk 1 op die begrip van investering gekonsentreer. Voorts word die beginsel dat die investeringsbesluit nie in isolasie geneem kan word nie, beklemtoon. In hierdie opsig word daar veral na die determinante van investering gekyk. In makro- ekonomiese verband word die gedagte sterk beklemtoon dat investering nodig is om kapitaalvorming te laat plaasvind wat op sy beurt een van die vereistes is om ontwikkeling te bevorder. As gevolg van meningsverskille ten opsigte van die invloed van investering in ontwikkelde teenoor ontwikkelende lande is daar gevolglik aandag aan enkele ekonomiese groeimodelle gegee. Gesien uit die oogpunt van die daarstelling van 'n konsessiepakket om streeksekonomiese ontwikkeling te stimuleer, is die huidige konsessiepakket met die determinante van investering vergelyk. Daardeur word die kwessie aangeraak of die konsessiepakket wel die teoretiese determinante van investering in ag

geneem het. Die belangrike vraag of die nyweraars self met die konsessiepakket tevrede is, word in die empiriese studie behandel.

Die langtermyn aard van 'n investering sal die weldeurdagte investeerder dwing om 'n verdere determinant, naamlik die land as risikofaktor deeglik in ag te neem. Met hierdie veronderstelling word daar in Hoofstuk 2 na die land waar die investering oorweeg sal word, naamlik Suid-Afrika gekyk. Daar word veral aan die ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika aandag gegee. In hierdie opsig word die ongelyke verdeling van inkome wat gedurende die jare al hoe meer beklemtoon is, bespreek en word daar na owerheids pogings gekyk om die probleem op streeksvlak teen te werk.

Hierdie owerheids pogings konsentreer helaas op die daarstelling van 'n streeksekonomiese beleid wat moes meehelp om die geografiese verskille in die verdeling van inkome teen te werk. Die streeksekonomiese beleid het gestalte gekry in die vorm van 'n konsessiepakket wat dan ook in hierdie hoofstuk bespreek word.

Aangesien die konsessiepakket daarop ingestel was om nyweraars na gedesentraliseerde gebiede te lok, is dit 'n voorwaarde vir die sukses van streeksekonomiese beleid dat nyweraars wat gedesentraliseer het met die konsessiepakket tevrede moet wees. Die navorsingsmetodiek wat gevolg is om hierdie vraag te probeer beantwoord word in Hoofstuk 3 bespreek. Daar word in hierdie hoofstuk na die onderwerp, die hipotese, die vraelys en die beantwoordingsmetode gekyk. Hierdie hoofstuk dien dus as 'n

skakel tussen die eerste twee hoofstukke wat hoofsaaklik oor die normatiewe en teoretiese aspekte van investering gehandel het en Hoofstuk 4 wat die navorsingsresultate oftewel die werklikheid verteenwoordig.

Die hipotese dat gedesentraliseerde nywerhede nie met die konsessiepakket tevrede is nie, word in Hoofstuk 4 met die navorsingsresultate vergelyk en daar word ook na die verskille wat tussen die Grens, Ciskei en Transkei voorgekom het, gekyk. Die beleidsimplikasies van die navorsingsresultate sowel as 'n samevatting van die verhandeling word in Hoofstuk 5 behandel terwyl daar ook na die implikasies ten opsigte van die huidige debat in die ontwikkelingseconomie gekyk word.

## HOOFSTUK 1

### INVESTERING

#### 1.1 INLEIDING

"'n Eiland is slegs 'n eiland relatief tot 'n vasteland" - John Stuart Mill. Die eiland lyk op die oog af "onafhanklik," maar al sou die eiland ook selfversorgend wees, lê die essensie van sy onafhanklikheid in sy relatiewe distansiëring van die vasteland. Die ekonomie van die wêreld kan ook nie as 'n eiland gesien word wat losstaan van ander aktiwiteite hetsy maatskaplik, polities of enige vorm van menslike aktiwiteit nie. Soos 'n individuele land nie losstaan van ander lande nie staan die ekonomie binne die betrokke land ook nie los van die invloed van ander menslike aktiwiteit nie. Helaas staan ekonomiese aktiwiteit binne 'n spesifieke land ook nie los van die ander elemente van die ekonomie op nasionale en internasionale vlak of ander vorme van menslike aktiwiteit wat die ekonomie beïnvloed nie.

Die rykdom van die wêreld word nie eweredig onder die mensdom versprei nie. Volgens Morrish (1983) verbruik 10% van die wêreldbevolking 60% van die geproduseerde produkte terwyl 'n geskatte 800 miljoen mense, oftewel 20% van die mensdom in absolute armoede leef. Die toestand is nog meer sorgwekkend as in ag geneem word dat die wêreldbevolking vinnig aan die toeneem is en die hoogste bevolkingstoenames juis in die ontwikkelende lande voorkom. Daar is alreeds meer as 300 miljoen werkloses in die ontwikkelende lande en met die verwagte hoë bevolkingsaanwas (relatief tot ontwikkelde lande) sal hierdie getal tot 1000

miljoen teen die einde van die eeu styg (Morrish 1983).

Die fenomenale toename in werkloosheid in die ontwikkelende lande het reeds in 1974 by die VVO weerklank gevind in voorstelle vir die daarstelling van 'n Nuwe Internasionale Ekonomiese Orde (NIEO). Hierdie Orde is op twintig beginsels gebaseer wat daarop neerkom dat internasionale transaksies in die eerste plek 'n meer eweredige verspreiding van rykdom tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande moet nastreef. Die aksieprogram om hierdie beginsels na te streef het veral klem gelê op die belangrikheid van grondstowwe vir handel en ontwikkeling, die internasionale monetêre stelsel en finansiering van ekonomiese vooruitgang in die ontwikkelende lande, industrialisasie, die oordrag van tegnologiese kennis en die regulering en beheer van die bedrywighede van internasionale ondernemings (Annell en Nygren, 1980 : 103 - 105).

Nygren beklemtoon die morele kwessie om die vernouing van die geweldige gaping tussen die armes in die ontwikkelende lande en die relatiewe ryk meerderheid in die ontwikkelde lande teweeg te bring (Annell, et al., 1980 : 154). Cody et al wys op die verskynsel dat nywerheidsontwikkeling in die ontwikkelende lande nie tred gehou het met bevolkingstoename nie (Cody, Hughes en Wall, 1980 : 35). Ten einde die gaping tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande te vernou, moet versnelde ontwikkeling in die ontwikkelende lande plaasvind.

Die begrip "ontwikkeling" is ondanks verskeie pogings tot ophel-

dering nog steeds 'n vae begrip. Fourie verwys onder andere na die ontwikkelingsdefinisie van Denis Coulet wat op die totale opheffing van ekonomiese, biologiese, sielkundige, sosiologiese, kulturele, ideologiese, spirituele, mistieke en transendentale aspekte gebaseer is (Fourie, 1981 : 127). Nerfin (1977) is van mening dat ontwikkeling op beide die materiële en nie-materiële menslike behoeftes moet sentreer. Wignaraja (1976) beklemtoon die bevrediging van nie-materiële behoeftes soos selfbeskikking en politieke vryheid in die ontwikkelingsprogram. Todaro (1982) stel drie doelstellings vir ontwikkeling, naamlik basiese behoeftebevrediging, hoër lewensstandaard en 'n verbreding van die ekonomiese en sosiale besluitnemingsbasis. Die behoefte vir 'n multi-dimensionele benadering tot ontwikkeling word algemeen erken:

"while economic progress is an essential component of development, it is not the only one. This is because development is not purely an economic phenomenon. In an ultimate sense it must encompass more than the material and financial side of peoples lives. Development should, therefore, be perceived as a multi-dimensional process involving the reorganisation and reorientation of entire economic and social systems." (Todaro, 1977 : 50).

Ondanks die meningsverskille oor die betekenis van ontwikkeling, kom die verskillende definisies ooreen in dié opsig dat ontwikkeling nie 'n suiwer ekonomiese aktiwiteit is nie. Ander menslike aktiwiteite moet dus ook in die ontwikkelingsproses in

ag geneem word. Hierdie konsensus stem ooreen met die stelling van John-Stuart Mill dat 'n eiland slegs 'n eiland relatief tot 'n vasteland is, of in 'n ontwikkelingsin dat ekonomiese ontwikkeling nie in 'n vakuum aangepak kan word nie.

M. Ul Haq maak die stelling dat die doelstelling van ontwikkeling die verhoging van die inkomsteverdienende vermoë van armes moet wees deur hoër nasionale produksie en deur die uitbreiding en herverspreiding van publieke dienste (Ul Haq, 1981 : 136). Die daarstelling van hierdie kapitaalmiddele word moontlik gemaak deur besparing en investering. Met genoemde twee stellings as uitgangspunt volg dit dat die vlak van ekonomiese aktiwiteit relatief is tot die effektiewe aanwending van reeds bestaande kapitaalmiddele wat op hulle beurt weer uitgebrei kan word deur die proses van investering.

Terwyl die internasionale gemeenskap poog om 'n meer eweredige verspreiding tussen die ontwikkelde en ontwikkelende lande teweeg te bring, word dieselfde oogmerk deur middel van streeksontwikkeling binne verskeie lande nagestreef. Ook in Suid-Afrika word hierdie oogmerk erken in die vorm van die desentralisasiebeleid en die konsessies wat aan voornemende investeerders in die grensnywerhede, die tuislande en die Swart onafhanklike state gebied word. Die doelstelling met die desentralisasiebeleid is om 'n meer eweredige geografiese verspreiding van ekonomiese aktiwiteite sowel as 'n verbetering in die ekonomiese en maatskaplike welsyn van die bevolking as geheel tot stand te bring (R.S.A.

Witskrif 1985 : 2). Ten einde ekonomiese ontwikkeling te laat plaasvind moet daar aan 'n groot aantal faktore aandag gegee word, byvoorbeeld investering, produktiwiteit, geboortebeperking, internasionale handel en verhoging van die lewensstandaard in die algemeen.

Alhoewel investering maar net een van verskeie voorwaardes is om ekonomiese ontwikkeling tot stand te bring, konsentreer ons op investering in hierdie tesis en kyk ons in die volgende afdeling na die investeringsbegrip.

## 1.2 INVESTERING - BEGRIPSOMSKRYWING

Totale investering in 'n land bestaan uit verskillende komponente. Vir die doel van hierdie tesis verwys ons na een van hierdie komponente, naamlik vaste investering in Fabriekswese. Hierdie komponent van investering het in 1986 14,72% van bruto binnelandse vaste investering in Suid-Afrika verteenwoordig (S.A. Reserwebank, Kwartaalblad, Des. 1987 : S - 90). Die verskillende komponente van investering staan nie onafhanklik tot mekaar nie en so byvoorbeeld kan investering in een komponent die aanbod van kapitaal in ander komponente beïnvloed. Soms kan investering in een komponent, byvoorbeeld owerheidsinvestering in infrastruktuur investering in ander komponente soos nie-residensiële investering en investering in konstruksie en masjinerie stimuleer.

Die aanbod van investeerbare fondse ontstaan volgens Goedhuys

(1978) uit die bedrag geld wat uit inkomste gespaar word. Daar moet by implikasie eerstens kapitaal beskikbaar wees om investering te finansier. Investering behels gewoonlik 'n langtermyn aanwending van kapitaal in byvoorbeeld masjinerie of geboue. 'n Investeringsbesluit veronderstel dat die kapitaal wat geïnvesteer is nie op die korttermyn sonder groot verliese verhaal kan word nie (Merrett en Sykes, 1978 : ix).

Weston en Brigham (1981) gebruik die term "capital budgeting" in plaas van investering en beweer dat dit die totale proses van uitgawe-beplanning behels waarvan die verwagte opbrengs oor langer as een jaar strek. Weston en Brigham gee toe dat die keuse van 'n eenjaarafsnypunt arbitrêr mag wees, maar beweer dat dit 'n gerieflike maatstaf is om tussen verskillende soorte uitgawes te onderskei. Tipiese voorbeelde van investering is uitgawes op grond, geboue, toerusting sowel as permanente toevoeging tot werkende kapitaal wat met fabrieksuitbreiding geassosieer kan word. Laasgenoemde is veral belangrik omdat fabrieksuitbreiding feitlik altyd addisionele werkende kapitaal vereis.

Inkomste wat nie bestee word nie, staan bekend as besparing wat of belê of geïnvesteer kan word. Normaalweg word 'n belegging gesien as meer likied as 'n investering omdat eersgenoemde in finansiële bates geskied terwyl investering in vaste bates geskied. Die groter likiditeit van 'n belegging impliseer 'n kleiner risiko, en gevolglik verwag die lener 'n groter opbrengs op 'n investering ten einde vir die relatief hoë risiko te

vergoed (Harvey, 1977 : 289 - 290).

Lambrechts (1979) tref 'n onderskeid tussen investering en belegging waar investering verwys na die werklike gebruik van 'n onderneming se fondse om reële ekonomiese bates vir produktiewe doeleindes te bekom. Belegging verwys weer na die oordrag van kapitaal aan 'n ander party wat inkomste in die vorm van rente of dividende as teenprestasie sal lewer (Lambrechts, Reynders en Scheurkogel, 1979 : 1). Dit kan natuurlik gebeur dat die firma wat beleggingskapitaal ontvang dit ook vir investeringsdoeleindes gebruik in byvoorbeeld die aankoop van masjinerie vir produksiedoelindes. Indien die beleggingskapitaal egter deur middel van uitgereikte aandele verkry is, het die belegger nog steeds die voordeel van hoër likiditeit vergeleke met die investeerder, omdat aandele vinniger as vaste bates in kontant omgesit kan word sonder die groot risiko van 'n verlies.

Reynders beklemtoon investeringsbeleid as voorvereiste vir die opstel van 'n kapitaalebegroting in 'n onderneming (Reynders, 1978 : 260 - 261). Investeringsbeleid moet die rigtingwyser wees wanneer besluitneming ten opsigte van 'n onderneming se aanwending van kapitaal geneem word. Dit volg dat daar na sowel die vraagkant van die kapitaalebegroting as die winsverwagting daarvan gekyk moet word. Batty wys daarop dat hoewel daar heelwat oor die kriteria vir die evaluering van die rentabiliteit van kapitaalprojekte gepubliseer is, die aanduidings nog steeds bestaan dat investeringsbesluite meestal op intuïsie eerder as op 'n wetenskaplike basis berus (Batty, 1976 : 484). Lambrechts et al

wys daarop dat 'n investeringsbesluit in ooreenstemming met 'n onderneming se primêre doelwit geneem moet word (Lambrechts, et al., 1979 : 10). Dit beteken dat groot omsigtigheid by die neem van 'n investeringsbesluit aan die dag gelê moet word.

Lambrechts et al (1979) wys daarop dat die investeringsbesluit belangriker is as byvoorbeeld besluite om bedryfsuitgawes aan te gaan omdat die uitwerking daarvan oor die lang termyn nog steeds gevoel kan word, die besluit tot 'n groot mate onherroeplik is omdat kapitaalgoedere meestal nie sonder die risiko van 'n verlies verkoop kan word nie en dit op toekomstige skattings gebaseer is wat deur verskeie onkontroleerbare faktore beïnvloed kan word. Die gevaar van oor-of-onderinvestering in bates kan ook die rentabiliteit van die onderneming nadelig beïnvloed.

Bierman en Dyckman (1976) sien investering as die toedeling van bronne aan projekte waar die koste en voordele oor 'n lang periode versprei is. Die probleem sentreer rondom die opweeg van koste en voordele in 'n verhouding wat die maksimalisering van aandeelhouers se belange nastreef (Bierman en Dyckman, 1976 : 281).

Simpson (1979) sien investering as die beplanning van die aanwending van beskikbare kapitaal met die doel om die langtermyn winsgewendheid van die onderneming te verhoog. Investering kan om verskeie redes gedoen word, byvoorbeeld om bestaande produkte of dienste uit te brei, te diversifiseer of om die vervaardigingsproses te vergroot deur die vervanging en verbetering van

toerusting, produksieprosesse en tegnieke. Die winsmotief is egter onderliggend aan die investeringsbesluit (Simpson, 1979 : 182).

Starr waarsku teen die oorbeklemtoning van die finansiële lewensvatbaarheid van 'n investeringsprojek ten koste van 'n deeglike ondersoek na die ondervinding en skeppingsvermoëns van die bedryfspersoneel wat daarby betrokke is (Starr, 1972 : 447). Die voornemende investeerder moet dus daarteen waak om 'n investeringsbesluit in isolasie te neem aangesien dit alle fasette van beplanning behels. 'n Finansiële-aanvaarbare projek kan byvoorbeeld maklik misluk indien die personeel wat dit moet deurvoer nie opgewasse vir die taak is nie.

Horngren (1978) wys daarop dat bestuurders in alle tipe organisasies investeringsbesluite moet neem. Dit sluit selfs godsdienstige, mediese en openbare instansies in. Hy wys daarop dat die groot omvang van finansiële betrokkenheid, toekomstige tegnologiese ontwikkeling en onbekende faktore ondernemings daartoe noop om soveel inligting moontlik te versamel en te kwantifiseer alvorens 'n investeringsbesluit geneem word. Daarbenewens moet ondernemings as gevolg van hulle beperkte bronne tussen alternatiewe investeringsmoontlikhede kies wat dan ook vereis dat 'n basis van vergelyking daargestel moet word. Laasgenoemde vereiste het volgens Horngren aanleiding gegee tot die ontwikkeling van verskeie besluitnemingsmodelle (Horngren, 1978 : 351 - 352).

Welsch beweer dat aangesien investering 'n langtermyn aanwending van 'n groot kapitaalbedrag behels, investeringsbesluitneming 'n langtermyn effek op die ekonomiese welstand van 'n onderneming kan uitoefen. Dit is daarom noodsaaklik dat omsigtige analise en beplanning die investeringsbesluit moet voorafgaan (Welsch, 1976 : 357). Aangesien die investeringsbesluit nie in isolasie geneem kan word nie, is dit uiters belangrik dat die makro- en mikro-ekonomiese beïnvloeding by investering in ag geneem moet word.

### 1.3. INVESTERING EN EKONOMIESE ONTWIKKELING

Investering verhoog die vlak van Nasionale Inkome oor die korttermyn. Ekonomiese groei hierteenoor word gewoonlik as 'n langtermyn toename in per kapita inkome gedefinieer. Terwyl beide ekonomiese groei en ekonomiese ontwikkeling 'n lang termyn toename in per kapita inkome impliseer, word so 'n toename in 'n ontwikkelde land gewoonlik ekonomiese groei genoem terwyl dit in ontwikkelende lande as ekonomiese ontwikkeling bekend staan (Edgmand, 1979 : 365). Ekonomiese ontwikkeling behels egter meer as net 'n toename in per kapita inkome; dit veronderstel 'n transformasie van 'n gemeenskap. Volgens Van den Bogaerde en Fourie (1983) word ekonomiese groei gedefinieer as die positiewe koers van die reële bruto binnelandse produk, maar hulle vereenselwig hulle voorts met die opvatting van Edgmand dat ekonomiese ontwikkeling 'n basiese verandering in die hele gemeenskap behels.

Ekonomiese ontwikkeling behels meer as net 'n styging in reële

inkome en gaan gepaard met 'n transformasie van 'n hele gemeenskap wat veranderinge in sosiale houdings en gebruike wat voorheen ontwikkeling belemmer het, insluit. Ekonomiese groei is moontlik sonder ontwikkeling en die gepaardgaande veranderings in die gemeenskap (Thirwall, 1972 : 23). 'n Voorbeeld van ekonomiese groei sonder ontwikkeling is 'n opswaai in die konjunktuur. Ekonomiese ontwikkeling hierteenoor is skaars moontlik sonder ekonomiese groei, maar ontwikkeling is steeds moontlik sonder 'n styging in per kapita inkome soos wanneer bevolking stadiger of net so vinnig soos 'n land se totale inkome toeneem (Thirwall, 1972 : 22 - 23). Laasgenoemde soort ontwikkeling sal egter 'n doellose soort ontwikkeling wees aangesien die uiteindelijke doel van ontwikkeling die verbetering van die lewensstandaard en die herverdeling van inkome is, en hoewel die verhoging van die per kapita inkome nie genoegsaam vir die verbetering van die individuele welstand is nie, is dit 'n noodsaaklike voorwaarde in die afwesigheid van ander institusionele instellings soos byvoorbeeld die verspreiding van gratis goedere.

Todaro (1982) noem kapitaalvorming, bevolkingsgroei met die gevolglike groei in die arbeidsmag en tegnologiese vooruitgang as die belangrikste faktore in ekonomiese groei. Hy gee egter toe dat 'n groter arbeidsmag in 'n ontwikkelende land ook 'n negatiewe invloed op ekonomiese ontwikkeling kan hê indien die ekonomiese sisteem nie die bykomende arbeiders kan absorbeer nie. (Todaro, 1982 : 88).

Thirwall verwys na verskeie stadia-van-ontwikkelingsteorieë, by-

voorbeeld Fisher (1933 en 1939) en Clark (1940), wat die onderskeid tussen die primêre, sekondêre en tersiêre sektore as basis vir 'n ontwikkelingsteorie gebruik. Volgens hierdie teorie word veronderstel dat lande as primêre produsente begin en nadat die basiese behoeftes bevredig is, hulle bronne na die vervaardiging- of sekondêre sektor verskuif. Wanneer inkome tot so 'n mate toeneem dat die mark vir vervaardigde goedere versadig word, word die bronne na dienste of tersiêre aktiwiteite verskuif. Thirwall maan egter teen veralgemenings aangesien sommige lande wel ontwikkel mag wees, maar tog weens komparatiewe voordele in enige van die drie sektore mag konsentreer, byvoorbeeld Australië in die landbousektor. (Thirwall, 1972 : 27 - 29).

Rostow (1960) het groter impak aan die stadia-teorie van ontwikkeling gegee deur vyf stadia van ontwikkeling te identifiseer, naamlik die tradisionele, die oorgangs-, die stygings- (take-off), die volwasse en die massa produksie stadium. Seers (1963) beweer dat daar 'n algemene neiging by 'n aantal teoretici is om te veralgemeen vanuit 'n basis van spesifieke gevalle. 'n Uiterste vorm van hierdie neiging is die aanname in Rostow se stadia-teorie van groei dat die onderontwikkelde lande in die vroeë stadia van 'n ontwikkelingsproses verkeer wat soortgelyk is aan dié wat deur die huidige nywerheidslande ondervind is en wat hulle uiteindelik ook tot nywerheidslande sal verander. Hierdie veralgemening is onaanvaarbaar aangesien die internasionale milieu waarin die onderontwikkelde lande opereer heelwat verskil van dié van die ontwikkelde lande tydens 'n vergelykbare stadium in hulle ontwikkeling. Daar bestaan dus genoegsame rede om te

veronderstel dat hulle ontwikkelingspatroon kan verskil. (Colman en Nixon, 1982 : 36 -37).

Papanek wys daarop dat die groeiproses uiters ingewikkeld is, veral as daarop gelet word dat 'n verskeidenheid faktore, hetsy sosiaal, polities of ekonomies kan bydra tot ekonomiese groei of hindernisse in die weg van ekonomiese groei kan wees. Dit is uiters moeilik om 'n groeimodel vir een land daar te stel, laat staan nog vir 'n honderd minder ontwikkelde lande. (Sien Papanek in Todaro 1982 : 24).

'n Probleem wat egter meer sorgwekkend is, is die verdeling van rykdom binne die ontwikkelende lande waar honderde miljoene mense in absolute armoede leef (Meier, 1974 : 5). Alhoewel die lewensstandaard sedert 1950 vinniger in die ontwikkelende lande gestyg het as ooit tevore, het die lewensstandaard in die ontwikkelde lande ook gestyg met die gevolg dat die gaping nog groter geword het. Thirwall (1972) maak die stelling dat alhoewel ontwikkeling meer as net 'n styging in per kapita inkome behels, die ongelyke verdeling van rykdom die kern van die sogenaamde ontwikkelingsgaping vorm. Hy verwys voorts na die probleem van die verdeling van rykdom binne 'n land wat dikwels in absolute terme baie erger is as wat die statistiek voorgee.

Terwyl die verdelingskwessie die afgelope twee dekades 'n belangrike besprekingspunt op internasionale vlak was en verskeie oplossings steeds nagestreef word, wys Myint daarop dat investe-

ring nie net op die verhoging van die ekonomiese groeikoers gemik moet word nie, maar ook op die beperking van bevolkingsaanwas (Myint, 1982 : 93). Todaro (1982) sien beperkte relevansie in die ekonomiese geskiedenis van die Westerse ekonomie in 'n Derde Wêreld konteks. Hy beweer egter dat die mees belangrike les wat daaruit geleer kan word, die kardinale belangrikheid van die samehangende en aanvullende tegnologiese, sosiale en institusionele veranderinge is wat moet plaasvind ten einde langtermyn ekonomiese groei te bewerkstellig (Todaro, 1982 : 107). Hierdie stelling sluit aan by die hedendaagse siening dat ekonomiese ontwikkeling meer as net kapitaalinvesterings behels. Die gedagte is dat 'n multi-disiplinêre benadering tot ontwikkeling toegepas moet word wat onder andere die mens, sy lewensstandaard, politiek, ideologieë en sosiale sisteme omvat (Coetzee, 1982 : 186 - 187).

### 1.3.1 EKONOMIESE GROEI

Terwyl daar veral meningsverskil bestaan oor die invloed van investering in ontwikkelde versus ontwikkelende lande, is dit raadsaam om na enkele ekonomiese groeimodelle te kyk.

#### 1.3.1.1 DIE KLASSIEKE BENADERING

Adam Smith (1937) het dit beklemtoon dat die verdeling van arbeid die sleutel tot verhoogde produktiwiteit is. Hy het geglo dat hoe meer mense daar is, hoe groter sal die mark wees, en hoe

meer spesialisasie sal plaasvind wat op sy beurt sal lei tot hoër produktiwiteit en verhoogde produksie (Van den Bogaerde en Fourie, 1983 : 193).

Persone moes egter eerstens bereid wees om te spaar sodat daar kapitaal beskikbaar kan wees vir investering in kapitaalmiddele. Kapitaalmiddele bestaan gewoonlik uit masjinerie en toerusting wat groter spesialisasie in die hand werk. Hierdie spesialisasie lei op sy beurt tot groter produktiwiteit wat ekonomiese groei tot gevolg het (Baldwin, 1966 : 22).

Smith was egter oor-optimisties om te verwag dat 'n groot onderontwikkelde bevolking dieselfde per kapita produktiwiteit as 'n kleiner ontwikkelde bevolking sal kan handhaaf. Dink maar aan Indië en Wes-Duitsland.

Malthus het beweer dat voedselproduksie rekeningkundig sal toeneem terwyl bevolking geometries toeneem. By implikasie sal dit beteken dat bevolkingsvolume altyd die toename in voedselproduksie sal inhaal en die beskikbare per kapita voedselvoorraad voortdurend sal afdwing tot die bestaansvlak. Daar is dus nie sprake van ekonomiese groei in die konteks van 'n toename in per kapita bruto binnelandse produk in hierdie teorie nie (Van den Bogaerde et al., 1983 : 195).

### 1.3.1.2 DIE NEOKLASSIEKE TEORIE

Die Neoklassieke teorie erken die moontlikheid van die vervanging van arbeid deur kapitaal. Dit impliseer dat kapitaal binne die ekonomie vermeerder kan word sonder om die arbeidsmag te vergroot en vice versa - daar is dus 'n vrymaking van die bevolkingskwes-sie wat so sterk in die Klassieke teorie beklemtoon is (Meier en Baldwin, 1959 : 67).

Die formule  $Y = F(K, L, N, t)$  word in die Neoklassieke teorie gestel, waar Y netto produksie of reële netto inkome, K bestaande voorraad masjinerie, L die hoeveelheid arbeid, N die hoeveelheid grond en t die tydsverloop waarin tegnologiese verandering plaasvind, verteenwoordig (Meade, 1982 : 8).

Die siening dat tegnologiese ontwikkeling 'n groot vraag na kapitale goedere skep, wys hoe naby Neoklassieke ekonome die verwantskap tussen kapitaalvorming en ekonomiese ontwikkeling sien. Tegnologiese ontwikkeling lei tot 'n verhoging van totale produksie van 'n gemeenskap wat gevolglik tot 'n verhoging van totale inkome lei (Meier, et al., 1959 : 69, 72). Die belangrikheid van besparing as bron vir investeringskapitaal om kapitaalvorming te bewerkstellig word sterk beklemtoon. By implikasie sal die verwagte opbrengs op investering in kapitale goedere egter hoër as die heersende rentekoers van finansiële instellings moet wees.

Ghatak (1978) wys daarop dat Neoklassieke teorie nie op 'n

soortgelyke wyse in die ontwikkelende lande as in die ontwikkelde lande toegepas kan word nie. Hy motiveer sy stelling deur daarop te wys dat daar nie in die ontwikkelende lande met hulle oorwegend landboukundige karakter van 'n soortgelyke vervanging van kapitaal en arbeid as in die nywerheidslande gepraat kan word nie (Ghatak, 1978 : 28).

### 1.3.1.3 DIE HARROD - DOMAR GROEIMODEL

Die Harrod - Domar groeimodel word gebaseer op die aannames dat, eerstens, gemiddelde vraag en aanbod balanseer wanneer investering ( $I_t$ ) in enige periode gelyk is aan die produk van die verandering in nasionale inkome ( $Y_t - Y_{t-1}$ ) en die inkrementele kapitaaluitsetverhouding ( $k$ ), waar  $k$  die waarde van kapitaal benodig om een eenheid uitset in 'n enkele periode te produseer, verteenwoordig; en tweedens, dat ekwilibrium in 'n geslote ekonomie bereik word wanneer voorgenome investering gelyk is aan voorgenome besparing (Colman, et al., 1982 : 19 - 20).

Ekwilibrium word dus verteenwoordig deur:

$$I_t = S_t = k (Y_t - Y_{t-1})$$

Deur  $S_t$  en  $(Y_t - Y_{t-1})$  deur  $Y_t$  te deel om  $\lambda$ , die besparingskoers en  $g$  die groeikoers te verkry, lyk die Harrod - Domar groeivergelyking soos volg:

$$\lambda = kg \text{ of } g = s/k$$

Die Harrod - Domar model definieer dus die ekwilibrium voorwaardes vir gelykmatige groei. Die model verbind die primêre doelwit van ontwikkeling, naamlik groeikoers, met die beperkende faktor naamlik investering. Die ontwikkelende lande behoort hulle besparingskoers te verhoog ten einde die benodigde groot toename in nywerheidsinvestering te bewerkstellig. Die kwessie is egter meer ingewikkeld as 'n blote verhoging van investering aangesien dit onwaarskynlik is dat 'n investering in 'n arm land finansieel aantreklik sal wees vanweë die beperkte afsetgebied vir die produk. Daar word 'n gelyktydige investering in verskeie nywerhede benodig ten einde die totale mark te vergroot sowel as om die verwagtings van voornemende investeerders te verhoog (Colman, et al., 1982 : 25). Ghatak (1978) wys in dié opsig daarop dat die investeringsvlak relatief tot die verwagte groeikoers is. Verskeie meer verfynde teorieë is uit die Harrod - Domar model ontwikkel. Kennedy (1975) wys daarop dat daar geen waarborg bestaan dat investeerders teen die Harrod - Domar - koers sal investeer nie. So sal oor - investering tot inflasie lei en onder-investering tot depressie (Kennedy, 1975 : 260). Dat die model gebreke het, kan nie weggeredeneer word nie, maar soos reeds genoem, is die konsepsuele waarde van die model uiters belangrik.

Die belangrikste bydrae vir ontwikkelingseconomie bly egter die koppeling van investering met die ekonomiese groeikoers. Daar moet egter gewaak word teen 'n te eng siening van investering in ontwikkelende lande aangesien die huidige opvatting wat in die vorige afdelings bespreek is, dit beklemtoon dat ekonomiese

ontwikkeling vereis dat daar na die totale spektrum van menslike aktiwiteit gekyk moet word wat politieke, sosiale, kulturele en ekonomiese elemente bevat.

#### 1.4 INVESTERINGSTEORIEË

Ons het in die vorige afdelings na die breëere rol wat investering in die ekonomie van 'n land speel gekyk. Ons kyk nou meer spesifiek na wat investering self bepaal. Dit moet egter in gedagte gehou word dat hoewel daar sekere voorvereistes vir investering gestel word, maatreëls soos 'n konsessiepakket die finale besluit kan beïnvloed. By implikasie is dit moontlik dat die spesifieke firma aanvanklike ongunstige vestigingsfaktore sal duld indien die konsessiepakket dieselfde finansiële eindresultaat as in 'n meer geskikte vestigingspunt teweeg kan bring. Die moontlikheid dat die normatiewe deur die buigsame vervang kan word, mag daarom nie uit die oog verloor word nie. Ons kyk vervolgens na 'n aantal investeringsteorieë.

##### 1.4.1 DIE INVESTERINGSFUNSKIE

Indien dit aangeneem word dat firmas winsmaksimaliseerders is, kan aanvaar word dat hulle 'n inset sal huur tot by 'n punt waar die marginale produk gelyk aan sy prys is. In die geval van kapitaal as inset moet bepaal word hoe die toekomstige inkomstestroom met die koste van kapitaal oftewel rentekoers vergelyk. Die aanname dat investering 'n funksie van die rentekoers is, is deur Keynes en die klassieke ekonome aangehang. Die inves-

teringsfunksie kan voorgestel word as  $I = I(i)$  waar  $I$  investering gemeet in reële of 'n konstante monetêre eenheid voorstel en  $i$  die rentekoers is.

Ten einde die huidige waarde van 'n toekomstige inkomstestroom oor jare te bepaal, kan die volgende formule gebruik word:

$$\left( PV = \frac{P_1}{(1+i)^1} + \frac{P_2}{(1+i)^2} + \frac{P_3}{(1+i)^3} \dots \dots \dots \frac{P_n}{(1+i)^n} \right)$$

waar PV die huidige waarde van die inkomstestroom verteenwoordig,  $P_1$  die inkomste ontvang aan die einde van die eerste jaar,  $P_2$  die inkomste aan die einde van die tweede jaar,  $P_n$  die inkomste aan die einde van die n de jaar,  $i$  die markkoers van rente en  $n$  die betrokke tydspan. Dit word aangeneem dat die toekomstige inkomstestroom met sekerheid bekend is (Koutsoyiannis, 1982 : 210).

Hoe hoër die rentekoers, hoe hoër sal die koste van kapitaal wees. Dit kan veroorsaak dat projekte met relatief vinnige terugverdienperiodes verkieslik sal wees bo langtermyn terugverdienperiodes wanneer die koste van kapitaal hoog is. (Koutsoyiannis, 1982 : 219).

Dit is moontlik dat die rentekoers oor 'n tydspan kan verander wat probleme ten opsigte van die gebruik van die terugverdienkoers teenoor koste inhou. Indien die aannames egter gemaak word dat:

- (a) die rentekoers konstant sal bly oor 'n tydspanne en
- (b) dat alle ontvangste vanaf 'n gegewe investering oor 'n tydspanne onmiddellik en deurlopend teen dieselfde interne terugverdienkoers as wat deur die investering verdien word, herinvesteer word, kan genoemde probleem "oorbrug" word (Evans, 1969 : 74). Terwyl die rentekoers i die markkoers van rente verteenwoordig stel  $r$  die terugverdienkoers voor wat nodig is om die koste en die toekomstige opbrengs van 'n investering gelyk te stel. Die terugverdienkoers  $r$  kan uit die volgende formule afgelei word:

$$\left( C_0 = \frac{R_1}{1+r} + \frac{R_2}{(1+r)^2} + \frac{R_n}{(1+r)^n} + \frac{S_n}{(1+r)^n} \right)$$

$C_0$  stel die koste van die kapitale goedere voor,  $S$  die afvalwaarde en  $n$  die tydspanne.

$R_1$  is die verwagte opbrengs op investering gedurende periode 1.  $r$  stel die terugverdienkoers voor wat koste en verwagte toekomstige opbrengs gelykstel. Keynes het hierdie interne terugverdienkoers wat koste en verwagte toekomstige opbrengs gelykstel, die marginale effektiwiteit van kapitaal (MEC) genoem (Evans, 1969 : 74). Wanneer die koste van kapitaal hoër as die verwagte terugverdienkoers is, sal investering nie plaasvind nie en vice versa. Dit kan egter gebeur dat firmas investeer wanneer die koste van kapitaal dieselfde as die verwagte terugverdienkoers

is.

Indien die koste van kapitaal laer as die verwagte terugverdienkoers van 'n projek is, kan dit verwag word dat investering sal plaasvind. In so 'n geval is die gewenste kapitale voorraad hoër as die werklike kapitale voorraad. Die koers van investering en die tydsperiode waarin dit sal plaasvind, en of dit wel sal plaasvind, is egter relatief tot baie ander faktore (Evans, 1969 : 76).

Terwyl die rentekoers buite die beheer van die individuele firma is, is die gebruik van die terugverdienkoerstegniek wel binne sy beheer en daarom bruikbaar.

Witte (1963) bevraagteken die relevansie van die investeringsfunksie ten opsigte van die spesifieke firma en noem die moontlikheid van ander determinante. Hy wys byvoorbeeld daarop dat sodra die firma sy optimale vloei van kapitale goedere bereik het, sy kapitale voorraad nie met nuwe investering verhoog sal word nie (Witte, 1963 : 441). Veranderinge in omstandighede soos hoër vraag na die firma se produkte, laer rentekoerse en hoër netto investering sal die firma se optimale kapitale voorraad verhoog, maar dit volg nie noodwendig dat die kapitale voorraad werklik verhoog sal word nie (Witte, 1963 : 441). Positiewe kapitaalvorming dui egter nie aan teen watter koerse kapitale goedere aangeskaf sal word nie. Die gaping tussen 'n firma se werklike en ideale kapitale voorraad sal slegs met inagneming van 'n groot aantal faktore gevul word, waaronder 'n groot

verskeidenheid rentekoerse en die duursaamheid van bestaande voorraad (Witte, 1963 : 441).

Witte (1963) wys daarop dat daar nie in die tradisionele teorie van die firma 'n funksie bestaan wat die rentekoers met die koers van investering verbind nie. Vrae aangaande die elasticiteit van hierdie funksie is volgens Witte gevolglik betekenisloos. Dit impliseer dat hoewel 'n verlaging in die rentekoers investering op makro-ekonomiese vlak kan stimuleer, die invloed op mikro-ekonomiese vlak nie noodwendig teen 'n voorspelbare koers sal plaasvind nie. Voorts sal investering in die spesifieke firma afhang van 'n verskeidenheid faktore wat tot gevolg kan hê dat investering of glad nie, of teen 'n laer of hoër koers as die makro-ekonomiese toename in investering sal geskied.

Dale Jorgenson (1971) het 'n oorsig van ekonometriese studies oor investeringsgedrag van firmas gegee waaruit dit duidelik voorkom dat verskeie determinante die verlangde kapitaalvoorraad bepaal (Jorgenson, 1971 : 1127 - 1131). Die waarde van hierdie oorsig, lê daarin dat die rentekoers nie as die enigste determinant van investering beskou moet word nie.

Volgens Harberger (1967) kan investering deur veranderinge in beide verwagte wins en/of veranderinge in die rentekoers beïnvloed word. Die waarde van die firma kan deur veranderinge in enige van genoemde twee faktore beïnvloed word. Harberger se koppeling van investeringsfunksies met die waarde van die firma beklemtoon by implikasie die kontinuïteitsaspek van die firma in

investeringsbesluitneming. Die firma sal dus nie net na die winsimplikasies van 'n voorgenome investering moet kyk nie, maar ook na die invloed op die solvabiliteit en likiditeit van die firma moet omsien. Dit kan boonop fataal wees as 'n ondersoek van hierdie aard die risikofaktor ignoreer.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die oorspronklike teorie waarvolgens investering as 'n funksie van die rentekoers voorgestel word, nie as die enigste investeringsteorie aanvaar kan word nie, maar dat 'n menigte alternatiewe teorieë sedertdien die lig gesien het. Aangesien hierdie tesis veral met die beleidsimplikasies ten opsigte van streeksontwikkeling gemoeid is, kyk ons gevolglik na die versnellings- en interne fondseteorieë.

#### 1.4.2 DIE VERSNELLINGSTEORIE VAN INVESTERING

In sy basiese vorm neem hierdie teorie aan dat veranderinge in die voorraad van kapitale goedere 'n liniêre funksie van die veranderingskoers van uitset per tydseenheid is (Meyer en Kuh, 1959 : 14). Die versnellingsfunksie impliseer dat die tipiese entrepreneur soos 'n termostaat sal optree en gevolglik sal reageer wanneer produksiekapasiteit oorlaai word. Die sentrale aanname van die versnellingsteorie is dat firmas teen volle kapasiteit opereer. Aangesien oormatige kapasiteit egter dikwels in die praktyk voorkom, is verskeie pogings reeds aangewend om die versneller aan te pas. Die mees algemene oplossing was om oormatige kapasiteit as 'n sikliese verskynsel te beskou sodat

die versneller in 'n opwaartse fase werk, maar nie in 'n afwaartse fase nie (Meyer en Kuh, 1959 : 14).

Die versneller is gemoeid met netto investering en neem gevolglik nie vervangingsinvestering in ag nie. Die basiese teorie maak die twyfelagtige aanname dat firmas sonder groot moeite fondse kan bekom. Daarvolgens sal die gewenste investeringskoers nie deur 'n gebrek aan finansiering beperk word nie.

'n Toename in uitset het 'n afgeleide toename in investering in kapitale goedere tot gevolg. Investering in vaste bates kan bestaan uit bruto investering en netto investering. Netto investering geskied as gevolg van genoemde afgeleide toename in kapitale goedere. Bruto investering verwys na vervangingsinvestering plus netto investering (Hicks, 1950 : 38, 39).

Een van die grootste tekortkomings van die sogenaamde naïwe versnellingsteorie, is die aanname dat kapitale voorraad altyd optimaal aangepas sal word (Junankar, 1972 : 32). Hierdie aanname ignoreer die vervanging van kapitaal met arbeid wat in die meeste firmas 'n wesenlike moontlikheid is. Die verdere aanname dat die verskil tussen werklike en ideale kapitale voorraad in een tydspanne uitgewis sal word, is nie noodwendig realisties nie. Ten einde hierdie probleem te oorbrug, is 'n buigsame versnellingsteorie geskep wat voorsiening maak vir tydverloop in die aanpassingsproses (Junankar, 1972 : 32).

Volgens verskeie studies was netto investering (anders as volgens

die naïwe versneller) proporsioneel kleiner as die toename in investering. Daar is gevolglik 'n alternatief vir die naïwe versnellingsmodel ontwikkel wat die huidige kapasiteit in ag neem (Evans, 1969 : 82, 83). Ondanks die beperkinge van die naïwe versneller is Evans (1969) egter van mening dat dit 'n bruikbare middel is om investering te analiseer. Alhoewel verskeie aanpassings en variasies op die oorspronklike versnellingsmodel gevolg het, is die studieveld van investering nog geensins uitgeput nie (Jorgenson, 1971 : 1143).

#### 1.4.3 DIE INTERNE FONDSE TEORIE

Volgens die interne fondse-teorie is die vraag na kapitale voorraad relatief tot verwagte wins. Die mate waartoe interne finansiering sal geskied is egter nie net relatief tot die verwagte wins nie, maar ook relatief tot die hoeveelheid interne finansiering wat beskikbaar is (Kuh, 1963 : 263). Aldus Kuh (1963) wil dit voorkom asof firmas interne finansiering van investering bo eksterne finansiering verkies. Hierdie skynbare voorkeur vir interne finansiering kan moontlik aan die oogmerk om onafhanklik te bly en beheer oor die firma te behou, toegeskryf word. Afgesien van verwagte wins, kan belastingsbeleid ook die vlak van interne finansiering van investering beïnvloed (Kuh, 1963 : 263).

Alhoewel investering nie op 'n Rand tot Rand basis relatief tot verwagte wins is nie, kan aanvaar word dat verwagte wins 'n groot rol in die interne finansiering van investering sal speel.

Indien die maksimalisering van wins die oogmerk van die firma is, kan dit gebeur dat surplus interne fondse vir alternatiewe beleggings buite die firma aangewend word waar die winsverwagting hoër as in die geval van interne investering is.

Volgens navorsingsresultate verduidelik die versnellingsteorie sikliese veranderinge in investering beter as die interne fondse-teorie, alhoewel wins tog 'n belangrike oorweging is (Kuh, 1963 : 264). Soos reeds genoem bestaan daar 'n groot aantal investeringsteorieë. 'n Teorie wat slegs na verwys sal word, is die Neoklassieke investeringsteorie waarvolgens die gewenste kapitale voorraad deur uitset (soos die versnellingsteorie) en die koste van kapitale dienste relatief tot die koste van uitset bepaal word. 'n Faktor wat by hierdie teorie anders as by die versnellingsteorie en interne fondse teorie na vore kom, is die koste van kapitale goedere. Laasgenoemde word onder andere deur die rentekoers bepaal.

#### 1.4.4 IMPLIKASIES VIR STREEKSONTWIKKELINGSBELEID

Die beleidsimplikasies van die onderskeie investeringsteorieë is baie belangrik vanuit 'n owerheidsoogpunt indien dit die oogmerk is om investering te stimuleer. Ondanks die kritiek op die genoemde investeringsteorieë bestaan daar heelwat empiriese werk wat die verskillende determinante van investering nagevors en vergelyk het. Volgens Junankar (1972) dui die empiriese werk aan dat verhoogde vraag soos in die "accelerator" teorie 'n belangri-

ker determinant van investering as relatiewe pryse is. Die beleidsimplikasies is dat veranderinge in die rentekoers sowel as ander faktore wat die koste van kapitaal beïnvloed slegs na 'n vertraagde tydperiode tot 'n verandering in investering sal lei. Veranderinge in gemiddelde vraag sal 'n vinniger en meer effektiewe manier wees om investering te beïnvloed (Junankar, 1972 : 69).

Indien die owerheid investering volgens die teorie van die investeringsfunksie wil stimuleer, sal dit deur monetêre beleid rentekoerse moet verlaag omdat investering volgens dié teorie 'n funksie van die rentekoers is. Op streeksvlak kan die rentekoers verlaag word deur byvoorbeeld 'n rentesubsidie op belegging aan gedesentraliseerde nywerhede te betaal. In Suid-Afrika is so 'n rentesubsidie inderdaad ook deel van die totale konsessiepakket. Aangesien 'n verlaging in die rentekoers wat nie tussen die verskillende streke differensieer nie (byvoorbeeld sonder 'n rentesubsidie in gedesentraliseerde gebiede) nie streeksontwikkeling sal stimuleer nie, sal so 'n maatstaf geen waarborg verskaf dat investering in gedesentraliseerde gebiede sal geskied nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat firmas heelwaarskynlik eers in bestaande nywerhede investeer alvorens hulle in nuwe vestigingsprojekte sal investeer.

Indien die owerheid investering volgens die interne fondse teorie wil stimuleer, sal dit beleidsmaatreëls moet tref wat die winste van die firma direk sal verhoog. Hierdie maatreëls kan onder

andere 'n verlaging van belasting, hoër depresiasie oor 'n korter periode en investeringsrabatte insluit.

Tekens van hierdie maatreëls op streeksvlak in Suid-Afrika kan onder andere in die Ciskeise afskaffing van maatskappybelasting en 'n verskeidenheid investeringsrabatte ten opsigte van huur, elektrisiteit, vervoer en loonkonsessies bespeur word. Volgens die interne fondse teorie sal hoër regeringsaankope en laer persoonlike belasting nie dieselfde effek hê nie aangesien dit geen direkte invloed op wins en gevolglik ook geen direkte effek op investering sal hê nie. In dié opsig dat uitset as gevolg van groter regeringsaankope en laer belasting sal styg, sal wins styg en 'n indirekte invloed op investering hê.

Die beleidsmaatreëls wat daarop gemik is om investering volgens die interne fondse teorie te stimuleer, sal nie effektief ten opsigte van die versnellingsteorie wees nie. So byvoorbeeld sal 'n verlaging van maatskappybelasting min of geen effek op investering hê omdat investering onder die versnellingsteorie op uitset berus en nie op die beskikbaarheid van interne fondse nie. 'n Vermeerdering van regeringsaankope of verlaging van persoonlike inkomstebelasting sal egter suksesvol wees om investering deur die invloed op gemiddelde vraag te stimuleer. Ten opsigte van streeksontwikkeling is die prysvoorkeurkonsessie op regeringstenders byvoorbeeld 'n poging om via groter regeringsaankope vanaf gedesentraliseerde nywerhede uitset te verhoog en daardeur investering te stimuleer. Aangesien die voornemende investeerder gewoonlik geen waarborg het dat sy

tender aanvaar sal word nie, impliseer hierdie konsessie egter 'n ingeboude risikofaktor.

Die fiskale beleid ten opsigte van die interne fondse-en versnellingsteorieë verskil, maar omdat beide teorieë relatief onsensitief vir veranderinge in die rentekoers is, sal monetêre beleid min invloed op investering onder die teorieë hê. By die neoklassieke benadering waar uitset en koste van kapitale voorraad die primêre determinante vir investering is, sal verhoogde regeringsaankope of laer persoonlike belasting wat uitset deur middel van die hoër gemiddelde vraag verhoog, investering stimuleer. Laer maatskappybelasting sal soos by die interne fondse-teorie investering stimuleer, nie weens die effek op wins nie, maar wel weens die effek op die koste van kapitale dienste. In teenstelling met die versnellings- en interne fondse-teorieë is rentekoers by die neo-klassieke-teorie 'n determinant van die gewenste kapitale voorraad. Daarom is monetêre beleid deur sy effek op die rentekoers instaat om die verlangde kapitale voorraad en dus ook investering te beïnvloed.

'n Nadere ondersoek van die konsessiepakket soos vervat in Suid Afrika se desentralisasiebeleid dui daarop dat heelwat determinante van investering soos vervat in die investeringsteorieë, wel in ag geneem is. Hierdie toedrag van sake is bemoedigend in dié opsig dat die indruk geskep word dat die konsessiepakket wel 'n teoretiese grondslag het. Aangesien daar in die literatuur wyduiteenlopende menings onder ekonome oor die determinante van investering bestaan, sou 'n mens graag wou

vasstel of die huidige konsessiepakket wel na die mening van die gedesentraliseerde nywerhede self as investeringsaanspooring dien. Hierdie kwessie sal in die empiriese studie behandel word.

Afgesien van die investeringsteorieë bestaan daar egter ook ander faktore wat investering en gevolglik ook die vestiging van die firma kan beïnvloed. Ons kyk gevolglik na enkele van hierdie faktore.

## 1.5 INVESTERING EN DIE VESTIGING VAN DIE FIRMA

### 1.5.1 INLEIDING

Die investeringsbesluit berus op 'n groot aantal determinante. Hierdie determinante word in 'n groot aantal investeringsteorieë in ag geneem. Alhoewel hierdie teorieë 'n bydrae tot 'n beter begrip van die kompleksiteit van die investeringsbesluit lewer, mag die uniekheid van die spesifieke firma en die uniekheid van die plek waar die spesifieke investering geskied, nie geïgnoreer word nie. Dit is daarom belangrik dat ons nie net na die doelstellings van die firma kyk met inagneming van die uniekheid van die firma nie, maar ook aandag gee aan die determinante wat die vestiging van die firma bepaal.

### 1.5.2 DOELSTELLINGS VAN DIE FIRMA

"If you don't know where you are going to any road will bring you to your destination."

Dit is onwaarskynlik dat 'n firma nie sal weet wat om na te streef nie omdat die kompeterende mark onder volmaakte mededinging hom selfs teen sy wil sal dwing om sekere doelstellings na te streef ten einde te oorleef. Hierdie doelstellings sal wissel van firma tot firma en van bedryfstak tot bedryfstak.

Terwyl dit hier aanvaar word dat die firma wel oor een of ander doelstelling beskik, volg dit noodwendig dat die besluite van die firma binne die raamwerk van sodanige doelstelling sal geskied. So byvoorbeeld behoort die investeringsbesluit nie in stryd met die doelstellings van die firma geneem te word nie. Dit is nie die oogmerk om die teorie van die firma in diepte te bespreek nie, maar om daarop te wys dat die teorie van die firma wel die basis vir die doelstellings van die firma neerlê wat op sy beurt die investeringsbesluit sal beïnvloed. Hierdie verskynsel sluit aan by die stelling aan die begin van die hoofstuk dat besluitneming nie in isolasie geneem kan word nie.

Indien die aanname gemaak word dat die doelstellings van die firma sy besluite sal beïnvloed, sal die firma wat maksimum wins nastreef (soos in die Neoklassieke teorie) slegs 'n investeringsbesluit neem wat winsmaksimalisering tot gevolg sal hê (Harvey, 1977 : 202).

Daar bestaan egter verskeie teorieë wat die winsmotief nie noodwendig as die primêre oogmerk by die investeringsbesluit beskou nie. Volgens Harvey kan faktore soos goeie

arbeidsbetrokkinge, die welsyn van die arbeiders, die strewe na onafhanklikheid, mag en politieke invloed benewens die winsmotief 'n belangrike rol speel. Harvey stel voor dat hierdie ander motiewe in 'n wyer winsbegrip as net monetêre wins gesien moet word (Harvey, 1977 : 101). In hierdie opsig is dit veral moontlik dat die motiewe vir investering tussen die private en publieke sektore kan verskil. 'n Mens sou verwag dat eersgenoemde oorwegend op wins ingestel sal wees en laasgenoemde oorwegende op dienslewering en werkverskaffing .

Volgens Mc Clelland se teorie oor selfverwesenlikingsmotivering is dit veral persone wat 'n sogenaamde hoë n-behoefte aan selfverwesenliking het wat gemotiveerd is om ekonomiese geleenthede te benut (Mc Clelland en Winter, 1971 : 6). Le Vine (1966) vind dat daar 'n noue verband tussen die n-behoefte en ondernemingsgees (entrepreneurial spirit) bestaan. 'n Gebrek aan geleenthede kan egter 'n beperking op ondernemingsgees of entrepreneursaktiwiteit plaas. Volgens Mc Clelland en Winter is dit belangrik dat 'n regering wat ontwikkeling ten doel het, die waarskynlikheid van sukses en die n - vlakke van die bevolking moet ken ten einde die gewenste resultaat te behaal (Mc Clelland, et al., 1971 : 19).

Penrose wys daarop dat langtermyn winsverwagtings en langtermyn groei in teenstelling met winsmaksimalisering oor die korttermyn as doelstelling 'n belangrike invloed op die aard van die investeringsbesluit kan uitoefen (Penrose, 1980 : 28). Volgens Baumol (1959) kan die doelstellings van

winsmaksimalisering verskil en op die maksimalisering van verkope eerder as wins gemik wees soos byvoorbeeld volgens die bestuursteorie.

Wanneer 'n mens hierteenoor van die gedragsteorie van die firma praat, verwys 'n mens na 'n komplekse versameling van belange binne die firma (Sawyer, 1979 : 121). Aangesien hierdie belange uniek aan die firma en die individue binne die firma is, is dit haas onmoontlik om algemene gedragsvoorspellings te maak. Dit is egter belangrik dat die onderliggende gedragsmotivering van bestuurders in ag geneem word wanneer daar onder andere oor investeringsbesluitneming bespiegel word, omdat hierdie gedragsmotivering daartoe kan lei dat besluite nie altyd op suiwer ekonomiese redes gegrond word nie (Curwen, 1976 : 135).

Hoewel daar 'n verskeidenheid van doelstellings van die firma bestaan, is die winsmotief in die meeste gevalle of die primêre of die sekondêre doelstelling. Aangesien dit onprakties sou wees om die doelstellings van alle firmas te probeer vasstel, sou 'n mens verwag dat streeksontwikkelingsbeleid veral die konsessiepakket so sal ontwerp dat die winsmotief in ag geneem word.

### 1.5.3 FAKTORE WAT DIE VESTIGINGSBESLUIT BEÏNVLOED

Soos reeds vermeld, word die investeringsbesluit onder andere deur verskeie faktore beïnvloed waaronder die investeringsfunksie, die winsmotief, ander doelstellings van die

firma, politieke en ekonomiese oorwegings en die risikofaktor prominent was. Met genoemde oorwegings as basis volg dit dat die plek van vestiging ook aan die vereistes van 'n objektiewe investeringsbesluit moet voldoen. Daar bestaan verskeie benaderings in die nywerheidsvestigingsteorie ten opsigte van die bepaling van die mees geskikte vestigingspunt. Volgens die klassieke benadering van Weber (1929) beïnvloed drie faktore die vestigingsbesluit, naamlik vervoerkoste, arbeidskoste en die plaaslike faktor van agglomeratiewe of degglomeratiewe magte. Deur die vestigingsdriehoek as model te gebruik, het hy aangedui hoe die optimum vestigingspunt ten opsigte van die drie faktore bepaal kan word. Palander (1935) het die prys en plek van grondstowwe, en die posisie van die mark as die belangrikste vestigingsfaktore beskou. Gegewe die plek van produksie, kompetisie, fabriekskoste en vervoertariewe, het hy die vraag probeer beantwoord oor hoe prys die omvang van die gebied sal beïnvloed waarin 'n produsent sy produkte kan verkoop.

Hoover wys daarop dat indien daar geen verskil in produksiekoste bestaan nie, die beste vestigingspunt by die punt van minimum vervoerkoste sal wees (Hoover, 1937 : 43). Hy beklemtoon ook afstand van mark, arbeidskoste en produksiekoste as belangrike vestigingsfaktore.

Lösch het die minimumkoste benadering ten opsigte van vestiging van Weber verwerp en as alternatief beweer dat die regte benadering is om die plek van maksimum wins te vind waar totale inkomste totale koste met die grootste bedrag oorskry. (Lösch,

1954 : 4, 8). Die toetrede van kompeteerdere bemoeilik egter die bepaling van so 'n vestigingspunt omdat prys, vraag en aanbod kan verander.

'n Swakheid van klassieke vestigingsteorie was die aanname dat volmaakte mededinging bestaan met die gevolg dat sodra 'n verandering in vraag ontstaan die minimumkoste vestigingspunt nie meer noodwendig die hoogste wins lewer nie (Smith, 1971 : 131 - 137). Die minimumkoste benadering kan dus slegs gevolg word in 'n gebied waar vraag konstant bly. Die vestigingsinterafhanklikheidsbenadering oftewel die markgebiedsbenadering wat Palander, Hoover en Lösch tot 'n groot mate gevolg het, probeer hierdie probleem oorkom deur produksiekoste as konstant vir alle firmas te aanvaar en vervoerkoste as enigste veranderlike te sien (Smith, 1971 : 138). 'n Swakheid van die benadering is die ignorering van gebiedskoste-ariasies wat dit net so onrealisties soos die minimumkostebenadering maak. Greenhut (1956) neem beide koste en vraag in aanmerking. Hy beskou vervoerkoste, vervaardigingskoste met betrekking tot arbeid, kapitaal en belasting, en die vraagfaktor, wat hy onderskeidelik as kosteverminderings- en inkomstevermeerderingsfaktore sien as die belangrikste vestigingsfaktore. Volgens Greenhut verwys kosteverminderingsfaktore na die voordele van agglomerasie (of degglomerasie) oftewel die eksterne skaalvoordele wat 'n firma in 'n plek wat vir sy spesifieke nywerheid geskik is, kan verkry. Inkomstevermeerderingsfaktore behels soortgelyke oorwegings wat 'n invloed op verkope uitoefen. Greenhut (1956) noem ook persoonlike oorwegings as moonlike faktore in die vestigingsbesluit. Die insluiting van

nie-winsmotiewe in ekonomiese teorie hou die moontlikheid in dat 'n botsing van belange kan ontstaan.

Alhoewel daar verskillende benaderings ten opsigte van die bepaling van die optimum vestigingspunt bestaan, wil dit tog voorkom of daar 'n groot mate van ooreenstemming ten opsigte van die vestigingsfaktore self bestaan. Die vestigingsfaktore wat deurgaans beklemtoon word, is vervoerkoste, afstand vanaf grondstowwe, afstand vanaf mark, produksiekoste wat arbeidskoste, belasting en die koste van kapitaal insluit, maksimalisering van wins, agglomerasievoordele en persoonlike oorwegings.

Bogenoemde vestigingsfaktore is op die oog af grotendeels deur die Regering se konsessiepakket in ag geneem. Ten einde te bepaal of gedentraliseerde nywerhede hierdie teoretiese vestigingsfaktore as belangrik beskou het, is voorsiening daarvoor in die empiriese studie gemaak.

#### 1.6 DECENTRALISASIEBELEID AS TEENVOETER VIR ONGUNSTIGE VESTIGINGSFAKTORE

Ongunstige vestigingsfaktore verwys in die bespreking na die determinante wat beide die investeringsbesluit en die vestigingsbesluit bepaal. Indien 'n owerheid hom ten doel stel om investering te stimuleer sal 'n mens redelikerwyse verwag dat dit hierdie determinante in ag sal neem wanneer 'n beleid geformuleer word. Dit wil voorkom of die huidige desentralisasiebeleid in Suid-Afrika soos van toepassing in die

navorsingsgebied wel sekere van die determinante van investering in ag geneem het. Ten einde te bepaal of die determinante van investering wel in die huidige konsessiepakket in ag geneem is, kyk ons na Tabel 1.

TABEL 1 DETERMINANTE VAN INVESTERING VERSUS DIE KONSESSIE-  
PAKKET

DETERMINANTE VAN INVESTERING

KONSESSIES

A. INVESTERINGSTEORIEË

1. Die Investeringsfunksie met rente as determinant.
2. Die Versneller met uitset as determinant.
3. Die Interne Fondse-Teorie met verwagte wins as determinant.

1. Die rentesubsidie op belegging.
2. Prysvoorkeur op regeringstenders.
3.
  - a) Loonkonsessie
  - b) Vervoerkonsessies
  - c) Huursubsidie
  - d) Elektrisiteit-subsidie

B. DOELSTELLINGS VAN DIE FIRMA

1. Neoklassieke teorie met winsmaksimalisering as determinant

1.
  - a) Loonkonsessie
  - b) Vervoerkonsessies
  - c) Huursubsidie

2. Bestuursteorie met onder andere maksimum verkope as determinant.
3. Gedragsteorie met uiteenlopende determinante

d) Elektrisiteit-  
subsidie

2. Prysvoorkeur op regeringstenders
3. Die totale konsessiepakket kan of sommige of nie een van hierdie determinante bevredig nie

#### C. VESTIGINGSFAKTORE

1. Vervoerkoste
2. Arbeidskoste
3. Prys en plek van grondstowwe
4. Afstand van mark
5. Produksiekoste

1. Vervoerkonsessies
2. Loonkonsessie
3. Geen
4. Vervoerkonsessies
5. a) Loonkonsessie  
b) Opleidingskonsessie  
c) Elektrisiteitsubsidie

6. Minimumkoste

6. Die totale konsessiepakket

7. Maksimumwins

7. Die totale konsessiepakket

8. Belasting

8. Die Ciskeise belastingsalternatief

9. Koste van kapitaal

9. Die rentesubsidie op belegging

Dit wil voorkom asof die huidige konsessiepakket in Suid-Afrika nie uit die lug gegryp is nie, maar wel op sekere determinante van investering gebaseer is. So byvoorbeeld kan die rentesubsidie op belegging gesien word as 'n poging om 'n differensiële voordeel in gedesentraliseerde gebiede ten opsigte van 'n laer rentekoers te skep. Sodoende is daar nie net erkenning aan die rentekoers as determinant van investering gegee nie, maar ook aan die moontlikheid om streeksontwikkeling met behulp van 'n differensiële rentevoordeel te stimuleer. Nasionale uitset as determinant van investering is in die vorm van 'n konsessie wat prysvoorkeur op regeringstenders aangebied het, erken. Die oogmerk met hierdie konsessie was klaarblyklik om uitset deur middel van groter regeringsaankope vanaf gedesentraliseerde firmas te stimuleer. Daar bestaan egter 'n risikofaktor in dié opsig dat die gedesentraliseerde firma ondanks die konsessie nie die toekenning van tenders gewaarborg kan word nie. Sodanige waarborg is haas ondenkbaar indien daar aan faktore soos kwaliteit, afleweringstyd en kapasiteit van die spesifieke firmas gedink word.

Dit wil voorkom of verwagte wins soos vervat in die Interne Fondse-teorie wel in ag geneem is. Die klaarblyklike konsessies wat hierdie determinant in ag moes neem, was die loonkonsessie, vervoerkonsessies, huursubsidie en elektrisiteitsubsidie. Hierdie konsessies sou via 'n verlaging van koste die verwagte wins kon verhoog. Die vraag ontstaan egter of die kosteverlagende effek van hierdie konsessies wel die gebiedsnadeel genoegsaam teenwerk om 'n hoër verwagte wins in die gedesentraliseerde as in 'n metropolitaanse gebied tot gevolg te hê. Hierdie kwessie sal in die empiriese studie behandel word. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die elektrisiteitsubsidie die elektrisiteitskoste slegs gelykstel aan die koste in Oos-Transvaal en dus nie noodwendig 'n differensiële kostevoordeel inhou nie.

Die winsmaksimaliseringsdeterminant word ook deur die loon-, vervoer-, huur- en elektrisiteitsubsidies erken. Die mate waarin hierdie determinant bevredig word sal tot 'n groot mate van die eienskappe van die spesifieke firma afhang. So byvoorbeeld kan dit gebeur dat 'n firma wat oorwegend arbeidsintensief is eerder sy wins in 'n gedesentraliseerde gebied as in 'n metropolitaanse gebied kan maksimaliseer. Aangesien die vervoerkonsessies slegs op uitgaande goedere van toepassing is, kan hierdie konsessie 'n firma wat naby grondstowwe geleë is, bevoordeel, maar 'n geringe effek op 'n firma hê wat ver vanaf grondstowwe geleë is. Die winsmaksimaliseringseffek van die konsessies sal in die empiriese studie bepaal word.

Alhoewel maksimum verkope as een determinant van investering volgens die Bestuursteorie gesien kon word, is dit nie die enigste nie. Die prysvoorkeur op regeringstenders poog om die maksimalisering van verkope deur groter regeringsaankope te laat styg. Afgesien van die risikofaktor wat ook by die versnellingsteorieë genoem is, is dit te betwyfel of hoër regeringsaankope groot genoeg sal wees om die gedesentraliseerde firma vir sy afstand vanaf sy primêre markte te kan vergoed.

Gedragsteorie het inherent so 'n verskeidenheid determinante dat 'n mens slegs oor die moontlike inagneming van hierdie determinante in die konsessiepakket kan bespiegel.

Met betrekking tot die vestigingsdeterminante soos byvoorbeeld vervoerkoste, arbeidskoste en afstand vanaf mark, is dit duidelik dat die konsessiepakket direk daarop gemik was om die gebiedsnadeel ten opsigte van daardie determinante teen te werk. Die relatiewe belangrikheid van hierdie konsessies aldus nyweraars sal ook in die empiriese studie behandel word.

Prys en plek van grondstowwe as determinant is nie deur 'n ooreenstemmende konsessie in ag geneem nie. Produksiekoste is wel deur die loon-, opleidings-, en elektrisiteitskonsessies in aanmerking geneem. Belasting as determinant word slegs in Ciskei in ag geneem. Die vraag ontstaan egter weer eens of die konsessies wel daarin slaag om die gebiedsnadeel ten opsigte van produksiekoste genoegsaam teen te werk. Hierdie kwessie word ook in die empiriese studie aangeraak. Minimumkoste as determinant

skep 'n probleem vir die konsessiepakket in sy huidige vorm. Hierdie probleem sentreer veral daarop dat hoewel daar beweer kan word dat die totale konsessiepakket daarop gemik is om koste te verlaag, hierdie verlaging nie noodwendig minimum koste tot gevolg sal hê nie. Dit is in hierdie opsig eerder raadsaam om 'n selektiewe benadering tot streeksontwikkeling te volg wat daarop gebaseer is dat alle streke uit handel sal baat vind indien hulle in die produsering van goedere spesialiseer waarin hulle 'n vergelykende kostevoordeel het. Indien die konsessiepakket dus aangepas word om spesialisasie en die benutting van vergelykende kostevoordele in streke te maksimaliseer, sou dit moontlik wees om nie net die minimumkostebenadering na te streef nie, maar by implikasie ook winsmaksimalisering.

#### 1.7 SAMEVATTING

Daar bestaan 'n ongelyke verdeling van rykdom in die wêreld. Hierdie ongelyke verdeling van rykdom kom nie net tussen lande voor nie, maar ook tussen streke binne lande. Die maatskaplike gevolge van armoede in die onderontwikkelde gebiede het internasionale weerklank gevind en die noodsaaklikheid van ontwikkeling beklemtoon. Ontwikkeling behels baie meer as net ekonomiese ontwikkeling. Ons het egter veral na ekonomiese ontwikkeling gekyk, en meer in die besonder na investering wat alhoewel nie die enigste nie, tog 'n belangrike voorwaarde vir ekonomiese ontwikkeling is.

Ten einde ekonomiese ontwikkeling deur middel van investering te

bevorder is daar na die determinante van investering gekyk. By implikasie sou owerhede wat investering wou stimuleer hierdie determinante by beleidsvorming in ag moet neem. Die determinante van investering is aan die hand van enkele investeringsteorieë, die teorie van die firma en die faktore wat die vestigingsbesluit beïnvloed, bespreek. Aangesien hierdie tesis met investering in 'n streekseksioniese verband gemeed is, is die determinante van investering met die konsessiepakket van die huidige desentralisasiebeleid in Suid-Afrika vergelyk. Uit hierdie vergelyking wou dit voorkom asof heelwat determinante van investering wel by die samestelling van die konsessiepakket in ag geneem is. Die vraag ontstaan egter of die gedentraliseerde nywerhede self die konsessiepakket as 'n doeltreffende teenvoeter vir die gebiedsnadeel in die gedentraliseerde streke sien. Hierdie kwessie sal in die empiriese studie behandel word.

'n Desentralisasiebeleid kan dikwels sonder groot bykomende uitgawes verbeter word. Suid-Afrika se beleid is geen uitsondering nie. Deur byvoorbeeld die differensiële verskille tussen streke in ag te neem kan die vergelykende kostevordele en die moontlikhede vir spesialisasie in die verskillende gebiede beter benut word.

Ondanks die genoemde determinante van investering bestaan daar nog 'n uiters belangrike determinant van investering wat baie nou saamhang met die risikofaktor, naamlik die land waar daar geïnvesteer word. Aangesien elke land uniek is en ons spesifiek na investering in Suid-Afrika kyk, gaan ons in die volgende

hoofstuk na die ekonomiese en streekseonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika kyk. Die historiese gebeure in Suid-Afrika het aanleiding gegee tot politieke en ekonomiese ontwikkeling wat uniek aan die land is.

Hierdie gebeure het daartoe gelei dat Suid-Afrika vandag elemente van 'n ontwikkelde en ontwikkelende land bevat. Terwyl dit redelikerwyse aanvaar kan word dat die voornemende investeerder wel sommige van die reeds genoemde determinante van investering in ag sal neem, sal dit kortsigtig wees as hy die land waar geïnvesteer word as determinant sal ignoreer. Die verskynsel dat die geskiedenis geneig is om homself te herhaal, gee verdere steun daaraan dat die voornemende investeerder hom deeglik van die politieke en ekonomiese agtergrond van die land sal vergewis.

Alhoewel die geskiedenis belangrik is om die hede te verklaar sal daar afgesien van die geskiedkundige oorsig veral na die huidige streekseonomiese beleid en die implikasies wat dit vir investering inhou, gekyk word.

## HOOFSTUK 2

### EKONOMIESE ONTWIKKELING EN DIE ONTSTAAN VAN STREEKSEKONOMIESE BELEID IN SUID-AFRIKA

#### 2.1 INLEIDING

Daar is in Hoofstuk 1 op die investeringsbegrip en determinante van investering gekonsentreer met die veronderstelling dat daardie determinante die investeringsbesluit sal bepaal. Die gedagte dat investeringsbesluitneming nie in isolasie geneem kan word nie, is deurgaans beklemtoon. Dit is dan ook om hierdie rede dat die eienskappe van die historiese en geografiese milieu waarbinne investeringsbesluitneming moet geskied, naamlik Suid-Afrika se ekonomiese en politieke agtergrond, in hierdie hoofstuk bespreek word.

Eerstens word daar na die ekonomiese ontwikkeling en klemverskuivings wat in Suid-Afrika plaasgevind het, gekyk. Daarna word die internasionale verskynsel van die ongelyke verdeling van inkome bespreek terwyl hierdie verskynsel meer spesifiek in Suid-Afrika ook onder oë geneem sal word. Beide die historiese ontwikkeling sowel as die ongelyke verdeling van inkome hou egter verskeie beleidsimplikasies in wat op nasionale vlak weerspieël word in beleidsveranderinge op beide die arbeids- en politieke front. Op streeksvlak is die behoefte aan 'n streeksontwikkelingsbeleid gelê wat hoewel nie die enigste nie nogtans 'n belangrike middel is om die ongelyke verdeling van inkome teen te werk.

## 2.2 HISTORIESE OORSIG

Voor die ontdekking van diamante in 1867 en die latere ontdekking van goud het die Suid-Afrikaanse ekonomie hoofsaaklik rondom die landbou gesentreer. Na die ontdekking van hierdie minerale het die ekonomie 'n verandering ondergaan vanaf 'n oorwegende afhanklikheid van die landbou tot een wat op 'n hoogs winsgewende mynbedryf gebaseer was (Nattrass, 1982 a : 24). Die mynbedryf is op sy beurt deur 'n betreklike klein vervaardigingsektor en 'n klein maar groeiende dienstesektor ondersteun. Die industriële rewolusie wat tydens die vorige eeu in Europa plaasgevind het, het Suid-Afrika op daardie stadium verbygegaan (De Wet, 1980 : 36). Verskeie faktore het egter daartoe bygedra dat die vervaardigingsektor al hoe meer gestimuleer is. So byvoorbeeld het twee Wêreldoorloë na 1914 die vraag na vervaardigde goedere geweldig verhoog terwyl die PACT-regering van 1924 se pogings om direkte investering te stimuleer asook 'n reeks beskermende tariewe van plaaslike produkte die momentum vir verdere nywerheidsontwikkeling daargestel het. Voortgesette pogings om die nywerheidsektor te stimuleer het nie net tot die stigting van staatskorporasies soos Yskor, Foskor, Soekor en Sasol gelei nie, maar ook daartoe bygedra dat die staatskorporasies in 1977 11 persent van die land se totale vervaardigingsproduksie bygedra het (Nattrass, 1982 a : 162 - 163).

Suid-Afrika het eers na die Tweede-Wêreldoorlog 'n sogenaamde nywerheidsrewolusie ondervind (De Wet, 1980 : 36) wat dan ook daartoe gelei het dat 'n verskuiwing van arbeid vanuit die lae-

inkomste-landbousektor na die hoër-inkomste-nywerheidsektor plaasgevind het (Hobart Houghton en Dagut, 1973 : 153). Kantor en Rees wys daarop dat 'n verskuiwing van ekonomiese aktiwiteit uit die primêre sektor na die sekondêre sektor onder andere 'n kenmerk van ekonomiese ontwikkeling is en dat hierdie verskuiwing sedert 1945 duidelik in Suid-Afrika merkbaar was (Kantor en Rees, 1982 : 5 - 8).

Suid-Afrika se uitsetvlakke het in die periode 1911 - 1979 aansienlik toegeneem. Die reële waarde van produksie het byvoorbeeld 'n groeikoers van 3,8% vir die periode as geheel getoon (Nattrass, 1982 a : 24). Daar was egter vyf periodes waarin hierdie groeikoers nie gehandhaaf kon word nie. Eerstens gedurende die periode 1920 - 1922 het binnelandse arbeidsonrus en 'n algemene resessie in die Wêreld die groeikoers laat daal. Tweedens het die "Groot depressie" gedurende die tydperk 1928 - 1932 ekonomiese stagnasie tot gevolg gehad, byvoorbeeld hoë rentekoerse wat 'n afname in investering tot gevolg gehad het. Derdens het ekonomiese stagnasie gedurende die periode 1952 - 1953 voorgekom en dit kon volgens Nattrass grootliks toegeskryf word aan oorywerige pogings van die Suid-Afrikaanse Regering om die binnelandse inflasiekoers aan bande te lê (Nattrass, 1982 a : 24 - 26).

Die vierde en vyfde tydperk van relatiewe ekonomiese stagnasie verskil van die eerste drie in dié opsig dat hulle beide as gevolg van politieke onrus ontstaan het en moontlik as die eerste aanduidings gesien kan word dat sosiale en politieke verandering

al hoe meer 'n voorwaarde vir ekonomiese groei in Suid-Afrika sou word. Die vierdie tydperk, naamlik die vroeë 1960's is gekenmerk deur onsekerheid as gevolg van sosiale onstuimighede in die Swart woongebiede wat uiteindelik tot die Sharpeville voorval gelei het. Hierdie onsekerheid het op sy beurt bygedra tot 'n afname in buitelandse investering en 'n gevolglike ekonomiese resessie gedurende die vroeë 1960's (Nattrass, 1982 a : 25).

Gedurende die vyfde tydperk, naamlik 1974 - 1979, het die algemene Wêreldresessie sowel as die politieke onsekerheid wat op die onrus in Swart woongebiede aan die Witwatersrand en ander gebiede in Suid-Afrika in 1976 gevolg het ook die ekonomie benadeel. Hierdie gebeure het politieke druk op Suid-Afrika tot gevolg gehad wat die invloed van buitelandse kapitaal nadelig beïnvloed het (Nattrass, 1982 a : 25). Dit kon ook nie anders nie, want investeerders word afgeskrik deur onsekerheid by die plek waar investering beplan word.

Samevattend kan gestel word dat die jare 1911 - 1979 gekenmerk is deur strukturele veranderinge ten opsigte van die afname in die landbou- en mynbousektore se relatiewe aandeel in die bruto nasionale produk, soos in Tabel 2.1 gesien kan word. Die aard van die vervaardigingsektor se bydrae het ook veranderinge ondergaan. So het die produksie van metaalprodukte en masjinerie byvoorbeeld vanaf 3% van totale nywerheidsproduksie in 1919 tot 23% in 1976 toegeneem, terwyl die produksie van geprosesseerde voedsel, drank en tabak vanaf 33% in 1919 tot 14% in 1965 gedaal het (Nattrass, 1982 a : 26).

TABEL 2.1

Die groei in Suid-Afrika se uitset, 1911 - 1979

	1911	1920	1930	1940	1950	1960	1970	1979
Geskatte Bruto Binnelandse Produk teen 1970 pryse (R miljoen)	1 255	1 000	1 947	3 170	4 434	6 722	11 839	15 474
Groeikoers oor dekade	02,0	6,9	5,0	3,4	4,3	5,8	3,1	
Aandeel geproduseer deur:								
Landbou	21	22	14	13	18	12	8	8
Mynbou	28	18	16	13	13	14	10	13
Vervaardiging	4	7	9	12	18	21	23	25

(Nattrass, 1982 a : 25).

Suid-Afrika het as 'n ontwikkelende land vanaf 1956 tot 1981 steeds meer van buitelandse kapitaal gebruik gemaak om 'n betreklik hoë ekonomiese groeikoers te kon handhaaf. Die netto internasionale verpligtinge het gevolglik byna ononderbroke toegeneem teen 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van 10%. Netto internasionale verpligtinge het gemiddeld bykans 42% van die bruto nasionale produk bedra. Die behoefte aan buitelandse kapitaal is hoofsaaklik bepaal deur 'n hoë ekonomiese groeikoers en hoë invoere en die daarmee gepaardgaande kroniese tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans (SARB Kwartaalblad, Jun. 1983 : 67 - 68).

Terwyl die groeikoers in Suid-Afrika baie nou met buitelandse kapitaal as inset gekoppel was, het die bruto binnelandse produk (teen konstante 1975 pryse) steeds jaarliks 'n positiewe groeikoers getoon met 1982 en 1983 as uitsonderings (SARB, Bylaag tot Kwartaalblad, Sept. 1981 : A - 2). Die rol van die goudprys kan afgesien van buitelandse kapitaal ook nie as faktor ten opsigte van veranderinge in die groeikoers buite rekening gelaat word nie.

TABEL 2.2

Suid-Afrika se Bruto Binnelandse Produk teen faktorkoste en konstante 1975-pryse, 1979 - 1983

Jaar	R miljoen	Persentasie verandering
1979	28 116	+ 3,87%
1980	30 179	+ 7,33%
1981	31 586	+ 4,55%
1982	31 223	- 1,14%
1983	30 261	- 3,08%

(SARB, Kwartaalblad, Des. 1984 : S - 78).

Terwyl die hoogtepunt in 1980 bereik is, het 1983 die grootste negatiewe groeikoers, naamlik - 3,08% getoon. Die redes vir die negatiewe groeikoerse in beide 1982 en 1983, kan gesoek word in steeds afnemende inkome uit die mynbou -, die landbou - en die vervaardigingsektore (SARB, Kwartaalblad, Des. 1984 : S - 78). Die afname in die mynbousektor se inkome vanaf 1982 tot 1983 kan hoofsaaklik aan die afname in mangaan en ysterertsproduksie

toegeskryf word (SARB, Kwartaalblad, Des 1984 : S - 99). Die landbousektor se afname in inkome kan aan laer produksie as gevolg van droogtetoestande toegeskryf word.

Die vervaardigingsektor se afname van R531 000 000 in inkomste vanaf 1982 tot 1983 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n afname in produksie van basiese metaalprodukte (R175 000 000), tekstiel (R166 000 000), voedsel (R108 000 000), en chemikalieë en chemiese produkte (R70 000 000). Die afname in produksie kan op sy beurt toegeskryf word aan 'n kleiner vraag na die onderskeie produkte (SARB, Kwartaalblad, Des. 1984 : S - 78, S - 100).

'n Verskynsel wat veral gedurende die 1970's ontstaan het, is die probleem van stagflasie, oftewel inflasie wat met werkloosheid gekombineer is (Van den Bogaerde en Fourie, 1983 : 17). Volgens Goedhuys (1978) is die belangrikste oorsake van inflasie regeringstekorte, loonverhogings wat hoër as produktiwiteitsverhogings is en veral in die geval van Suid-Afrika, stygende invoerpryse. Goedhuys sien stagflasie as 'n periode van stagnasie wanneer die na-effekte van inflasionêre druk nog steeds in die vorm van sekere stygende kostes na vore kom.

Daar word voorsien dat die ekonomiese groeikoers in 1987 en 1988 3% sal wees. Hierdie verwagte groeikoers is nie veel hoër as die ekonomie se gemiddelde langtermyn jaarlikse groeikoers van 2% sedert 1975 nie. Die verwagte groeikoers is onvoldoende wanneer dit teen die heersende bevolkingsgroei gemeet word. Sonder 'n bestendige toename in uitvoere, 'n herlewing van buitelandse

investering in Suid-Afrika of 'n stygende goudprys, is dit onwaarskynlik dat die ekonomiese groeikoers veld teen bevolkingsgroei sal wen (Standard Bank Review, Jun 1987 : 1).

### 2.3 Die Ongelyke verdeling van Inkome in Suid-Afrika

Gedurende die vroeë stadia van ekonomiese groei ondervind die meeste lande dat totale inkome meer oneweredig as in die geval van ontwikkelde lande versprei word. So byvoorbeeld wys Chenery daarop dat meer as 'n dekade se vinnige groei in ontwikkelende lande slegs 'n geringe voordeel op die lewens van een derde van die bevolking gehad het (Roemer en Stern 1981 : 226). Daar is voorts aanduidings dat bevolkingstoename groter by die armes as by die totale bevolking is, met die gevolg dat die per kapita inkome van die armes nog verder afneem (Chenery, Ahluwalia, Bell, Duloy en Jolly, 1974 : 216 - 218). 'n Verhoging in die per kapita inkomste in 'n land vereis 'n groeikoers in Nasionale Inkome wat hoër is as die bevolkingstoename (Kuznets, 1954 : 221). Die grootste gaping in die verdeling van inkome kom egter in die onderontwikkelde lande voor waar bevolkingstoename boonop hoog is en die moontlikheid om ongelykhede teen te werk nog verder bemoeilik.

Die ongelyke verdeling van rykdom kan aan verskeie oorsake toegeskryf word. So byvoorbeeld word lae per kapita inkome in die ontwikkelende lande toegeskryf aan die beperkte vermoë om te bespaar (Myint, 1965 : 125), lae produktiwiteit (Nurkse, 1953 :

4) en lae uitvoere (Clausen, 1986 : 145) onder andere as redes vir die ekonomiese agterstand van die ontwikkelende lande aangevoer. Verdere oorsake sentreer rondom groot bevolkingsaanwas (Clausen, 1986 : 308), beperkende faktore rakende kapitaalvorming aldus die teorie van die bouse kringloop van armoede (Nurkse, 1953 : 4) en die gebrek aan 'n entrepreneurs - en bestuursklas in die ontwikkelende lande (Myint, 1965 : 115). Volgens Myint (1965) is die kapitaaltekort - teorie vandag oudmodies. Die klem het deesdae verskuif na kwessies soos die kwaliteit van investering (Clausen, 1986 : 421) en die daarmee gepaardgaande investering in "menslike" kapitaal (Myint, 1965 : 100) omdat daar vandag erken word dat die kwaliteit van die menslike inset die suksesgraad van investeringsprojekte sal bepaal.

Daar bestaan verskeie teorieë wat oplossings vir die verdelingsprobleem voorstel. Hierdie teorieë behels onder andere 'n wye spektrum van moontlike oplossings wat strek vanaf die omvattende gebalanseerde groei-teorie waar daar deur 'n grootskaalse ontwikkelingsprogram gepoog word om 'n wye reeks ekonomiese aktiwiteite gelyktydig te aktiveer (Myint, 1965 : 103) tot die konsentrasie van ekonomiese ontwikkeling op 'n spesifieke deel van die ekonomie aldus die ongebalanseerde groei-benadering (Myint, 1965 : 123). Beide benaderings het meriete. Dit is byvoorbeeld belangrik om 'n balans tussen investering in openbare dienste in die vervaardigingssektor te handhaaf, eerder as 'n arbitrêre konsentrasie van investering in fabriekswese terwyl die openbare dienste totaal afgeskeep word. Terselfdertyd sal die verspreiding van beperkte ontwikkelingskapitaal oor 'n wye spektrum van ekono-

miese aktiwiteite onrealisties wees indien groter ekonomiese voordele uit investering in 'n spesifieke land of streek, verkry kon word.

Die omvattende kwessie van die verdelingsprobleem en die mees effektiewe oplossing van hierdie probleem word tans op internasionale en nasionale vlak aangespreek. Alhoewel die oplossing van die verdelingskwessie na 'n onbegonne probleem lyk, is sukses alreeds in 'n land soos Korea en tot 'n mindere mate in Indië en Mexico behaal (Clausen, 1986 : 421). Volgens Clausen (1986) is dit nie net ekonomiese groei wat nagestreef moet word nie, maar die versekering dat groei die lewenskwaliteit van alle mense sal verhoog en sal voortgaan om elke individu die geleentheid van 'n lang en produktiewe lewe te bied. Ekonomiese ontwikkeling moet daarom as 'n multi-dissiplinêre proses gesien word wat investering en ontwikkeling en alle vorme van menslike aktiwiteite sal omvat.

As ontwikkelende land is Suid-Afrika geen uitsondering wat die verdeling van sy rykdom betref nie. Die verdeling van rykdom in Suid-Afrika het as gevolg van historiese faktore en wetgewende maatreëls (soos vervat in die Apartheidsbeleid) 'n sterk rassistiese basis. 'n Beduidende verskil kom tussen die inkome van die Wit en Swart bevolkingsgroepe voor. Voorts is daar volgens Mc Grath 'n baie duidelike verskil tussen die inkome van Swartes in die metropolitaanse en die plattelande gebiede (Mc Grath, 1984 : 7). Laasgenoemde verskil dui dus ook op

streekswanbalans as faktor by die ongelyke verdeling van inkome.

Ondanks die verskynsel dat Suid-Afrika oor elemente van sowel 'n ontwikkelde en ontwikkelende land beskik, hou dit egter sekere voordele in. So byvoorbeeld word Suid-Afrika minder beperk deur probleme soos die beskikbaarheid van entrepreneurs, bestuurslui, ambagslui en interne kapitaalbronne as baie ander ontwikkelende lande. Probleme soos beperkte kapitaal uit internasionale bronne, groot bevolkingstoename onder die laer inkomstegroepe, lae produktiwiteit en politieke onsekerheid kniehalter egter optimale ontwikkeling.

Ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika het tot die verstedeliking van 'n groot deel van die bevolking aanleiding gegee, hoofsaaklik omdat kapitaalvorming oorwegend in die stedelike gebiede plaasgevind het en die plattelandse gebiede nie genoeg werkgeleenthede en vergelykbare besoldiging gebied het nie. Die Swart tuislande is onder andere 'n uitstaande voorbeeld van sulke plattelandse gebiede.


Alhoewel wetgewing wat in 1986 ingestel is baie van die beperkende maatreëls ten opsigte van die bewegingsvryheid van Swart werkers opgehef het, het die trekarbeidstelsel wat tot op daardie stadium bestaan het, tog 'n belangrike rol gespeel. Ons kyk gevolglik na die trekarbeidstelsel in Suid-Afrika.

## 2.4 Die Trekarbeidstelsel

Die trekarbeidstelsel het in Suid Afrika sy ontstaan gehad in die toestroming van Swartes vanuit hulle tradisionele konsentrasiepunte na die ontwikkelende mynbou - en industriële sentra. Wetgewing wat ten doel gehad het om beheer oor hierdie toestroming uit te oefen, het meegehelp om permanensie aan hierdie stelsel te gee en migrasie hoofsaaklik tot individuele Swart mans beperk.

By implikasie het dit beteken dat 'n Swart werker afkomstig van 'n plek buite die ontwikkelingspunt wetlik as 'n trekarbeider beskou is en nie as 'n permanente inwoner nie.

### DIE TREKARBEIDERS SE ARBEIDSAANBOD



Francis Wilson (1972) het 'n eenvoudige druk - trek model ontwikkel om die makro-ekonomiese kragte in Suid-Afrika se trekarbeidstelsel te verduidelik. Die model veronderstel die bestaan van twee aparte ekonomieë. Die een is die tradisionele plattelandse ekonomie met 'n surplus werklose of onderbenutte

ongeskoolde arbeid. Die ander is die moderne stedelike ekonomie wat die grootste gedeelte van sy arbeid vanaf die eerste gebied ontvang.

Vier verskillende magte word in die model omskryf. Mag (1) is die stedelike vraag na arbeid wat werkers vanaf die plattelandse gebiede lok - dit gebeur as gevolg van enige natuurlike ekonomiese uitbreiding of groei in die moderne ekonomie. Hierdie trek van die stedelike sektor word deur nie-ekonomiese oorwegings versterk waarna Wilson verwys as die "bright lights factor", oftewel die avontuur en opwinding van die stadslewe (Griffiths en Jones, 1980 : 47 - 48).

Mag (2) verwys na die druk van die plattelandse gebied, hoofsaaklik as gevolg van oorbevolking, armoede en werkloosheid. Mag (2) kan versterk word deur die verskynsel van die "Teikeninkomste" oftewel die moontlikheid dat die bestaanplaasboer periodiek geld nodig het om 'n kommoditeit of meer grond aan te koop of om te trou. Werk in die moderne sektor verskaf potensieel die vinnigste manier om so 'n bedrag te bekom. In Suid-Afrika is daar twee plattelandse bronne van arbeid naamlik die Swart tuislande en onafhanklike state sowel as die wit plaasdistrikte (Griffiths en Jones, 1980 : 47 - 48).

Mag (3) is die houvas wat die plattelandse gebiede op migrante in die stedelike sektore het. Hierdie trek is meestal van 'n sosiale aard, byvoorbeeld verlange na die plek van herkoms en sy mense. Mag (4) ontstaan by die werkgewer en behels die gedeelte

van trekarbeid wat winsgewend uitgebuit kan word. 'n Werkgewer  
hoef ten opsigte van die trekarbeider nie veel te verskaf in  
terme van 'n sosiale infrastruktuur nie (bv. familiebehuising,  
sanitasie, skole, elektrisiteit, wateraanleg, hospitale ens),  
omdat die trekarbeiders meestal enkellopende mans of getroude  
mans is wat hulle gesinne en familie in die tuislande agterlaat.  
Verder verminder die hoë arbeidsomset van trekarbeiders die  
moontlikheid van die vorming van effektiewe kollektiewe reaksie  
teen die werkgewer of sy outoriteit. Daar is ook beperkte  
geleenthede vir opleiding van trekarbeiders omdat hulle so 'n  
relatiewe kort tydperk in diens is (Griffiths en Jones, 1980 : 47  
- 48).

Wilson (1972) wys daarop dat hierdie magte nie staties van aard  
is nie, maar sal verander relatief tot die faktore wat hulle  
aktiveer. So sal ontwikkeling van die moderne ekonomie (Mag 1)  
byvoorbeeld 'n groter vraag na opgeleide werkers tot gevolg hê.  
Dit sal werkgewers motiveer om opgeleide werkers te probeer behou  
weens die hoë koste van opleiding. Die logiese stap sal wees om  
semi-opgeleide werkers soos trekarbeiders op te lei en hulle  
daarna te probeer oorreed om langer te bly. Dit kan die hele  
trekarbeidstelsel in Suid-Afrika verander, want waar die huidige  
stelsel nog hoofsaaklik op 'n tweerigting-verkeer basis geskoei  
is, kan 'n eenrigting verkeer van arbeiders vanaf die platteland  
na die stede nog 'n werklikheid word, sou die wetlike beperkings  
op trekarbeid verslap word. Hierdie verskynsel kom in die meeste  
lande voor waar soortgelyke vlakke van ekonomiese ontwikkeling  
bereik is. Dit sal egter interessant wees om die invloed van die

desentralisasiebeleid op die arbeidstroom na die stede in die volgende aantal jare waar te neem (Griffiths en Jones, 1980 : 55).

Dit is moeilik om die presiese aantal trekarbeiders in Suid-Afrika te bepaal aangesien die stelsel baie wisselend van aard is. Hierdie probleem word verder beklemtoon deur die verskillende syfers wat die Riekertverslag en die eerste verslag van die Wiehahn-kommissie verstrek. Volgens skatting is daar tans ten minste een miljoen trekarbeiders in Suid-Afrika (Griffiths en Jones, 1980 : 48).

Die arbeidsmigrasie het die Tuislande in dié sin ekonomies benadeel deurdat 'n aaneenlopende verlies aan produktiewe mannekrag ondervind is. Sedert 1960 was die Industriële desentralisasiebeleid in Suid-Afrika daarop gemik om die wanbalans in per kapita inkome tussen die vier hoof industriële gebiede en die minder ontwikkelde gebiede te verminder. Die beleid het gevolglik op 'n meer effektiewe benutting van die land se hulpbronne soos byvoorbeeld arbeid, water en grond in elke streek gekonsentreer (Lombard red., geen datum : 127). Die vermindering van die wanbalans tussen streke sou gesien kon word as 'n poging om Mag 2, naamlik die druk in die platteland te verminder en terselfdertyd die relatiewe aantrekkingskrag na die stede te demp.

Die trekarbeidstelsel in Suid-Afrika het egter nie net vanweë ekonomiese faktore ontstaan nie, maar ook as gevolg van politieke faktore. So byvoorbeeld het omvattende wetgewing wat daarop

gemik was om die Apartheidsbeleid in stand te hou nie net die ongelyke verdeling van inkome op 'n rassegrondslag tot gevolg gehad nie, maar ook die trekarbeidstelsel gevestig. Die wetgewing het onder andere werkreservering, beperkings op die bewegingsvryheid van die Swart bevolking en 'n verbod op eiendomsreg deur Swartes in Blanke gebiede ingesluit. Hierdie beperkings het ekonomiese ontwikkeling benadeel deurdat die mees geskikte werkers dikwels nie toegelaat is om vir die onderskeie vakatures mee te ding nie. Voorts het lae lone produktiwiteit benadeel terwyl die administrasiekoste van die stelsel die ekonomie nadelig beïnvloed het omdat fondse meer produktief aangewend kon gewees het. Die werkreserveringsmaatreëls het nie net ontevredenheid onder die werkers tot gevolg gehad nie, maar ook daartoe bygedra dat oorsese tegnisi ingevoer is eerder as wat plaaslike werkers opgelei is. Die beleid in Suid-Afrika het egter nie konstant gebly nie en mettertyd is aansienlike veranderinge op veral die politieke- en arbeidsfront aangebring.

## 2.5 Beleidsveranderinge

In die oorblywende seksies kyk ons na die beleidsveranderinge wat die afgelope aantal jare aan die Apartheidsbeleid aangebring is. Daar kan redelikerwys aanvaar word dat internasionale druk, ekonomiese oorwegings en praktiese implementering wel 'n rol gespeel het in die veranderinge wat aan die Apartheidsbeleid gedurende die afgelope tien jaar, aangebring is. So byvoorbeeld is die Riekert-kommissie van 1979 se voorstelle ten opsigte van die verslapping van bewegingsbeperkings op Swart werkers wat onder

artikel 10 (1) (a) en (b) val, aanvaar (Griffiths en Jones, 1980 : 46 - 47). 'n Verdere deurbraak word gemaak met die toekenning van vakbondregte aan permanente Swart werkers sowel as trekwerkers. Slegs Swartes uit gebiede wat nooit deel van die RSA was nie, word uitgesluit (Wiehahn Report, 1982 : 636).

Verdere veranderinge volg soos die opheffing van beperkinge op die beoefening van sekere entrepreneursaktiwiteite van Swartes in Swart woongebiede, die toestaan van Swart huiseienaarskap in Swart woongebiede en die instelling van opleidingsmoontlikhede vir Swart ambagslui. Voorts het die geleidelike uitfasering van werkreservering 'n aanvang geneem terwyl die behoefte aan die opleiding van Swart werkers in die Riekert-kommissie van 1979 erken is (Griffiths en Jones, 1980 : 107 - 108, 181). Die Riekert-kommissie het ook aanbeveel dat instromingsbeheer slegs voorwaardelik ten opsigte van die beskikbaarheid van werk en verblyf moet wees.

Die Suid-Afrikaanse regering het sedertdien die permanensie van die stedelike Swarte in Wit Suid-Afrika erken en daar word tans ook na die politieke aspirasies van hierdie bevolkingsgroep gekyk

- 
- 1) Hierdie stap het groot teenstand van veral die konserwatiewe Wit vakbonde ondervind.
  - 2) (Griffiths en Jones, 1980 : 152). Bogenoemde aanbevelings is sedertdien deur die Regering aanvaar.

(Anon, 21 Aug. 1984 : 16). Die toepassing van instromingsbeheer en die ontstaan van plakkersdorpe, soos Crossroads, skep egter voortdurend probleme wat ver anderkant Suid-Afrika se grense gehoor word. Voorstanders van die disinvesteringsveldtog buit sulke voorvalle uit om groter impetus aan hulle argumente te gee (Anon, 22 Feb. 1985 : 47). Dat Suid-Afrika se Apartheidsbeleid verreikende implikasies vir investering het, word telkens in die plaaslike en oorsese pers beklemtoon. Aldus die Witskrif oor Verstedeliking van 1986 beoog die regering egter om 'n ordelike en omvattende verstedelikingstrategie na te streef wat baie van die probleme wat in die verlede ondervind is behoort te oorkom. Volgens genoemde strategie sal gebalanseerde ontwikkeling en die verwydering van diskriminasie onder andere nagestreef word (R.S.A. Witskrif oor Verstedeliking, 1986 : 11, 12).

Dit was egter nie net die wetlike aspekte van die Apartheidsbeleid wat die afgelope aantal jare verander het nie, maar daar het ook 'n vernouing in die gaping tussen die inkomste van die verskillende bevolkingsgroepe plaasgevind.

Die Blankes se aandeel van nasionale inkome het vanaf 1917/18 tot 1970 tussen 69,3 en 76,5% gewissel terwyl die Swartes se aandeel tussen die grense 17,7 en 23% gewissel het. Volgens Natrass (1982 a) het 'n aansienlike herverdeling van inkomste vanaf Wit na Swart gedurende die 1970's plaasgevind. Die Blankes se aandeel het tot 68% gedaal terwyl die Swartes se aandeel tot 32% gestyg het in die tydperk vanaf 1970 tot 1975. Genoemde herverdeling van inkome dui op 'n belangrike klemverskuiwing in Suid-Afrika (Griffiths en Jones, 1980 : 104).

Suid-Afrika ervaar afgesien van die genoemde gaping tussen die inkomste van die verskillende bevolkingsgroepe ook 'n geografiese wanbalans in die verdeling van rykdom. Daar is dus wel 'n saak uit te maak vir 'n streeksontwikkelingsbeleid om hierdie wanbalans teen te werk en 'n meer eweredige verspreiding van rykdom na te streef. Die ontwikkeling van 'n streeksontwikkelingsbeleid word gevolglik bespreek.

## 2.6 Streeksekonomiese Beleid in Suid-Afrika

### 2.6.1 Inleiding

Die behoefte aan streeksontwikkeling ontstaan eers wanneer streekskonsentrasie plaasvind. In Suid-Afrika het streekskonsentrasie vandag nog nie eens die afmetings aangeneem wat in baie Westerse lande as 'n probleem beskou word nie. Dat daar egter 'n geografiese wanbalans van ekonomiese aktiwiteit bestaan, kan nie ontken word nie. Die invloed wat die onderontwikkeling van die Swartgebiede as faktor op die daarstelling van 'n streeksontwikkelingsbeleid gehad het, is reeds genoem.

Een van die vroegste pogings om grensnywerheidsontwikkeling te stimuleer geskied in 1945 met die vestiging van die Masonite-fabriek op Estcourt, Natal (wat naby Kwa-Zulu is) deur die Nywerheidsontwikkelingskorporasie. Hierdie ontwikkeling is van stapel gestuur omdat die Nywerheidsontwikkelingskorporasie na 1942 bevind het dat die landbousektor nie meer die groeiende arbeidsmark kon absorbeer nie. Daar is gevolglik besluit om waar moontlik

nuwe nywerhede in die plattelandse gebiede te vestig (IDC , 1971 : 117). Die Tomlinsonkommissie van 1955 het gedetailleerde aanbevelings gemaak ten opsigte van 'n streeksontwikkelingsbeleid met die ontwikkeling van die Swartgebiede as primêre doelstelling.

Volgens Bell (1973) het streekskonsentrasie eers teen 1960 'n probleem in Suid-Afrika begin word. Op hierdie stadium het die vier metropole 81,3% van die bruto vervaardigingsuitset geproduseer (Bell, 1973 : 2). Die regering het die streeksontwikkelingsera dan ook op groot skaal in 1960 betree met die stigting van die Permanente Komitee vir die Vestiging van Nywerhede en Ontwikkeling van die Grensgebiede, en die daarstelling van 'n konsessiepakket (Nattrass, 1982 a : 183). Franzsen (1968) wys daarop dat die owerheid met die amptelike aankondiging van die ontwikkeling van die Grensgebiede in 1960 van mening was dat nywerheidsontwikkeling die groeiende bevolking van werk moes voorsien. Hierdie verwagtings was egter oor-optimisties aangesien daar in die tydperk 1960 - 1968 slegs 'n addisionele 54 000 werkgeleenthede vir Swartes in Grensgebiede geskep is, oftewel 6 000 - 7 000 per jaar wat ver tekort geskiet het aan die 39 000 per jaar wat nodig was (Smit, 1969 : 2).

Die Permanente Komitee vir die Vestiging van Nywerhede het die doelstelling gehad om 'n meer eweredige geografiese verspreiding van ekonomiese aktiwiteit te inisieer. Die middel was 'n

3)  
konsessiepakket wat op die bevordering van Grensnywerhede en die Swartgebiede gemik was. Alhoewel die doelstelling van die streksontwikkelingsbeleid 'n meer eweredige verspreiding van rykdom was, het die R6 miljoen wat daarvoor bestem was sleg afgesteek by die R208 miljoen wat deur die destydse Tomlinsonkommissie aanbeveel is (Pienaar en Sampson, 1960 : 147).

Dit was die basiese taak van die Permanente Komitee om met die samewerking van die privaatsektor te verseker dat alle verskuifbare arbeidsintensiewe nywerhede, insluitende bestaandes en nuwes, gehelp sou word om hulle op 'n mededingende basis in die Grensgebiede te vestig. Die konsessies het belastingskonsessies, die beskikbaarstelling van verhuurbare en ten volle bediende fabriekspersonele, finansiële hulp in die vorm van aandelekapitaal, rentevrye of lae rentekoerslenings vir grond en geboue ingesluit. Voorts is basiese dienste soos water en elektrisiteit voorsien terwyl 'n rabot op vervoerkoste, tendervoorkeure, loondifferensiasie ten opsigte van gedentraliseerde gebiede en die verskaffing van tegniese en beroepsopleiding sowel as 'n behuisingssubsidie vir Blanke sleutelpersoneel ook by die konsessie-

---

3) Grensgebiede is streke wat naby Swartgebiede geleë is waar nywerheidsontwikkeling deur Blanke inisiatief en beheer plaasvind maar wat so geleë is dat Swartwerkers hulle wonings en gesinslewe in Swartgebiede kan behou en geredelik na hulle werkplekke kan reis. (Lombard, red., (geen datum) : 202).

pakket ingesluit is (Lombard, red., (Geen datum) : 202). Tot 1969 is investering deur Blanke ondernemings egter in die Tuislande belet (Nattrass, 1982 a : 183).

Die Voorsitter van die Permanente Komitee vir die Vestiging van Nywerhede het aan die einde van die eerste dekade van die desentralisasieprogram daarop gewys dat direkte finansiële bystand aan die nyweraar wat daarop gemik is om die vestigingsna-deel uit te skakel, slegs doeltreffend sou wees indien goedbeplande nywerheidsgrond met geskikte dienste teen redelike pryse in die betrokke gebiede bekom kon word (Smit, 1969 : 22). Die beginsel is dat die voordele van die konsessiepakket nie deur onnodige duur nywerheidsgrond uitgekanselleer moes word nie.

Die konsessiepakket is in 1964, 1968, 1972 en 1975 verander en verbeter ten einde investering nog meer aantreklik vir voornemende investeerders te maak. Gemeet aan die hand van die aantal werkgeleenthede wat wel geskep is en die feit dat nie een desentralisasiepunt nog volkome selfonderhoudend kon word nie,<sup>4)</sup> was die beleid onsuksesvol. Die konsessiepakket is in 1982 weer

---

4) 'n Desentralisasiebeleid moet egter ook gemeet word teen die toedrag van sake indien dit nooit ingestel sou gewees het nie en in hierdie opsig was daar wel die mate van sukses dat die stroom Swartarbeiders na die stede in die tydperk 1960 - 1980 met plus minus 150 000 bekamp is. (Raad vir die Desentralisasie van Nywerhede -- Jaarverslae 1962 - 1985).

eens verbeter en hierdie voortdurende verandering kan vertolk word as 'n besliste onderneming aan regeringskant om die streeksontwikkelingsbeleid te laat slaag. Die vraag bly egter of voornemende investeerders die pakket as voldoende beskou om die vestigingsnadeel teen te werk.

### 2.6.2 Die Nuwe Beleid

Dit was eers met die nuwe aansporings sedert 1 April 1982 dat die Regering besef het dat daar te veel groeipunte vir die beperkte kapitaalbronne bestaan het. Daar is gevolglik begin om op enkele groeipunte te konsentreer (RSA White Paper, 1982 : 5). Die algemene riglyn sou egter wees dat 'n deel van veral die nuwe nywerheidsontwikkeling in die land na die gedesentraliseerde gebiede weggelei moes word sonder dat die ontwikkelingsbehoefte van die bestaande nywerheidsentra oor die hoof gesien word (Du Pisanie, 1980 : 77).

Die regerings van die Republieke van Suid-Afrika, Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei (ook bekend as die SATBVC - state) het besluit dat ten einde 'n meer eweredige verspreiding van ekonomiese aktiwiteit te bewerkstellig, 'n samehangende streeksontwikkelingstrategie nodig was (RSA Handleiding, 1982 : v - vi). Hulle het erkenning aan die beginsels gegee dat ten einde investering deur die privaatsektor aan te moedig hulle politieke stabiliteit moes verseker, die raamwerk vir 'n vryemarkstelsel daar moes stel en die versekering moes gee dat private ondernemings nie genasionaliseer sou word of dat hulle vermoë om wins te

maak nie arbitrêr beëindig sou word nie (RSA Handleiding, 1982 : v - vi).

Die genoemde regerings het die behoefte aan die skepping van werkseleenthede, die behoefte aan 'n hoër lewensstandaard en die ekonomiese groeipotensiaal van die ontwikkelingstreke as maatstawwe gebruik om 'n spesifieke rangorde vir die onderskeie ontwikkelingstreke te bepaal. Streek D wat ook die navorsingsgebied in hierdie studie is, is op grond van bogenoemde maatstawwe as prioriteitsgebied nommer 1 geïdentifiseer en het gevolglik die aantreklikste konsessiepakket ontvang. Die gedagte dat behoeftekriteria die basis vir die prioriteitsbepaling van ontwikkelingstreke moet vorm, is ook deur Natrass ondersteun (Natrass, 1982 b : 21).

Alvorens streeksontwikkeling op 'n prioriteitsbasis in werking gestel kan word, moet daar ook na die vergelykende ekonomiese voordele in die onderskeie streke gekyk word. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat die grootste behoefte op grond van werkloosheid, lae lewensstandaard en armoede in 'n gebied bestaan, maar dat faktore soos beperkte kapitaalbronne vir algehele streekse ekonomiese ontwikkeling, 'n swak opgeleide werksmag en onrealistiese afstand van die metropolitaanse gebiede die lewensvatbaarheid van die ontwikkelingsgeleentheid in die betrokke gebied tot 'n minimum beperk.

Terwyl dit met inagneming van die prioriteitsgebiede die doelstelling van streekse ekonomiese beleid is om 'n meer eweredige

geografiese verspreiding van rykdom in 'n land te bewerkstellig, volg dit dat 'n trekpleister daargestel moet word om nyweraars na die onderskeie groeipunte te trek. In Suid-Afrika het hierdie trekpleister gestalte in die vorm van 'n konsessiepakket verkry. Die voorwaarde vir sukses is dat die konsessies die gebiedsnadeel tot so 'n mate sal teenwerk dat die nyweraar in dieselfde finansiële posisie sal wees as wat hy sou gewees het indien hy in 'n metropolitaanse gebied gevestig het.

Twee stelling aansporings kan onderskei word, naamlik dié wat daarop gemik is om nyweraars vir sekere langtermynkostenadele in die betrokke gebiede te vergoed en dié wat daarop gemik is om sekere korttermyn finansieringsprobleme te verlig, veral gedurende die aanvangsjare na die vestiging van nywerhede by streeksontwikkelingspunte (RSA Handleiding, 1982 : 18).

#### 2.6.2.1 Langtermynaansporings

Die langtermynaansporings behels rabatte op spoorvervoer, padvervoer en hawedienste. Die vervoerrabatte is egter hoofsaaklik op uitgaande goedere van toepassing en slegs onder buitengewone omstandighede op inkomende goedere. 'n Bykomende langtermynaans-

---

5) Alhoewel hierdie rabat vestigingsnadele ten opsigte van klaarprodukte teenwerk, los dit nie die probleem van inkomende grondstowwe op nie.

sparing is die elektrisiteitsubsidie wat die koste van elektrisiteit gelyk stel aan die Evkom-tarief in Oos-Transvaal. Met hierdie subsidie het die regering daarin geslaag om elektrisiteitskoste as faktor by die vestigingsbesluit uit te skakel. Die subsidie op behuising van kernpersoneel is daarop gemik om gedentraliseerde nywerhede se bedingingsmag by die werwing van personeel te verhoog en terselfdertyd groter permanensie aan die personeel te bied. Met die opleidingskorting word erkenning aan die verskynsel gegee dat die gemiddelde werker op die platteland meer opleiding nodig het as in die metropolitaanse gebiede. Die oogmerk is om die kundigheid van plattelandse werkers tot so 'n vlak te verhoog dat die gehalte van hulle arbeid nie so 'n groot vestigingsnadeel vir nywerhede inhou nie.<sup>6)</sup>

'n Langtermynaansporing wat indirekte voordele vir nyweraars inhou, is die aansporings wat aan ondersteunende bedrywe soos diensbedrywe gebied word omdat dit die langtermynontwikkeling in sulke gebiede bevorder.

#### 2.6.2.2 Aansporings om vir korttermynfinansieringsprobleme te vergoed

Die korttermynaansporings is daarop gemik om nyweraars oor die

---

6) Die Hendry-kommissie van 1940 het bevind dat nyweraars arbeid as 'n minder belangrike vestigingsfaktor beskou. (Bruwer, 1945 : 60).

hindernisse van kontantvloeiprobleme wat met vestiging in die aanvangsperiode gepaard gaan te help. Hierdie aansporings behels die nie-belasbare kontanttoekenning vir sewe boekjare ten opsigte van arbeid, 'n rentesubsidie op grond en geboue van 100%, 'n 50% rentesubsidie op ander bates, 'n huursubsidie op grond en geboue sowel as voorsiening vir verskuiwingskoste.

Die korttermynaansporings hou 'n aansienlike kontantvloei voordeel vir gedentraliseerde nywerhede in. Die potensiële voordele daarvan behels onder andere dat dit as bykomende trekpleister vir nuwe nywerhede sal dien, nuwe nywerhede meer bestand teen kontantvloeiprobleme sal maak en dus die kans op oorlewing sal versterk. By implikasie sal dit 'n groep suksesvolle nywerhede in gedentraliseerde gebiede skep wat die algehele streeksontwikkelingspoging deur byvoorbeeld ekonomiese skaal-<sup>7)</sup> voordele nog verder sal bevorder.

Op die oog af wil dit voorkom of die owerheid met die 1982 - konsessiepakket daarin geslaag het om die meeste vestigingsnadele in gedentraliseerde gebiede teen te werk. Die vraag wat egter in die empiriese studie beantwoord moet word, is hoe die nyweraars wat hierdie konsessies ontvang het, daarvoor voel.

---

7) Die aantyging word dikwels gehoor dat nyweraars op die rug van die konsessies ry. Dit is daarom noodsaaklik dat 'n deeglike lewensvatbaarheidstudie gemaak word om te bepaal of 'n nywerheid sonder die konsessies sal kan oorleef alvorens hulle toegestaan word.

Vanaf 1 Maart 1985 het die Republiek van Ciskei nywerhede voor die keuse gestel om vrystelling van maatskappybelasting eerder as konsessies te kies. (Davie, 1985, : 4 - 5). Die detail en implikasies van hierdie stap sal meer volledig in Hoofstuk 4 bespreek word wat handel oor die bevindings van die vraelys wat onder andere nyweraars se mening oor die keuse peil.

## 2.7 Vooruitsigte ten opsigte van investering deur die privaatsektor

Die SATBVC-regerings het op 23 Julie 1980 ooreengekom om hulle pogings met betrekking tot die verskaffing van infrastruktuur op 'n ooreengekome voorkeurgrondslag en op 'n beperkte aantal nywerheidsontwikkelingspunte te sentreer. Ten opsigte van die finansiering van die nywerheidsaansporing is ooreengekom dat die RSA-regering 50 persent van die totale koste van die aansporingskema in 'n bepaalde staat sal bydra en dat die betrokke regering 'n gelyke bedrag sal bydra (RSA Handleiding, 1982 : 36 - 37).

Die koste van beide die daarstelling van infrastruktuur en die nywerheidsaansporings is egter enorm. Onnodig om te sê dat buitelandse investering grootliks tot die sukses van die streeksontwikkelingsbeleid kan bydra. Die intensiteit van die huidige disinvesteringsveldtog teen Suid-Afrika, die feit dat die TBVC-state nie internasionale erkenning het nie en die heersende algemene ongunstige ekonomiese toestand in Suidelike Afrika verbrokkel egter die droom van buitelandse investering binne die afsienbare toekoms.

Daar is egter 'n aantal ligpuntjies. Eerstens het die RSA-regering reeds beseef dat daar te veel groeipunte in die verlede was. Tweedens sal streeksontwikkelingsowerhede gedwing word om met die beperkte kapitaal tot hulle beskikking slegs op daardie aansoeke met die hoogste winsverwagtings te konsentreer. Derdens sal die ondernemings wat reeds konsessies ontvang het mettertyd gedwing word om hoër produktiwiteit na te streef en minder op die konsessies te steun. Vierdens sal die onderskeie regerings gedwing word om hulle nog meer tot die privaatsektor te wend om die streeksontwikkelingsbeleid te laat slaag. Vyfdens sal die onderskeie regerings meer innoverende idees soos byvoorbeeld belastingvrystelling in Ciskei moet begin oorweeg (RSA White Paper, 1982 : 5 - 6).

Hoewel private investering een van die belangrikste metodes is om die lewenskwaliteit in 'n minderontwikkelde land te verhoog, is dit in die praktyk moeilik om direkte private investering in so 'n land aan te moedig. Daar bestaan verskeie vereistes wat buitelandse investeerders stel alvorens hulle investeer, terwyl die regerings in minderontwikkelde lande dikwels ook skepties staan teenoor die motiewe van buitelandse investeerders. Dit is daarom belangrik dat minderontwikkelde lande die probleem om private direkte investering te lok, as deel van hulle ontwikkelingsprobleem beskou. Hulle moet daarom streef na 'n stabiele, verantwoordelike regering wat ontwikkeling bevorder, 'n eiendomstelsel wat privaat-inisiatief bevorder, 'n onafhanklike regstelsel, 'n algemeen aanvaarbare geldeenheid, 'n vrye markstelsel, 'n redelike infrastruktuur en 'n gemeenskap wat poog om onetiese

optrede sover moontlik te vermy (Van Wyk en Muller, 1982 : 204 - 205). Hierdie strewe is sentraal in die Swartkommissie se verslag oor ekonomiese ontwikkeling in Ciskei (Swart, 1983). Die regerings van die RSA en TBVC-state het reeds by verskeie geleenthede private inisiatief in die ontwikkelende streke bepleit, soos byvoorbeeld by die Carltonberaad en die Goeie Hoopberaad.

Afgesien van die Ontwikkelingsbank van Suidelike Afrika, het die Southern African Project Development (Safprod) as 'n Artikel 21 private maatskappy tot stand gekom met die doel om 'n hoë vlak van ekonomiese ontwikkeling in die TBVC-lande sowel as die selfregerende state na te streef. Safprod in teenstelling met die Ontwikkelingsbank, wat deur owerheidsinisiatief tot stand gekom het, bestaan uit 14 groepe uit die privaatsektor (Anon, 19 Apr. 1985 : 100). Die georganiseerde poging van Safprod kan grootliks bydra tot meer privaatsektorbetrokkenheid in streeksontwikkeling.

Dit sal egter op die lang duur ekonomiese en politieke faktore wees wat die privaatsektor se betrokkenheid by streeksontwikkeling sal determineer en nie verenigings, vergaderings of toesprake nie.

## 2.8 SAMEVATTENDE GEDAGTES OOR STREEKSEKONOMIESE BELEID IN SUID-AFRIKA

Die huidige streeksekonomiese beleid in Suid-Afrika het sy

ontstaan aan die doelstellings van afsonderlike ontwikkeling te danke. Die aanvanklike politieke oogmerke is gaandeweg deur die realiteit in 'n meer ekonomiese rigting gedwing.

Die amptelike doelstellings van streeksekonomiese beleid sentreer op 'n meer eweredige geografiese verspreiding van ekonomiese aktiwiteit in die land, maar in die proses mag die ontwikkelingsbehoefte van die bestaande nywerheidsentra nie verontagsaam word nie. Gebaseer op behoeftekriteria wat as basis vir streeks-prioriteite gebruik is, het die regering 'n pakket van aansporingsmaatreëls daargestel om nywerhede na die onderskeie streke te lok. Die aansporings is spesifiek daarop gemik om die vestigingsnadele in nie-metropole teen te werk.

Verskeie administratiewe en implementerende instellings vir streeksekonomiese beleid is daargestel ten einde **koördinasie** en effektiwiteit te verseker. Die geweldige aantal liggame wat direk of indirek by streeksontwikkeling betrokke is met die menigte vergaderings, komitees en sub-komitees wat dikwels daaruit voortspruit, plaas 'n onnodige las op streeksontwikkeling. Met inagneming van die kompleksiteit van streeksontwikkeling of desentralisasie is dit onnodig om die beheer daarvan ook te desentraliseer, sentralisasie van aktiwiteite is hier noodsaaklik, veral as die "haastige" privaatsektor betrek wil word. Die privaatsektor se ondersteuning is 'n voorvereiste vir suksesvolle streeksontwikkeling, en die voorwaardes vir groter privaatsektor-betrokkenheid is hoofsaaklik ekonomiese lewensvatbaarheid van die spesifieke projek en politieke stabiliteit in die betrokke gebied.

Alhoewel die aansporingsmaatreëls daarop gemik was om die vestigingsnadele in gedesentraliseerde gebiede teen te werk, bly die vraag of ondernemings uit die privaatsektor wat wel gedesentraliseer het die aansporings as voldoende beskou. In die volgende hoofstuk sal die metodes wat gevolg is om hierdie vraag te beantwoord, bespreek word.

## HOOFSTUK 3

### NAVORSINGSMETODIEK EN STUDIEVELD

#### 3.1 INLEIDING

Daar is in Hoofstuk 1 na die determinante van investering verwys en veral daarop klem gelê dat investeringsbesluitneming nie in isolasie kan geskied nie. By implikasie moet die voornemende investeerder dus hierdie determinante in ag neem alvorens hy 'n objektiewe investeringsbesluit kan neem. Sou die voornemende investeerder nalaat om die determinante in ag te neem, sal hierdie faktore nog steeds 'n invloed op sy investering uitoefen aangesien hulle onafhanklik van sy besluit fungeer. Die voornemende investeerder sal homself dus benadeel as hy hierdie faktore in sy besluitneming ignoreer deurdat hy onkant betrap kan word.

Ten einde investering wat een van die voorwaardes vir ekonomiese ontwikkeling is, te stimuleer, het die Regering 'n konsessiepakket daargestel om investering veral op streeksvlak te stimuleer. 'n Mens sou redelikerwyse kon verwag dat die konsessiepakket die teoretiese determinante van investering (waarvan 'n aantal bespreek is) in ag sou neem. Uit die vergelyking wat tussen die determinante en die konsessies gedoen is, het dit wel voorgekom asof heelwat van hierdie determinante wel in ag geneem is. Die skynbare inagneming van 'n aantal teoretiese determinante van investering waarborg egter nog nie dat die gedesentraliseerde

nywerhede self met die konsessiepakket tevrede is nie. Die mening van die gedesentraliseerde nywerhede ten opsigte van die konsessiepakket is uiters belangrik aangesien die pakket juis op hierdie teikenmark gemik was om investering te stimuleer. Die empiriese studie poog dus om die mening van die gedesentraliseerde nywerhede ten opsigte van die konsessiepakket te bepaal.

'n Uiterse belangrike determinant van investering wat nie in Hoofstuk 1 bespreek is nie, maar wel in Hoofstuk 2, is die land waar investering plaasvind. Terwyl die neiging soms bestaan om 'n land as determinant van investering te ignoreer, kan so 'n besluit fataal wees in dié opsig dat 'n belangrike risikofaktor daardeur buite berekening gelaat sal word. Aangesien die huidige bestel van 'n land deur sekere historiese gebeurtenisse voorafgegaan word, het ons na die ekonomiese en politieke agtergrond van Suid-Afrika gekyk. Daar is voorts na onlangse beleidsveranderinge, die streekse ekonomiese beleid en die huidige konsessiepakket gekyk. Teen hierdie agtergrond is daar na die vooruitsigte vir investering deur die private sektor verwys. Die belangrikheid van politieke stabiliteit as vestigingsfaktor by investeringsbesluitneming word ook in die empiriese studie in ag geneem.

### 3.2 DIE ONDERWERP

Die onderwerp van hierdie verhandeling is die problematiek van investeringsbesluitneming vir die privaatsektor in die vervaardigingsbedryf in die Grensgebied, Ciskei en Transkei.

In die onderwerp impliseer die woord problematiek dat daar sprake van 'n ingewikkelde besluitnemingsproses is wat noodwendig teen ander alternatiewe opgeweeg sal moet word. Wanneer daar voorts na die betekenis van investering gekyk word, blyk dit dat 'n voornemende investeerder na 'n menigte alternatiewe moet kyk alvorens 'n investeringsbesluit gemaak kan word. Hierdie omsigtigheid word genoodsaak deur die langtermynverpligting en die groot kapitale uitleg wat by investering betrokke is.

Daar is veronderstel dat die problematiek van investeringsbesluitneming meer prominent by die privaatsektor sou wees as by die publieke sektor omdat die winsmotief sterker by eersgenoemde opweeg. Die vervaardigingsbedryf is gekies omdat die konsessiepakket van die streekseksioniese beleid hoofsaaklik op die sekondêre bedryf toegespits is.

### 3.3 DIE GEBIED

Aangesien dit die oogmerk is om die moontlike effek van die konsessiepakket op die investeringsbesluit te bepaal, moes 'n gedesentraliseerde gebied as geografiese navorsingsveld gekies word. Streekseksioniese beleid in Suid-Afrika is oor 'n groot aantal sogenaamde gedesentraliseerde gebiede versprei. Dit is dus nodig geag om 'n aantal gebiede te kies wat vergelykbaar is ten opsigte van sowel konsessies as ligging.

Streek D wat weens bevolking en werkloosheid as prioriteitsgebied vir streeksontwikkeling geïdentifiseer is, het grootliks aan

beide vereistes voldoen. Voorts is die Grens, Transkei en Ciskei in dieselfde geografiese gebied geleë met al drie naby die Oos-Londense hawe, maar ver vanaf die metropolitaanse gebiede. Dit sou meer sinvol wees om die resultate in hierdie drie gebiede met mekaar te vergelyk eerder as met twee Swart State soos Venda en Bophuthatswana wat in baie opsigte te min vergelykbare eienskappe met die ander drie gebiede in gemeen het. Die gedagte was om te probeer vasstel of daar 'n beduidende verskil tussen die menings van investeerders oor die konsessiepakket in die drie onderskeibare gebiede in Streek D, naamlik die Grensgebied, Ciskei en Transkei bestaan.

Die moontlikheid van meningsverskil onder investeerders in die drie gebiede kan afgelei word uit die feit dat die Grensgebied deel uitmaak van die Republiek van Suid-Afrika en as sulks as 'n veiliger proposisie beskou kan word, terwyl daar ook 'n meer gevestigde infrastruktuur en genoegsame diensbedrywe is. In Transkei sou verwag kon word dat die groter afstand van die hawe, swakker vervoer- en telekommunikasie-dienste, afstand van diensbedrywe en die moontlike gevaar van nasionalisering as afskrikmiddels gesien kan word. Ciskei hierteenoor is nog nie so lank onafhanklik as die Transkei nie en het minder nadele ten opsigte van afstand na hawe en diensbedrywe as Transkei. Ciskei het voorts 'n reputasie probeer opbou dat dit sterk ten gunste van 'n vryemarkstelsel is. Laasgenoemde reputasie kan as 'n moontlike teenwerkende krag teen die vrese van nasionalisering en owerheidsinmenging gesien word.

Suid-Afrika se beleid van afsonderlike ontwikkeling het egter tot op hede op internasionale vlak die wind sterk van voor gekry. Die gevolg hiervan is dat beide Transkei en Ciskei nie as onafhanklike state internasionale erkenning geniet nie. Op grond hiervan sou 'n mens verwag dat oorsese investeerders voorkeur aan die Grensgebied bo die Ciskei en Transkei sou verleen indien hulle nog enigsins in Suid-Afrika sou investeer.

Daar is reeds genoem dat ekonomiese aktiwiteit in Suid-Afrika hoofsaaklik in die metropolitaanse gebiede gekonsentreer is. Gebied D is relatief ver geleë vanaf al hierdie metropolitaanse gebiede en die gedagte was dat die afstand van die mark ondanks die konsessies 'n probleem sou bly.

#### 3.4 HIPOTESE

Daar is in die vorige hoofstukke na die ongelyke verdeling van rykdom tussen individue sowel as die ongelyke verdeling van rykdom tussen streke verwys. Hierdie verhandeling is gemoeid met die pogings om die geografies ongelyke verdeling van rykdom teen te werk. Een van die metodes om hierdie ongelykheid gedeeltelik teen te werk is om investering in die agtergeblewe streke aan te moedig. Alvorens investering gestimuleer kan word, moet daar eerstens vasgestel word watter faktore investering bepaal. Daar is in dié opsig onder andere na die determinante van investering gekyk.

Die gedagte dat investeringsbesluitneming nie in isolasie kan

geskied nie, is deurgaans sterk beklemtoon. Aangesien die studieveld op Suid-Afrika betrekking het, is daar na die politieke en ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika gekyk met die risiko-element as onderliggende idee. Met die determinante van investeringsbesluitneming en die politieke en ekonomiese agtergrond as raamwerk, is daar voorts na die totstandkoming van streekseonomiese beleid as inisieerder van investering gekyk. Terwyl die owerheid deur middel van streekseonomiese beleid poog om investering in die gedentraliseerde gebiede te stimuleer, bly dit egter belangrik om te bepaal of die investeerders uit die privaatsektor self met hierdie beleid tevrede is.

Die hipotese kan dus soos volg gestel word:

Die konsessiepakket soos vervat in die streekseonomiese beleid het na die mening van investeerders uit die private sektor in die vervaardigingsbedryf nie daarin geslaag om die vestigingsnadele in Streek D uit te wis nie. Hiermee saam is 'n nul-hipotese gestel dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede, naamlik die Grensgebied, Ciskei en Transkei bestaan nie. Laasgenoemde hipotese is veral gestel omdat die drie gebiede in 'n aaneengeslote geografiese gebied voorkom en daarbenewens 'n feitlik identiese konsessiepakket aanbied. Hierdie faktore kan die indruk skep dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die gebiede bestaan nie.

Ten einde die hipotese te toets moes die mening van investeerders in Streek D ten opsigte van die konsessiepakket as teenvoeter vir die vestigingsnadele in hierdie streek verkry word. Daar is op

'n vraelys as toetsmedium besluit omdat vrae konsekwent gehou kon word, antwoorde vergelykbaar sou wees en datastoring vergemaklik sou word.

### 3.5 DIE PROEFSTUDIE ("Pilot study")

Die modus operandi was om eerstens te bepaal watter inligting van die nywerhede verkry moes word. Daar is gevolglik 'n voorlopige vraelys<sup>1)</sup> opgestel wat as proefvraelys op 10 September 1984 aan 26 nywerhede in Ciskei en Transkei gestuur is ten einde moontlike probleme met die formaat en tipe vrae te identifiseer. Die proefvraelys het die vorm aangeneem soos in Aanhangsel I aange-  
toon.

Na 30 dae was daar nog geen reaksie op die proefvraelys nie. Al 26 ondernemings wat nie op die proefvraelys wat tesame met 'n geadresseerde en gefrankeerde antwoordkoevert versend is, geantwoord het nie, is telefonies gekontak. Dit het spoedig aan die lig gekom dat die proefvraelys onbeantwoord gelaat is omdat dit te lank en vertroulik was. Voorts het ondernemers gekla dat hulle van alle oorde met vraelyste oorval word en nie kans sien om nog enige verdere vraelyste te voltooi nie. Die weerstand

---

1) Die aanvanklike vraelys was grotendeels gebaseer op 'n vraelys wat deur Addleson, M., Tomlinson, R., en Pretorius, F. by die Universiteit van die Witwatersrand in 'n verwante studie oor desentralisasie gebruik is, ten einde 'n moontlike basis van vergelyking te verkry.

teen vraelyste was reeds so diep gewortel dat die "Butterworth Chamber of Industries" besluit het dat sy lede geen verdere nie-verpligte vraelyste moet voltooi nie. Hierdie negatiewe houding van nywerhede het nog verder verswak na die negatiewe beeld wat Addleson en Tomlinson (1984) se navorsing oor die "sogenaamde" mislukking van die desentralisasiebeleid geskep het.

### 3.6 HERONTWERPTE VRAELYS

Ten einde 'n verteenwoordigende beantwoording van die vraelys te verseker, was dit nou duidelik dat die vraelys aangepas moes word, die opvolgaksie meer doeltreffend moes wees en die beantwoording minder tydrowend moes wees. Telefoniese opvolgingswerk op die proefvraelys het aan die lig gebring dat mits daar nie op antwoorde van 'n streng vertroulike aard aangedring is nie, nyweraars baie meer geneë was om die vraelys telefonies as skriftelik of by wyse van persoonlike onderhoud te beantwoord.

Die proefstudie se groot waarde het nie net in die totstandkoming van 'n meer praktiese vraelys gelê nie, maar veral in die ontwerp van 'n telefoniesbeantwoorbare vraelys. Soos dan ook in die studie ondervind is, was die reaksie selfs na 'n opvolgbrief (Sien Aanhangsel III) uiters ontmoedigend. Dit was die opvolgwerk per telefoon en die gelyktydige voltooiing van die vraelys tydens die opvolg wat verhoed het dat hierdie studie laat

vaar moes word. Heelwat vraelyste is eers per pos voltooi nadat die nyweraar per telefoon gekontak is en verkies het om per poste antwoord.

Tydens die telefoniese beantwoording van die vraelys is die inherente voordele van die studie aan nyweraars verduidelik terwyl die voordele van tydsbesparing en irritasiebesparing beklemtoon is. Daar is deurgaans hoflik teenoor nyweraars opgetree en dit is voorts beklemtoon dat vrae wat as te vertroulik beskou is, nie beantwoord hoef te word nie. Die beskerming van die identiteit van die firma is ook gewaarborg.

Die herontwerpte vraelys is gevolglik so ontwerp dat dit binne 10 - 20 minute per telefoon beantwoord kon word. Voorts is die inleidingsafdeling weggelaat ten einde die "streng vertroulikheidsbeeld" te omseil. Die prioriteitsordening van aansporings is weggelaat ten einde die vraelys makliker en korter te maak. So is ook die afdeling oor faktore wat nyweraars ontmoedig het om in die betrokke gebied te investeer, weggelaat, omdat dit as inkriminerend gesien is sowel as 'n herhaling van ander vrae in dieselfde vraelys.

Op 20 Oktober 1984 is die herontwerpte vraelys (sien Aanhangsel II) aan al die 107 uitstaande nywerhede (wat desentralisasievoordele ontvang) in Transkei en Ciskei ge-pos. Op hierdie stadium was daar reeds met inbegrip van die proefvraelys 133 vraelyste na al die nywerhede soos deur die Ontwikkelingskorporasies/Banke verstrek in Transkei en Ciskei

gestuur.

In die wagtydperk vir skriftelike antwoorde op die herontwerpte vraelyste, is al die 26 nyweraars in die proefstudie telefonies met die herontwerpte vraelys gekontak. Op die wyse is 15 van die 26 proefvraelyste voltooi. Een onderneming was nie 'n vervaardigingsonderneming nie en 9 nywerhede het geweier om die proefvraelys te voltooi.

### 3.7 REKORD VAN VRAELYSTE UITGESTUUR

TABEL 3-1 PROEFVRAELYS

Plek	Datum gepos	Aantal gepos	Voltooi	%	Nie ver- vaardig- ing 2)	%	Geweier	%
Ciskei	10/9 en 15/9/84	13	10	76,9	-	0	3	23,1
Transkei	10/9 en 15/9/84	13	6	46,2	1	7,7	6	46,2
TOTAAL		26	16	61,5	1	3,8	9	34,6

- 2) Proefvraelyste is net soos die finale vraelys aan nywerhede op die amptelike adreslyste gestuur. Die verskynsel dat sommige van hierdie nywerhede nie vervaardigingsondernemings was nie, het eers tydens die studie na vore gekom.

TABEL 3-2 Totaal uitgestuur (insluitend proefvraelys)

Plek	Datum gepos	Aantal gepos	Voltooi	%	Nie ver-vaardiging	% Geweier	%
Ciskei	10/9, 15/9 en 20/10/84	73	53	72,6	-	-	20 27,4
Transkei	10/9, 15/9 en 20/10/84	57	45	78,9	2	3,5	10 17,5
Grens	29/4 en 30/10/84	135	51	37,8	57 <sup>3)</sup>	42,2	27 20,0
<b>TOTAAL</b>		<b>265</b>	<b>149</b>	<b>56,2</b>	<b>59</b>	<b>22,2</b>	<b>57 21,5</b>

3) Die hoë aantal nie-vervaardigingsondernemings in die Grens is toe te skryf aan die telefoonboekmetode wat gebruik is eerder as om die belangrike gebied uit te laat.

TABEL 3-3 Beantwoordingsmetode

Plek	Aantal voltooi	Per telefoon	%	Per pos	%
Ciskei	53	40	75,4	13	24,6
Transkei	45	33	73,3	12	26,7
Grens	51	25	49,0	26	51,0
<b>TOTAAL</b>	<b>149</b>	<b>98</b>	<b>65,8</b>	<b>51</b>	<b>34,2</b>

Geen amptelike inligting kon ten opsigte van die identiteit van gedesentraliseerde nywerhede in die Grensgebied bekom word nie. Met behulp van die telefoonboek is die name, adresse en telefoonnommers van 135 nywerhede in die Grensgebied wat onder andere Oos-Londen, Berlin, King William's Town, Stutterheim en Queenstown insluit, opgespoor. Die vraelyste is op 30 Oktober

1984 gepos. Opvolgwerk per telefoon het aan die lig gebring dat 78 van die 135 nywerhede desentralisasievoorrede ontvang. 51 van die 78 nywerhede het die vraelys of per foon of per pos beantwoord. 27 nywerhede het geweier om die vraelys te voltooi.<sup>4)</sup> Afgesien van 'n vraelys, gefrankeerde koevert en 'n opvolgbrief (sien Aanslag III) is elke nyweraar wat nie binne 3 weke geantwoord het nie, telefonies gekontak.

Werklike voltooiing van vraelys was 65,4% in die Grensgebied, 72,6% in Ciskei en 78,06% in Transkei.

'n Aantal vrae in die finale vraelys het dikwels probleme veroorsaak. Baie nyweraars was byvoorbeeld huiwerig of onwillig om vraag 1.2 (b) wat die jaarlikse omset verstrek, te beantwoord. Vraag 1.2 (c) wat die boekwaarde van die maatskappy se bates behels het, is met eweveel agterdog bejeën. Vraag 1.10 en 1.11 wat onderskeidelik inligting oor die finansiering tydens vestiging en die totale vestigingskoste behels het, is ook swak beantwoord.

Alhoewel sommige nyweraars in veral die Grens soms huiwerig was om inligting te verstrek oor die aansporings wat hulle ontvang

---

4) Die term "geweier" word gebruik wanneer 'n nyweraar nóg die vraelys per pos, nóg die opvolgbrief nóg 3 telefoonoproepes as genoegsame motivering beskou het om te antwoord, of direk geweier het.

het (Vraag 3.1), is hierdie afdeling nogtans goed beantwoord.

Die meeste ander vrae is goed beantwoord.

Elke vraelys is op grond van die tipe produkte vervaardig, volgens die 5-syfer gedetailleerde klassifikasie ingedeel soos deur die Departement van Statistiek in sy Standaardnywerheidsklassifikasie van alle Ekonomiese Bedrywigheede (SNK) (Derde Uitgawe) - Januarie 1981, vervat.

Die data van al die vraelyste is op rekenaar gestoor volgens gebied, eie kode, nywerheidsklassifikasie (5 syfer) sowel as 'n gekodifiseerde antwoord op elke vraag in die vraelys. Die inset van hierdie data is deur 'n senior student by die Departement van Rekenaarwetenskap by die Rekenaarsentrum van Rhodes Universiteit gedoen.

### 3.8 DIE FINALE VRAELYS <sup>5)</sup>

Die vraelys is in verskillende afdelings verdeel om sekere aspekte soos inligting oor die maatskappy, faktore wat die vestigingsbesluit beïnvloed, beoordeling van die desentralisasiekoncessies, daaropvolgende ervaring van die maatskappy en die algemene evaluering van die nywerheidsdesentralisasieprogram in te sluit.

---

5) Sien Aanhangsel No. II vir dekkingsbrief en vraelys.

### 3.8.1 INLIGTING OOR DIE MAATSKAPPY EN SY AKTIWITEITE

In hierdie afdeling is vrae so geformuleer dat inligting oor die produkte wat deur die maatskappy geproduseer word (Vraag 1.1) volgens die Standaard-nywerheidsklassifikasie ingedeel kon word ten einde 'n basis van vergelyking daar te stel. In vraag 1.2 is vrae oor die grootte van die maatskappy gestel. Die kriteria vir grootte is gestel as aantal werknemers, jaarlikse omset en boekwaarde van die maatskappy se bates. Boekwaarde van die maatskappy se bates (vraag 1.2 (c)) is as bykomende kriterium gebruik om grootte vas te stel omdat dit 'n aanduiding van die omvang van investering in die maatskappy gee. Vrae 1.3 en 1.4 meet onderskeidelik wanneer die maatskappy aanvanklik konsessies ontvang het en wanneer dit met bedrywigheide begin het. Die doel met beide vrae was om te bepaal hoeveel tyd tussen die aanvang van die maatskappy en die ontvangs van die konsessies verloop het. Vraag 1.5 bepaal of die maatskappy deel is van 'n groter maatskappy of groep. Die doel van hierdie vraag was om te bepaal watter tipe firmas in die gedesentraliseerde gebiede gevestig het.

Vraag 1.6 bepaal die internasionale eienaarskap van die maatskappy. Die gedagte was om vas te stel of die konsessiepakket aantreklik genoeg was om die swak politieke en ekonomiese beeld van die gebiede te neutraliseer. Vraag 1.7 meet die aantal Swart en Blanke werkers. Aangesien die behoefte in die gebiede wat deur die studieveld gedek word veral vir die skepping van werkgeleenthede vir Swartes is, kan hierdie vraag help om vas te

stel of daar aan hierdie maatstaf voldoen word.

Vraag 1.8 verstrek inligting oor die aantal geskoolde, semi-geskoolde, ongeskoolde en deeltydse werkers. Hierdie inligting sou 'n aanduiding gee oor die arbeidsamestelling van die betrokke nywerhede in die gedesentraliseerde gebiede in Streek D. So sal 'n oorwegend geskoolde arbeidskomponent op 'n kapitaalintensiewe onderneming dui terwyl 'n oorwegend semi-geskoolde en ongeskoolde arbeidskomponent op 'n meer arbeidsintensiewe onderneming sal dui. 'n Groot komponent deeltydse werkers kan op beide 'n seisoensgebonde onderneming of swak beplanning dui.

Vraag 1.9 meet die afsetgebied onder die hoofde Suid-Afrikaanse, Tuisland en Uitvoermarkte. Hierdie vraag hou die moontlikheid in om te bepaal of die maatskappye wat 'n spesifieke mark bedien eiensortige eienskappe besit, byvoorbeeld land van herkoms, grootte, produkte of die moontlikheid van wins sonder die konsessiepakket.

In Vraag 1.10 word die herkoms van vestigingskoste bepaal. Die gedagte met hierdie vraag was om te bepaal waar die primêre finansieringsbronne vir investering in die gedesentraliseerde gebiede gesetel is. Vraag 1.11 bepaal die totale vestigingskoste. Die idee was om die totale vestigingskoste van die individuele maatskappye sowel as van al die maatskappye binne die verskillende streke vas te stel.

### 3.8.2 FAKTORE WAT DIE VESTIGINGSBESLUIT BEÏNVLOED

Alhoewel daar verskillende benaderings ten opsigte van die bepaling van die optimum vestigingspunt bestaan, wil dit tog voorkom of daar 'n groot mate van ooreenstemming ten opsigte van die vestigingsfaktore self bestaan (soos in Hoofstuk 1 bespreek). Die vestigingsfaktore wat deurgaans beklemtoon word, is vervoerkoste, afstand vanaf grondstowwe, afstand vanaf mark, produksiekoste wat arbeidskoste, belasting en die koste van kapitaal insluit, maksimalisering van wins, agglomerasievoordele en persoonlike oorwegings.

Bogenoemde vestigingsfaktore is op die oog af grotendeels deur die Regering se konsessiepakket in ag geneem. Ten einde te bepaal of gedesentraliseerde nywerhede die teoretiese vestigingsfaktore as belangrik beskou het, is die vrae soos in Afdeling II van die vraelys vervat, aan hulle gestel.

In hierdie afdeling van die vraelys is 'n aantal faktore genoem wat dalk 'n invloed op die vestigingsbesluit mag hê. Ondernemers moes hierdie faktore rangskik volgens 'n puntestelsel wat gewissel het vanaf 1 vir 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit, 2 vir 'n faktor wat in aanmerking geneem is, maar nie as belangrik beskou is nie en 3 vir 'n totaal irrelevante faktor. Die faktore wat genoem is, was nabyheid aan die belangrikste mark, grondstowwe, beskikbaarheid van die vereiste arbeidsvaardighede, goedkoop finansiering, arbeid,

geboue, toerusting, masjinerie en nywerheidsgrond. Daar is voorts gekyk na beperkings op uitbreiding in alternatiewe nywerheidspunte, die rol wat die aansporingsmaatreëls speel en faktore soos politieke stabiliteit, arbeidsbetrekkings, arbeidsproduktiwiteit, beskikbaarheid van water, lae kostebehuising, voldoende infrastruktuur en die lewensstandaard in die gebiede.

Hierdie faktore verteenwoordig nie alle moontlike faktore wat die vestigingsbesluit kan beïnvloed nie, omdat 'n lys van alle moontlikhede die beantwoording van 'n reeds veeleisende afdeling nog verder sou bemoeilik. Daar is gevolglik gepoog om die faktore wat verband hou met die huidige konsessiepakket sover moontlik te identifiseer. Die puntetoekenningsmetode bly egter 'n irriterende metode in die beantwoording van vraelyste en dit was daarom nodig om hierdie afdeling so kort moontlik te maak.

Die belangrikheid van die menings wat in hierdie afdeling na vore gekom het kan egter nie onderskat word nie omdat dit die persepsie van vestigingsfaktore deur investeerders self verteenwoordig. Hierdie menings kan dus met die pogings van die owerheid om negatiewe vestigingsfaktore in die gedentraliseerde gebiede teen te werk, vergelyk word om te bepaal of die investeerders en die owerheid dit eens is oor watter vestigingsfaktore relevant is, al dan nie.

### 3.8.3 WAARDEBEPALING VAN DESENTRALISASIE-AANSPORINGS

In hierdie afdeling is daar eerstens probeer vasstel watter

aansporings voor aansoek gedoen is en watter wel toegestaan is. Al die verskillende aansporings soos in die vorige hoofstuk bespreek, is kortliks genoem en maatskappye moes aandui watter aansporings hulle as die twee belangrikstes beskou het. Hierdie inligting sou oor 'n wye spektrum 'n beduidende aanduiding oor die mees belangrike sowel as die mins belangrike aansporings kon gee. Daar is ook in hierdie afdeling voorsiening gemaak vir aanbevelings deur nyweraars oor moontlike bykomende aansporings wat die owerheid kan instel.

#### 3.8.4 GEVOLGLIKE ERVARING VAN DIE MAATSKAPPY

Hierdie afdeling meet die mate waarin die verwagtings aangaande die desentralisasie-aansporings bevredig is. Die beantwoordingsmetode is vereenvoudig deurdat Ja/Nee antwoorde by elke vraag toegelaat is. Die vrae is veral daarop ingestel om te bepaal of nyweraars wat gedesentraliseer het veral ten opsigte van die praktyk tevrede gestel is. Hierdie afdeling is uiters belangrik aangesien desentralisasie soms as alternatief uiters aantreklik op papier mag voorkom, maar teleurstellend in die praktyk mag wees.

Vraag 4.1 behels die kwessie of genoegsame materiaal, onderdele en tegniese dienste in die gebied beskikbaar is terwyl vraag 4.2 gemoeid is met die kwaliteit, koste, arbeidsverhoudinge en produktiwiteit van die werksmag. Vraag 4.3 verwys na die koste van materiaal en onderdele in die gebied terwyl vraag 4.4 die koste van inwaartse en uitwaartse goedere aanraak. Vraag 4.5

raak weer eens die belangrike kwessie van afstand van die mark aan deur te bepaal of die huidige nywerheidspunt met inagneming van aansporings laer produksiekoste as in die metropolitaanse gebiede tot gevolg het.

Vraag 4.6 is gemoeid met die kwessie of geskikte behuising teen redelike koste in die betrokke gebiede beskikbaar is. Vraag 4.7 behels die vraag of die infrastruktuur voldoende is terwyl vraag 4.8 voorsiening vir kommentaar gemaak het.

### 3.8.5 ALGEMENE EVALUERING VAN DIE NYWERHEIDSDESENTRALISASIEPROGRAM

In hierdie afdeling probeer ons bepaal of maatskappye wat wel gedesentraliseer het in retrospeksie nog steeds sou desentraliseer.

Vraag 5.1 behandel die kwessie of die huidige nywerheidspunt in die afwesigheid van die aansporingspakket gekies sou gewees het. Aangesien die aansporings juis ingestel is om nywerhede na die desentralisasiepunte te lok, sou 'n mens 'n negatiewe antwoord op hierdie vraag verwag. 'n Positiewe antwoord sal daarop kon dui dat afstand vanaf die mark of irrelevant is, of dat die mark plaaslik is of dat die firma so uitermate goed georganiseerd is dat die probleem van afstand vanaf die mark oorkom is. Sou die antwoord op hierdie vraag positief wees en die antwoord op vraag 5.3 negatief, sal dit 'n weerspreking wees, want onder normale omstandighede sal 'n firma nie lokaliseer waar dit sonder

konsessies onwingsgewend sal wees nie. In die praktyk kom sulke gevalle egter tog voor.

Vraag 5.2 handel oor die kwessie of die konsessiepakket die firma genoegsaam vir vestiging of uitbreiding in die gedentraliseerde gebied vergoed. Dit is weer eens 'n kontrolevraag teenoor vraag 5.3. Daar is by al die vrae in afdeling V vir kommentaar voorsiening gemaak aangesien dit die menings van die investeerders self is wat hier getoets word.

Vraag 5.3 wat as kontrolevraag vir beide vrae 5.1 en 5.2 dien is gemoeid met die kwessie of die bestaande firma nog in staat sal wees om teen 'n wins te funksioneer indien die konsessies onttrek word. Deur middel van hierdie vraag word die kwessie weer aangeraak of die firma oorwegend van die konsessies afhanklik is en of dit op 'n onafhanklike en lewensvatbare basis sonder die konsessies sou kon voortbestaan.

Vraag 5.4 dui nie op 'n volslae afhanklikheid van die konsessies soos vraag 5.3 nie, maar dui nogtans op 'n sterk afhanklikheid daarvan. Sou die antwoord positief wees, beteken dit dat die onttrekking van die konsessies die firma sal noodsaak om 'n prysverhoging in te stel ten einde die hoër effektiewe produksiekoste teen te werk. As die firma in 'n prysgevoelige mark meeding, sal so 'n prysstyging sy bedingingsmag aansienlik verswak.

Vraag 5.5 handel oor die kwessie of die huidige konsessiepakket genoegsaam is om die toekomstige groei van die firma te beïn-

vloed. Met hierdie vraag kan bepaal word of die firma se toekomstige groei enersyds van die konsessies afhanklik is en andersyds nie deur 'n gebrek aan konsessies belemmer sou word nie. In laasgenoemde verband kan veral daarop gewys word dat dit 'n algemene verskynsel is dat nuwe firmas kontantvloeiprobleme ondervind, ongeag die nywerheidspunt. In die gedesentraliseerde gebiede is konsessies wat op die verbetering van die kontantvloeiposisie gemik is, nog 'n groter vereiste omdat 'n swak kontantvloeiposisie reeds sukkelende ondernemings nog meer kan kniehalter. Of die konsessies voldoende is om verdere groei te stimuleer, bly egter die vraag wat beantwoord moet word.

Vraag 5.6 behandel die kwessie of toekomstige uitbreiding op ekonomiese gronde eerder as op die konsessiepakket gebaseer sal wees. Hierdie is 'n strikvraag in die sin dat 'n positiewe antwoord maklik intuïtief gegee kan word terwyl 'n negatiewe antwoord beskou kan word as 'n bekentenis dat die firma sy voortbestaan slegs aan die konsessies te danke het en nie op sy eie bene daarsonder kan staan nie.

Vraag 5.7 vra die mening van die investeerder ten opsigte van die streek in besonder en streeksontwikkeling in die algemeen. In hierdie vraag word die mening van die investeerder ingewin oor die kwessie of die konsessies genoegsaam is om die vestiging van nywerhede in die streek te bevorder en sodoende streeksontwikkeling te bespoedig. Alhoewel die mening van die investeerder oor streeksontwikkeling rondom die firma ingewin word, kan redelikerwys aanvaar word dat sy persoonlike ervaring van die konsessie-

pakket wel sy antwoord sal beïnvloed.

Vraag 5.8 sluit aan by Vraag 5.7 deur te vra of die regering na die investeerder se mening meer behoort te doen om streeksontwikkeling in die spesifieke streek aan te moedig. Indien die investeerder positief antwoord, kry hy die geleentheid om sy voorstelle in vraag 5.9 uiteen te sit.

Vraag 5.10 behandel die kwessie oor hoe lank die firma nog vir die konsessies sal kwalifiseer. 'n Lang tydperk sal 'n mens laat verwag dat die firma die konsessies bo kwytskelding van maatskappybelasting wat in Vraag 5.11 gevra word, sal verkies. 'n Kort tydperk sal 'n mens laat verwag dat die firma positief op vraag 5.11 sal antwoord. Die antwoord op vraag 5.11 sal egter relatief tot die winsposisie van die firma wees.

Terwyl daar baie bespiegel is oor die faktore wat die vestigingsbesluit bepaal, en regerings poog om hierdie faktore in 'n streekseksioniese beleid in ag te neem, word die persone oor wie al die filosofering gaan, naamlik die investeerders self, dikwels oor die hoof gesien. In hierdie vraelys word die menings van investeerders in 'n spesifieke gebied ingewin ten einde te bepaal of hulle, eerstens, na dieselfde vestigingsfaktore as die teoretici kyk, tweedens tevrede met die owerheid se desentralisasiekonsessies is en, derdens, of hulle enige bydrae tot die sukses van streekseksioniese beleid in Suid-Afrika kan lewer.

### 3.9 SAMEVATTING

Daar is in die voorafgaande hoofstukke na die betekenis van investering, die relatiewiteit van die investeringsbesluit tot die ekonomiese en politieke raamwerk van 'n land en die totstandkoming van die streeksekonomiese beleid in Suid-Afrika gekyk. Hierdie inleidende hoofstukke het 'n aantal faktore daar-gestel wat die voornemende investeerder volgens die teorie in ag behoort te neem alvorens hy investeer. Die vraag ontstaan egter of die investeerders in gedesentraliseerde gebiede hierdie norma-tiewe benadering navolg en of hulle die desentralisasiekonsessies as 'n voldoende middel ondervind om hulle vir die gebiedsnadeel te vergoed.

Ten einde die hipotese te toets is daar besluit om op drie identifiseerbare gebiede in Streek D wat 'n ontwikkelingspiori-teitsgebied is, te konsentreer. 'n Vraelys is aanvanklik aan enkele nywerhede gestuur en nadat sekere aanpassings gemaak is, is 'n herontwerpte vraelys aan al die nywerhede wat konsessies in Ciskei en Transkei ontvang, gestuur. Die Grensgebied is sover prakties moontlik gedek. Die data wat uit hierdie empiriese studie verkry is, is op rekenaar gestoor.

In die volgende hoofstuk sal die verwerking van hierdie data en die bevindings wat daaruit gemaak kan word, bespreek word. Die vraag of die investeerders uit die private sektor en die ekonome en owerheid dieselfde opvattinge oor vestigingsfaktore en die toereikendheid van die huidige konsessiepakket het, sal dan hopelik beantwoord kan word.

## HOOFSTUK 4

### NAVORSINGSRESULTATE

#### 4.1 INLEIDING

Terwyl die eerste hoofstuk oor die aard van die investeringsbeleid gehandel het, het die tweede hoofstuk oor die politieke en ekonomiese agtergrond van die gebied waarin die investering gedoen sou word, gehandel sowel as streeksekonomiese beleid in Suid-Afrika. In hierdie hoofstuk verskuif die fokus na die nyweraars wat gedesentraliseer het asook die inwinning van hulle opinie oor Suid-Afrika se streeksekonomiese beleid. Die mening-speiling is tot die gebiede van die Grens, Ciskei en Transkei beperk en die metode is in Hoofstuk 3 bespreek.

In hierdie hoofstuk word die resultate van die vraelys bespreek. Daar word veral na die nyweraars se algehele persepsie van die sukses van streeksekonomiese beleid in die navorsingsgebied gekyk. Daar sal ook na die uitstaande verskille tussen die drie gebiede gekyk word.

In hierdie verhandeling is daar van kruistabulering gebruik gemaak en is Chi-kwadraat gebruik om die beduidenheid van verskille tussen veranderlikes te bepaal. 'n Alternatiewe benadering sou kon wees om regressie-analise te gebruik het om die relatiewe belangrikheid van onafhanklike veranderlikes ten opsigte van investeringsbesluitneming te bepaal. Weens sekere tekortkominge

van hierdie statistiese tegniek is daar egter besluit om kruistabulering te gebruik. Daar is onder andere van tweerigting en drierigting tabelle gebruik gemaak. Kruistabulering is 'n gesamentlike frekwensie verspreiding van gevalle volgens twee of meer klassifiserende veranderlikes. Die voorstelling van die verspreiding van gevalle volgens hulle posisie op twee of meer veranderlikes, is die hoofkomponent van kontingensietabelanalise. Die gesamentlike frekwensieverspreidings kan statisties geanaliseer word deur middel van sekere toetse vir beduidendheid, byvoorbeeld die Chi-kwadraat statistiek. (Nie, Hull, Jenkins, Steinbrenner en Bent, 1975 : 219).

Die individuele antwoorde van nyweraars is per gebied op rekenaar gestoor en is verder verwerk deur middel van die SPSS-X - program 2.0 van Northwestern-Universiteit. Frekwensietabelle, histogramme en gebeurlikheidstabelle is in die verwerking van die data gebruik. Die statistiese beduidenheid van die verskille tussen veranderlikes en gebied is met behulp van die Chi-kwadraat-toets bepaal.

Die algemene hipotese wat hier gestel word is dat die gedesentraliseerde nywerhede nie met die konsessiepakket tevrede is nie. In die afdeling oor die navorsingsgebied is genoem dat daar redelikerwyse verwag kon word dat 'n beduidende verskil tussen die menings van nyweraars in die Grens en Ciskei en Transkei sal bestaan. Ten einde hierdie bykomende hipotese te toets, is 'n nul-hipotese gestel, naamlik dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die Grens, Ciskei en Transkei bestaan nie. Indien hierdie

bykomende hipotese verwerp sou word, sou dit impliseer dat daar wel 'n beduidende verskil bestaan. Ciskei en Transkei is eersstens met mekaar vergelyk. Indien daar nie 'n beduidende verskil bestaan het nie, is Ciskei en Transkei gesamentlik met die Grens vergelyk. Indien daar egter wel 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei bestaan het, is hulle individueel met die Grens vergelyk.

Die oogmerk was dus kortliks om die gedesentraliseerde nyweraars se tevredenheid met die konsessiepakket te toets en te probeer vasstel of daar 'n verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei bestaan.

## 4.2 DIE NAVORSINGSRESULTATE

### 4.2.1 INLIGTING OOR DIE MAATSKAPPY EN SY AKTIWITEIT

In hierdie afdeling word die eienskappe van die maatskappye wat die vraelyste beantwoord het, bespreek. Hierdie afdeling is beskrywend van aard en daar word nie probeer om enige hipoteses of verskille tussen die gebiede te bewys nie.

TABEL 4.1

CISKEI : PRODUKGROEPERING IN INDUSTRIËLE KODES

Kode	Entiteit	Steek- proef Frek- wensie	1984 Steek- proef Persen- tasie	Uni- ver-2) sum Frek- wensie	Uni- ver- sum %
31100-31399	Voedsel en Ligte koeldrank	4	7,5	4	5,5
32100-32206	Tekstiel	18	33,9	26	35,6
32300-32400	Leerprodukte	1	1,9	3	4,1
33100-33200	Hout en Meubels	4	7,5	7	9,6
34100-34202	Papier produkte en drukwerk	2	3,8	3	4,1
35100-35600	Chemiese produkte	1	1,9	3	4,1
36100-36999	Nie-Metaalprodukte	1	1,9	1	1,4
37100-38590	Metaal en Metaalprodukte	15	28,3	19	26,0
38600-39099	Alle ander produkte	7	13,2	7	9,6
		53	100,0	73	100,0

Alhoewel dit nie met slegs een steekproef statisties bewys kan word nie, was dit uit Tabel 4.1 duidelik dat die steekproef ten opsigte van die groepering van nywerhede nie veel van die Universum verskil het nie. Die meeste nywerhede in die steekproef het in die twee groepe tekstielprodukte en metaal en metaalprodukte voorgekom. Tot 62,2% van die nywerhede in Ciskei het in hierdie groepe voorgekom.

2) Universum is gebaseer op die totale aantal nywerhede in Ciskei wat konsessies ontvang het, soos deur die Ciskeise Ontwikkelingsbank op 16 Julie 1984 verskaf.

TABEL 4.2

## TRANSKEI : PRODUKGROEPERING IN INDUSTRIËLE KODES

Kode	Entiteit	Steek- proef Frek- wensie	1984 Steek- proef Persen- tasie	Uni- ver- sum <sup>3)</sup> Frek- wensie	Uni- ver- sum %
31100-31399	Voedsel en Ligte koeldrank	5	11,1	6	11,1
32100-32206	Tekstiel	14	31,1	15	27,8
32300-32400	Leerprodukte	1	2,2	2	3,7
33100-33200	Hout en Meubels	3	6,7	4	7,4
34100-34202	Papier produkte en drukwerk	-	-	-	-
35100-35600	Chemiese produkte	3	6,7	6	11,1
36100-36999	Nie-Metaalprodukte	2	4,4	2	3,7
37100-38590	Metaal en Metaalprodukte	13	28,9	15	27,8
38600-39099	Alle ander produkte	4	8,9	4	7,4
		45	100,0	54	100,0

Dit was ook in die geval van Transkei opmerklik dat die steekproef se produkgroepering nie veel van die universum verskil het nie. Die verspreiding van nywerheidsgroepe in Transkei het baie met Ciskei ooreengekom. Die meeste nywerhede, naamlik 60,0% het in die twee groepe tekstielprodukte en metaal- en metaalprodukte voorgekom.

3) Universum is gebaseer op die totale aantal nywerhede in Transkei wat konsessies ontvang het, soos deur die Transkeise Ontwikkelingskorporasie op 16 Julie 1984 verskaf.

TABEL 4.3

## GRENSGEBIED : PRODUKGROEPERING IN INDUSTRIËLE KODES

Kode	Entiteit	Steek- proef Frek- wensie	1984 Steek- proef Persen- tasie	Uni- ver- sum Frek- wensie	Uni- ver- sum %
31100-31399	Voedsel en Ligte koeldrank	4	7,8	54	16,9
32100-32206	Tekstiel	7	13,7	36	11,3
32300-32400	Leerprodukte	-	-	6	1,9
33100-33200	Hout en Meubels	12	23,5	43	13,5
34100-34202	Papier produkte en drukwerk	3	5,9	20	6,3
35100-35600	Chemiese produkte	5	9,8	24	7,5
36100-36999	Nie-Metaalprodukte	5	9,8	24	7,5
37100-38590	Metaal en Metaalprodukte	15	29,4	93	29,2
38600-39099	Alle ander produkte	-	-	18	5,7
		51	100,0	318	100,0

Die nywerheidsgroepering van die steekproef in die Grens het meer van die universum verskil as in die ander gebiede, maar daar was nogtans nie 'n groot verskil nie. In die steekproef in die Grensgebied het metaal en metaalprodukte naastenby dieselfde persentasie van nywerhede as in Ciskei en Transkei beslaan, maar tekstiel 'n kleiner persentasie.

4) Sensus van Fabriekswese, Verslag No. 10 - 21 - 40 van 1979, pp 4, 14 en 15.

Gesamentlik het hierdie twee nywerhede 'n 43,1% aandeel gehad wat heelwat laer is as in die ander gebiede. Die ander dominante nywerheidsgroep in die Grensgebied was die vervaardiging van houtprodukte en meubels wat 23,5% van die totaal beslaan het. Daar was geen ander nywerheidsgroep in die Grens wat meer as 10% van die totaal kon behaal nie.

Die maatskappye is onderverdeel in drie groepe op die grondslag van huidige aantal werknemers en jaarlikse omset. "Groot" ondernemings is beskou as die wat meer as 300 werkers in diens het of 'n jaarlikse omset van meer as R3 miljoen gehad het, terwyl "medium" ondernemings geklassifiseer is as die wat meer as 200 werkers in diens het en 'n omset van meer as R2 miljoen. "Klein" ondernemings het minder as 200 werkers en 'n omset van minder as R1 miljoen per jaar. In al drie gebiede gesamentlik was 27,2% van die nywerhede groot, 10,9% medium en 61,9% klein. Dit wil hieruit voorkom asof die meerderheid ondernemings "klein" is.

'n Kort periode tussen die totstandkoming van die onderneming en die tydstip toe die konsessies die eerste keer ontvang is (vrae 1.3 en 1.4) kan 'n aanduiding gee of die onderneming met behulp van die konsessies tot stand gekom het. 'n Lang periode kon daarop dui dat die onderneming eers nadat dit tot stand gekom het vir konsessies aansoek gedoen het of dat dit vir konsessies ten opsigte van uitbreidings aansoek gedoen het. Helaas kan 'n lang periode dui op administratiewe rompslomp wat die uitbetaling van konsessies vertraag het.

Van alle ondernemings in die drie gebiede het 59,6% die konsessies onmiddellik oftewel op dieselfde tyd toe daar met die onderneming begin is, ontvang. 'n Verdere 11% het hulle konsessies binne een jaar na totstandkoming ontvang. Die grootste persentasie van die ondernemings in Ciskei (72,5%) het die konsessies met totstandkoming ontvang, terwyl dit die geval met 63,2% in Transkei en 42,6% in die Grens was. Hierdie verskynsel kan op 'n meer geoliede streeksontwikkelingsmasjinerie in Ciskei dui of die aantrekking van hoofsaaklik nuwe ondernemings na Ciskei teenoor die ander gebiede waar konsessies dalk eerder vir uitbreiding aan bestaande ondernemings gebruik is.

Van die ondernemings in al drie gebiede was 51,4% nie filiale van groter maatskappye of groepe nie terwyl 48,6% wel filiale was. Die meerderheid van die maatskappye in die drie gebiede, naamlik 69,4% was in Suid-Afrikaanse besit, 19,7% was in buitelandse besit terwyl 10,9% in beide Suid-Afrikaanse en buitelandse besit was.

'n Groter persentasie nywerhede in die Grens (80,4%) was in Suid-Afrikaanse besit as in Ciskei en Transkei gesamentlik waar dit net 63,5% was. Voorts was slegs 7,8% nywerhede in die Grens in buitelandse besit teenoor 26,0% in Ciskei en Transkei. Hierdie verskynsel dui daarop dat die moontlikheid groter is dat 'n Suid-Afrikaanse firma na die Grens aangetrek sal word as na Ciskei of Transkei. Hierteenoor is die moontlikheid groter dat 'n oorsese firma na Ciskei en Transkei aangetrek sal word as na die Grens.

5)

'n Totaal van 43 548 werkseleenthede is in die aantal nywerhede wat die vraelys beantwoord het in die drie gebiede geskep. Hiervan was 92,2% (40149) vir Swartes waar die grootste behoefte lê, terwyl 7,8% (3399) vir Blankes, Kleurlinge en Indiërs geskep is. Daar was 'n groter persentasie, naamlik 17,7% Blankes, Kleurlinge en Indiërs in die Grens teenoor 5,0% en 3,8% in Ciskei en Transkei onderskeidelik. Hierdie verskil kan daaraan toegeskryf word dat die vraag na en aanbod van Blanke- Kleurling- en Indiërarbeid in die Grens van die ander twee gebiede verskil het.

TABEL 4.4 KRUISTABULERING VAN GEBIED MET TIPE WERKER

GEBIED		Geskoold	Semi-Geskoold	Ongeskoold	Ry
Telling		0	1	2	Totaal
Ry-Pers					
Grens	0	1627	4574	4823	11024
		14.8	41.5	43.8	25.6
		27.8	27.8	23.2	
Ciskei	1	1971	5340	10754	18065
		10.9	29.6	59.5	41.9
		33.7	32.5	51.7	
Transkei	2	2249	6511	5236	13996
		16.1	46.5	37.4	100.0
		38.5	39.6	25.2	
Kolom		5847	16425	20813	43085
Totaal		13.6	38.1	48.3	100.0

5) Hierdie totale aantal werkseleenthede verskil van die totaal in Tabel 4.4 omdat meer nywerhede vraag 1.2 (a) en 1.7 as vraag 1.8 beantwoord het.

Dit was duidelik uit die bostaande tabel dat die oorgrote meerderheid werkers in die semi-geskoolde en ongeskoolde kategorieë voorgekom het.

In al drie die gebiede tesame het 11,5% van die ondernemings vir die Suid-Afrikaanse sowel as die Tuislandmark geproduseer en 1,4% vir die Suid-Afrikaanse en uitvoermark. Hierteenoor het 5,4% uitsluitlik vir die Suid-Afrikaanse mark geproduseer. As die persentasies vir die Suid-Afrikaanse en Tuislandmarkte saamgetel word, blyk dit dat 92,6% van die produksie van die individuele ondernemings nie vir die uitvoermark bestem is nie. Dit wil dus voorkom of die meerderheid ondernemings in die drie gebiede nie ernstig deur 'n invoerverbod op Suid-Afrikaanse produkte geraak sal word nie.

Slegs 83,9% van die ondernemings was bereid om die vraag oor vestigingsfinansiering te beantwoord. Van hierdie groep het 70,4% van die ondernemings hoofsaaklik hulle eie fondse gebruik om te begin terwyl die ander ondernemings hoofsaaklik van ontwikkelingskorporasies, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie en private finansiële instansies gebruik gemaak het. Ongelukkig was daar weens die vertroulikheidsklousule geen manier waarmee die korrektheid van die antwoorde getoets kon word nie. Aangesien die konsessiepakket nie op direkte finansiering konsentreer nie, kon die antwoorde egter voorwaardelik aanvaar word. By implikasie kom die antwoorde daarop neer dat die meerderheid (70,4%) van die firmas bereid was om self finansiëel 'n groter risiko as buite-instansies te loop.

Opsommenderwys kan gestel word dat 60% van nywerhede in Ciskei en Transkei in die tekstiel- of metaalprodukbedrywe was terwyl 66% in die Grens in daardie bedrywe plus die hout- en meubelnywerheid was. Van die firmas was 61,9% klein terwyl 70,6% hulle konsesies binne die eerste jaar na vestiging ontvang het. Die helfte van die firmas was filiale van groter maatskappye terwyl 69,4% in Suid-Afrikaanse besit was. Die meerderheid van die werkers, naamlik 92,2% was Swart terwyl 7,8% Blankes, Kleurlinge of Indiërs was. Slegs 13,6% van die werkers was geskoold teenoor 38,1% semi-geskoold en 48,3% ongeskoold. Die oorgrote meerderheid van produksie, naamlik 92,6% was vir die Suid-Afrikaanse en Tuislandmarkte bestem. Van die finansiering by vestiging was 70,4% uit eie bronne afkomstig, maar dit moet nie uit die oog verloor word dat hierdie syfer nie met die koste van verhuurde geboue rekening gehou het nie.

#### 4.2.2 FAKTORE WAT DIE VESTIGINGSBESLUIT BEÏNVLOED

In hierdie afdeling is 'n aantal faktore genoem wat dalk 'n rol in die vestigingsbesluit in 'n spesifieke gebied mag speel. Firms is aangesê om die relevante faktore deur 'n puntesteesem te identifiseer. Die puntesteesem het soos volg daar uitgesien:

- 1 = 'n Belangrike faktor in die vestigingsbesluit.
- 2 = 'n Faktor wat in berekening gebring is, maar nie as beduidend beskou word nie.
- 3 = 'n Totaal irrelevante faktor in die vestigingsbesluit.

Die vrae is soos volg saamgevat ten einde 'n vergelyking met die teoretiese vestigingsfaktore moontlik te maak.

Tabel 4.5 Faktore wat die vestigingsbesluit beïnvloed:

Vestigingsfaktor	Belangrik	Onbelangrik	Irrelevant	Beduidende verskil tussen G + C + T
<u>(i) Afstandsfaktore</u>				
Afstand vanaf mark	38,4%	36,3%	25,3%	Nee
Afstandvanaf grondstowwe	25,3%	38,4%	36,3%	Ja (1)
<u>(ii) Kapitaal</u>				
Goedkoop finansiering	59,4%	12,6%	28,0%	Ja (2)
Goedkoop geboue, masjinerie en toerusting	61,4%	21,4%	17,2%	Ja (3)
Beperkings op uitbreidings elders	14,8%	14,8%	70,4%	Ja (4)
<u>(iii) Arbeid</u>				
Beskikbaarheid van vereiste arbeidsvernuf	22,6%	36,3%	41,1%	Nee
Arbeidskoste	52,8%	26,2%	21,03%	Ja (5)
Nywerheidsverhoudinge	29,9%	43,1%	27,1%	Nee
Hoër Produktiwiteit	6,9%	27,1%	66,0%	Nee
<u>(iv) Infrastruktuur</u>				
Goedkoop nywerheidsgrond	69,7%	15,5%	14,8%	Nee
Water	23,8%	41,3%	35,0%	Nee
Goedkoop behuising	21,1%	51,0%	28,0%	Nee
Voldoende infrastruktuur	53,1%	25,5%	21,4%	Nee
Lewensstandaard	30,6%	32,6%	36,8%	Ja (6)
<u>(v) Politieke Stabiliteit</u>				
	29,4%	42,7%	28,0%	Nee
<u>(vi) Konsessiepakket</u>				
	77,6%	11,2%	10,5%	Nee

1. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0329 gehad.
2. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0023 gehad.
3. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0001 gehad.
4. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0428 gehad.
5. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0017 gehad.
6. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0008 gehad.

i) AFSTANDSFAKTOR : AFSETGEBIED EN INSETTE

In al drie gebiede tesame het 'n klein meerderheid van die ondernemings afstand vanaf primêre mark as belangrik beskou, 'n kleiner persentasie as 'n faktor wat binne berekening gebring is, maar nie as beduidend beskou is nie, terwyl die minderheid dit as irrelevant beskou het. Daar was geen beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. Terwyl die literatuur afstand van mark as 'n belangrike faktor beklemtoon, kan die antwoorde wat verkry is nie summier as 'n negering van die belangrikheid van hierdie faktor gesien word nie omdat die konsessiepakket juis ontwerp is om die gebiedsna-deel ten opsigte van afstand van die mark teen te werk en dus die antwoorde kon beïnvloed het.

By die drie gebiede tesame het die minderheid afstand vanaf grondstowwe as belangrik beskou, die meerderheid as 'n faktor wat binne berekening gebring is, maar nie as beduidend beskou is nie, terwyl 'n feitlik ewe groot meerderheid dit as irrelevant beskou het.

Daar was 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei omdat 'n groter persentasie hierdie faktor as belangrik in Ciskei as in Transkei beskou het.<sup>6)</sup> Daar was egter nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei nie, maar wel tussen die Grens en

---

6) Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0329 gehad. (p-waarde beteken die oorskrydingswaarskynlikheid van Chi-kwadraat).

Transkei. Die nul-hipotese dat die Grens en Ciskei en Transkei nie verskil nie kon dus nie verwerp word nie. 'n Mens sou verwag het dat afstand van grondstowwe 'n belangrike faktor sou wees veral omdat die spoortariefkonsessie nie op inkomende goedere van toepassing is nie. Dit wil egter voorkom of die spoortariefkonsessie op uitgaande goedere as genoegsame kompensasie beskou word om hierdie faktor teen te werk in die vestigingsbesluit.

Die verskynsel dat beide afstand vanaf mark en afstand vanaf grondstowwe nie deur die meerderheid respondente as 'n belangrike faktor beskou is nie, laat die vraag ontstaan of die konsessies op sigself nie die antwoorde beïnvloed het nie; meer nog omdat die antwoorde totaal in stryd met vestigingsteorie blyk te wees.

## ii) KAPITAAL

Hierdie afdeling handel oor die koste van kapitaal of finansiering (Vraag D (i)), die koste van geboue, masjinerie en toerusting (Vraag D (iii)) en beperkings op uitbreidings elders (Vraag E). Die meerderheid nywerhede in die drie gebiede tesame het goedkoop finansiering as 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit beskou. Daar was 'n beduidende verskil toe die Grens met Transkei en Ciskei vergelyk is. Die nul-hipotese dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei is nie, moes dus verwerp word. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei nie.

Meer respondente in Transkei en Ciskei tesame het finansiering as 'n belangrike faktor beskou, terwyl minder respondente in die Grens dieselfde mening gehuldig het. Dit wil hier voorkom of nyweraars in die twee Swart state goedkoop finansiering as 'n belangriker faktor beskou omdat hulle minder geneë is om die risiko alleen te dra as in die Grens.

Die meerderheid van die respondente in die drie gebiede het goedkoop geboue, masjinerie en toerusting as 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit beskou. Daar was 'n baie beduidende verskil toe die Grens met Ciskei en Transkei vergelyk is, terwyl die verskil tussen Ciskei en Transkei onbeduidend was. Slegs 38,0% van die respondente in die Grens teenoor 73,7% in Ciskei en Transkei het hierdie faktor as belangrik beskou. Terwyl dit aanvaar moet word dat masjinerie en toerusting naasteby dieselfde in die drie gebiede sal kos, is dit nie die geval met geboue nie. Die huur en koste van geboue is goedkoper in Ciskei en Transkei as in die Grens en weeg daarom swaarder by nyweraars wat daar vestig, dus die groter persentasie wat dit as 'n belangrike faktor beskou het.

Van die nyweraars in al drie gebiede het 70,4% beperkings op uitbreiding in 'n alternatiewe gebied as irrelevant beskou. Daar was 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei. 'n Groter persentasie nyweraars het hierdie faktor as onbeduidend in die Grens beskou as in die ander twee gebiede waar 'n groter persentasie dit as irrelevant beskou het. Uit die resultate is dit duidelik dat beperkings op nywerheidsuitbreiding in

metropolitaanse gebiede in Suid-Afrika nie 'n beduidende rol in die vestigingsbesluit in die drie gebiede gespeel het nie.

Samevattend kan gesê word dat in ooreenstemming met vestigingsteorie die meerderheid nyweraars in Ciskei en Transkei goedkoop finansiering, geboue, masjinerie en toerusting as belangrike vestigingsfaktore beskou het. Daar was 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei se antwoorde vergeleke met die Grens. Die meerderheid nyweraars in al drie gebiede het beperking op uitbreiding in 'n alternatiewe gebied nie as 'n belangrike vestigingsfaktor beskou nie. Daar was wel 'n beduidende verskil tussen Grens en Ciskei en Transkei, maar hierdie verskil kan aan die verskil in die graad van onbelangrikheid wat aan hierdie faktor toegeken is, toegeskryf word. Dit wil dus voorkom of beperkings op uitbreidings elders nie as 'n belangrike vestigingsfaktor beskou is nie.

### (iii) ARBEID

Hierdie afdeling handel oor die beskikbaarheid van die vereiste arbeidsvernuf (Vraag C), arbeidskoste (Vraag I (ii)), nywerheidsverhoudinge (Vraag G (ii)) en produktiwiteit van die arbeidsmag (Vraag G (iii)).

In die drie gebiede tesame het 'n minderheid die beskikbaarheid van die vereiste arbeidsvernuf as belangrik beskou. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie. Hierdie

antwoorde kan waarskynlik toegeskryf word aan die verskynsel dat die meerderheid werkers òf semi-geskoold òf ongeskoold is en uit die aard van die saak nogtans in staat is om die werk in die oorwegend arbeidsintensiewe nywerhede te verrig. Die moontlikheid bestaan ook dat die opleidingskonsessie as teenmiddel vir onopgeleide arbeid deur voornemende investeerders gesien is en die beantwoording van hierdie vraag kon beïnvloed het.

Alhoewel baie nyweraars die standpunt gemaak het dat weens die onproduktiwiteit van laag besoldigde en onopgeleide arbeiders daar nie van "goedkoop" arbeid gepraat kan word nie, het hulle die faktor tog as belangrik beskou. In die drie gebiede tesame het 'n meerderheid goedkoop arbeid as 'n belangrike faktor beskou. Daar was 'n sterk beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei. Die nul-hipotese dat daar geen verskil tussen die gebiede was nie, moet dus verwerp word. Slegs 46,0% van die respondente in die Grens het goedkoop arbeid as 'n belangrike faktor beskou teenoor 71,6% in Ciskei en Transkei. Dit wil voorkom of die verskil daaraan toegeskryf kan word dat die Grensgebied wat meer metropolitaans van aard as die twee Swartgebiede is waarskynlik 'n hoër loonkoers het en voorts meer op kapitaalintensiewe projekte gekonsentreer het as in die ander gebiede.

Goeie nywerheidsverhoudinge, dit wil sê die verhouding tussen werkgewers en werknemers, is nie deur die meerderheid as 'n belangrike vestigingsfaktor beskou nie en die meerderheid het dit òf as nie-beduidend òf as irrelevant beskou. Daar was nie 'n

beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie. Dit wil voorkom of die arbeidsmag ten opsigte van nywerheidsverhoudinge as sinoniem met die Suid-Afrikaanse arbeidsmag beskou is en dus nie as 'n uitstaande faktor in die vestigingsbesluit gesien is nie.

Die meerderheid respondente het hoër produktiwiteit <sup>7)</sup> van die arbeidsmag as 'n irrelevante vestigingsfaktor beskou. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die antwoorde in die Grens en Ciskei en Transkei nie met die gevolg dat die nul-hipotese nie verwerp kon word nie. Tydens die beantwoording van die vraelyste het die respondente feitlik sonder uitsondering laat blyk dat daar nie sprake van "hoër" produktiwiteit was nie. Omdat hoër produktiwiteit dus nie 'n werklikheid was nie, het dit nie as aantrekkingskrag by die vestigingsbesluit gedien nie en is dit gevolglik as irrelevant beskou. Dit is vanselfsprekend dat die nyweraars anders sou antwoord indien daar wel 'n hoogs produktiewe arbeidsmag in die gebied aanwesig was.

Samevattend kan gesê word dat goedkoop arbeid die enigste arbeidsgerigte vraag was wat in al drie gebiede tesame as 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit beskou is. Alhoewel lae produktiwiteit hierdie voordeel tot 'n mate kon neutraliseer,

---

7) Terwyl arbeidsvernuf na die vaardigheid of vermoë om die werk te kan doen verwys, is produktiwiteit gemoeid met maksimale benutting van daardie vermoë.

was die lae koste van arbeid tog die enigste uitstaande aantrekkingskrag by vestiging. Hierdie resultaat is in ooreenstemming met vestigingsteorie dat goedkoop arbeid 'n vestigingsfaktor is. Die moontlikheid dat die bestaande konsessies die antwoorde kon beïnvloed het moet egter nie oor die hoof gesien word nie.

#### (iv) INFRASTRUKTUUR

In hierdie afdeling word die beskikbaarheid van goedkoop nywerheidsgrond (Vraag D (iv)), die beskikbaarheid van water (Vraag G (iv)), die beskikbaarheid van lae koste behuising vir werknemers (Vraag G (v)), toeganklikheid tot 'n voldoende infrastruktuur (Vraag G (iv)) en die lewensstandaard in die gebied (Vraag G (vii)), bespreek.

Die meerderheid het goedkoop nywerheidsgrond as belangrik beskou. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie. Dit wil hier voorkom asof die goedkoop nywerheidsgrond in die drie gebiede relatief tot die metropolitaanse gebiede as 'n sterk aantrekkingskrag deur voornemende investeerders beskou word.

Die minderheid van die respondente het water as 'n belangrike vestigingsfaktor beskou. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie.

Die meerderheid respondente het die beskikbaarheid van goedkoop behuising aan werknemers as nie-beduidend beskou. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie. Daar was egter 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei, en tussen die Grens en Transkei, maar nie tussen die Grens en Ciskei nie.

Die vraag rakende toeganklikheid tot 'n voldoende infrastruktuur het die pad-, spoor en haweervoeraspekte van die infrastruktuur beklemtoon. Die meerderheid het hierdie faktor as belangrik beskou. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie. Dit is duidelik dat die streeksontwikkelsowerhede se pogings om 'n bevredigende infrastruktuur daar te stel swaar weeg by die neem van die vestigingsbesluit deur nywerhede.

Die meerderheid het die lewensstandaard in die gebiede as 'n irrelevante of nie-beduidende vestigingsfaktor beskou. Daar was <sup>8)</sup> 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei. Die Grens het lewensstandaard as 'n belangriker faktor as die ander twee gebiede beskou wat dan ook verklaar hoekom hulle eerder in die meer metropolitaanse gebied gevestig het as nyweraars in Ciskei en Transkei waartussen geen beduidende verskil bestaan het nie.

---

8) Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0008 gehad.

Samevattend kan gesê word dat die meerderheid nyweraars in die drie gebiede goedkoop nywerheidsgrond en toeganklikheid tot voldoende spoor-, pad- en hawevervoer as belangrike vestigingsfaktore beskou het. Met die uitsondering van Transkei is die beskikbaarheid van goedkoop behuising aan werknemers nie as 'n belangrike faktor beskou nie. Water is deur al drie gebiede as vestigingsfaktor verwerp. Terwyl die Grens 'n hoë premie op lewensstandaard in die gebied geplaas het, het Ciskei en Transkei dit nie as belangrik beskou nie. Die verskynsel dat slegs infrastrukturele faktore soos nywerheidsgrond en vervoer as belangrike vestigingsfaktore in al drie gebiede beskou is, laat die vraag ontstaan of die verskille wat ten opsigte van die ander faktore voorgekom het nie weens die status quo in die gebiede ontstaan het nie. Die huidige behuisingstekort in Transkei is 'n uitstekende voorbeeld van hoe die status quo nyweraars kon beïnvloed het om in retrospeksie te beweer dat goedkoop behuising 'n belangrike vestigingsfaktor was. Die resultaat dat 'n groot gedeelte van die totale infrastruktuur as belangrik beskou is, is egter in ooreenstemming met vestigingsteorieë wat infrastruktuur as 'n vestigingsfaktor identifiseer.

#### (v) POLITIEKE STABILITEIT

'n Mens sou verwag dat politieke stabiliteit 'n belangrike rol in die vestigingsbesluit sou speel omdat dit nou saamhang met die risikofaktor. Die meerderheid (42,7%) ondernemings het politieke stabiliteit egter as 'n nie-beduidende faktor beskou terwyl 29,4% en 28,0% dit onderskeidelik as belangrik en irrelevant beskou

het. Daar was geen beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie. Die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. Die feit dat politieke stabiliteit nie as 'n belangrike faktor beskou is nie, kan daaraan toegeskryf word dat die drie gebiede as 'n integrale deel van Suid-Afrika beskou word. Die nywerhede wat in die Swart state investeer kan boonop aansoek doen vir versekering teen byvoorbeeld nasionalisering wat die politieke risiko grootliks verminder.

#### (vi) KONSESSIES

In die drie gebiede het die meerderheid die konsessiepakket as belangrik beskou. Daar was 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei. Die nul-hipotese moet dus verwerp word.

Hierdie verskil is deels daaraan toe te skryf dat 'n groter persentasie, naamlik 82,1% in Ciskei en Transkei teenoor 68,8% in die Grens die konsessiepakket as 'n belangrike faktor beskou het. Dit is egter uit die antwoorde duidelik dat die konsessiepakket as 'n uiters belangrike faktor in die vestigingsbesluit beskou word. Die Regering het dus deur middel van sy desentralisasiebeleid daarin geslaag om 'n konsessiepakket daar te stel wat nywe- raars (alhoewel nie almal nie) na die gebied aantrek.

#### 4.3 EVALUERING VAN DIE DESENTRALISASIEKONSESSIES

Dit is duidelik uit Tabel 4.6 hieronder dat met die uitsondering van die elektrisiteitssubsidie wat almal ontvang, die spoorrabat, loonkonsessie, rentesubsidie op belegging en huislenings deur die grootste persentasie ondernemings ontvang word.

Samevattend kan die prentjie soos volg in tabelvorm voorgestel word:

TABEL 4.6 KONSESSIES WAT ONTVANG WORD OF WAARVOOR AANSOEK GEDOEN IS IN AL DRIE GEBIEDE

Konsessie	firmas waaraan dit toegestaan is	firmas wat aansoek gedoen het, maar nog nie ontvang het nie
Spoorrabat	83,9%	4,7%
Padvervoerrabat	44,3%	6,7%
1) Huursubsidie	71,8%	0,7%
Hawerabat	22,1%	4,0%
2) Elektrisiteitssubsidie	73,8%	3,4%
3) Rentesubsidie op huislenings	72,5%	2,7%
4) Opleidingsrabat	41,6%	10,7%
5) Prysvoorkeur op tenders	34,9%	4,7%
Loonkonsessie	83,9%	0,7%
Verskuiwingstoelaag	30,9%	2,0%
Rentesubsidie op belegging	69,8%	1,3%

- 1) Slegs 52,9% het die subsidie in die Grens ontvang, moontlik omdat hulle eerder geboue gekoop as gehuur het. In Ciskei was die persentasie 93%.
- 2) Soos reeds genoem, ontvang al die firmas die elektrisiteit-subsidie. Aangesien dit egter outomaties toegestaan word, het baie ondernemings òf weens onkunde òf as gevolg van die feit dat hulle die subsidie nie op grond van formele aansoek ontvang het nie, nie aangedui dat hulle die subsidie ontvang nie.
- 3) Slegs 53,3% het hierdie subsidie in Transkei ontvang waar probleme met huisvesting ondervind word.
- 4) 'n Hoër persentasie, naamlik 66,7% het die opleidingsubsidie in Transkei ontvang, heelwaarskynlik omdat die deursnee fabriekswerker meer opleiding daar nodig het. Slegs 18,9% het dit in Ciskei ontvang waar dit duidelik verwaarloos word.
- 5) 'n Hoër persentasie, naamlik 47,1% het die subsidie in die Grens ontvang.

TABEL 4.7

KRUISTABULERING VAN GEBIED MET BELANGRIJKSTE KONSESSIES

	TELLING RY PERS KOL PERS	SPOOR RABAT	PADVERVOER RABAT	HUR SUB SIDIE	ELEK SUB- SIDIE	OPLEID RABAT	LOON RABAT	VERSKUIWING TOELAAG	RENTE SUB- SIDIE	RY TOTAAL
	1	2	3	5	7	9	10	11		
GRENS	1	17 34.0 68.0	1 2.0 50.0			2 4.0 28.6	20 40.0 24.1		10 20.0 50.0	50 35.2
TRANSKEI	2	6 14.3 24.0		2 4.8 100.0		5 11.9 71.4	24 57.1 28.9		5 11.9 25.0	42 29.6
CISKEI	4	2 4.0 8.0	1 2.0 50.0		2 4.0 100.0		39 78.0 47.0	1 2.0 100.0	5 10.0 25.0	50 35.2
	KOLOM TOTAAL	25 17.6	2 1.4	2 1.4	2 1.4	7 4.9	83 58.5	1 .7	20 14.1	142 100.0

125

CHI-KWAD

BEDUIDENDHEID

39.14275

.0003

AANTAL ONTBREKENDE WAARNEMINGS = 7

Volgens tabel 4.7 het 58,5% van die ondernemings in al drie gebiede die loonkonsessie as die belangrikste konsessie geklassifiseer terwyl 14,1% die rentesubsidie op belegging en 17,6% die spoorrabat as die belangrikste beskou het. Nie een van die ander konsessies is deur meer as 10% van die nyweraars as die belangrikste beskou nie. Daar was 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei ten opsigte van die keuse van die belangrikste konsessie. Daar was egter 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei, met die gevolg dat die nul-hipotese dat daar geen verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei bestaan nie, nie verwerp kon word nie. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Transkei nie, maar wel tussen die Grens en Ciskei.

TABEL 4.8

RANGORDE : BELANGRIKSTE KONSESSIE

KONSESSIE	CISKEI	TRANSKEI	GRENS
Loonkonsessie	1	1	1
Rentesubsidie op belegging	2	2	3
Spoorrabat	3	3	2
Huursubsidie	5	5	4
Opleidingsrabat	7	4	5
Rentesubsidie op huislenings	4	8	7
Padvervoerrabat	8	7	5
Verskuiwingstoelaag	8	6	10
Elektrisiteitsubsidie	6	8	8
Prysvoorkeur op tenders	10	8	8
Hawerabat	10	11	10

'n Chi-kwadraat van 25,26 is vir die bogenoemde rangordes bereken met 'n beduidendheidsgraad van 0,01%. Daar was 'n hoë korrelasie tussen die waardes. Die rangordes kan gevolglik nie aan kans toegeskryf word nie.

TABEL 4.9

## KRUISTABULERING VAN GEBIED MET TWEDE BELANGRIKSTE KONSESSIE

	TELLING RY PERS KOL PERS	SPOOR RABAT	PADVERVOER RABAT	HUUR SIDIE	SUB SIDIE	ELEK SUB- SIDIE	RENTE SUB- SIDIE HUIS- LENING	OPLEID RABAT	PRYS- VOORK TENDER	LOON RABAT	VERSKUIWING TOELAAG	RENTE SUB- SIDIE	RY TOTAAL
	1	2	3	5	6	7	8	9	10	11			
GRENS	1	7	4	5	1	4	3	1	12		11	48	
		14.6	8.3	10.4	2.1	8.3	6.3	2.1	25.0		22.9	35.3	
		25.0	66.7	35.7	50.0	33.3	33.3	50.0	46.2		32.4		
TRANSKEI	2	7	2	3	1	1	5	1	9	3	8	40	
		17.5	5.0	7.5	2.5	2.5	12.5	2.5	22.5	7.5	20.0	29.4	
		25.0	33.3	21.4	50.0	8.3	55.6	50.0	34.6	100.0	23.5		
CISKEI	4	14		6		7	1		5		15	48	
		29.2		12.5		14.6	2.1		10.4		31.3	35.3	
		50.0		42.9		58.3	11.1		19.2		44.1		
KOLOM	28	6	14	2	12	9	2	26	3	34	136		
TOTAAL	20.6	4.4	10.3	1.5	8.8	6.6	1.5	19.1	2.2	25.0	100.0		

CHI-KWAD

BEDUIDENDHEID

27.99363

.0622

Volgens Tabel 4.9 is die rentesubsidie op belegging deur 25,0% as die tweede belangrikste konsessie aangewys, terwyl die spoorrabat met 20,6%, die loonkonsessie met 19,1% en die huurkonsessie met 10,3%, die enigste ander was wat meer as 10% kon behaal.

Daar was nie ten opsigte van die tweede belangrikste konsessie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie, dus kon die nul-hipotese dat daar nie 'n verskil tussen die drie gebiede bestaan nie, nie verwerp word nie. Daar was 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei wat in elk geval die verwerping van die nul-hipotese sou verhoed het. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en die Grens en Transkei nie.

Die nyweraars het hulle voorkeure op finansiële oorwegings gegrond en dit blyk duidelik uit die eerste plek wat aan die loonkonsessie wat 'n stewige maandelikse bron van inkomste is, toegeken is. Dieselfde beginsel geld vir die tweede plek van die rentesubsidie op belegging wat ook 'n periodieke bron van inkomste verteenwoordig. Die beginsel geld ook sterk by die spoorrabat, die huursubsidie en die opleidingsrabat. Die ander konsessies hou waarskynlik minder direkte finansiële voordele vir die ondernemings in omdat hulle nie grootliks van die konsessies gebruik maak nie, soos byvoorbeeld die prysvoorkeur op tenders en die hawerabat wat skaars ondersteun word. Die elektrisiteitsubsidie word skynbaar nie juis gereken nie omdat dit outomaties toegestaan word. Die verskuiwingstoelaag is 'n eenma-

lige konsessie wat net deur 30,9% van die firmas gebruik is en alhoewel dit groot finansiële verligting met verskuiwing inhou, eindig die finansiële voordeel ten opsigte van kontantinvloei nadat verskuiwing geskied het. Die padvervoerrabat word laer geag as byvoorbeeld die spoorrabat omdat nyweraars dit minder gebruik en boonop ernstig deur die padvervoerregulasies en administratiewe rompslomp gekortwiek word.

Daar was 'n sterk verband in die drie gebiede tesame tussen ondernemings wat goedkoop arbeid as 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit beskou het (Vraag II D(ii)) en hulle keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Die verband was sterk in Transkei en Ciskei tesame maar daar was geen verband in die Grens individueel nie. In die Grens was daar 'n beduidende verband tussen persone wat goedkoop finansiering as 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit beskou het en die waarde wat aan die rentesubsidie op belegging toegeken is.

Daar sou redelikerwyse verwag kon word dat nyweraars wat in sekere nywerheidsgroepe geklassifiseer kan word se voorkeure ten opsigte van konsessies sou verskil. So byvoorbeeld sou 'n mens kon verwag dat nyweraars in die tekstiel-en klerebedryf wat baie arbeidsintensief is 'n sterker voorkeur vir byvoorbeeld die loonkonsessie as nyweraars in die staalbedryf sal hê wat minder arbeidsintensief is. Die nywerhede is volgens die standaardnywerheidsklassifikasie in die kategorieë tekstiel, hout en meubelprodukte, metaalprodukte en ander produkte verdeel.

Daar is deur middel van gebeurlikheidstabelle probeer bepaal of 'n beduidende verskil tussen hulle voorkeure ten opsigte van die belangrikste konsessie bestaan het. 'n Vergelyking van die vier nywerheidsgroepe in al drie gebiede ten opsigte van die belangrikste konsessie het slegs 'n beduidende verskil ten opsigte van die padvervoerkonsessie opgelewer. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0422 gehad. Die nywerheidsgroep het dus nie 'n invloed op die keuse van die belangrikste konsessie uitgeoefen nie.

#### 4.4 EIENSKAPPE VAN DIE MAATSKAPPY - VESTIGINGSFAKTOR - BELANGRIKSTE KONSESSIE

Ten einde te probeer vasstel of die eienskappe van die maatskappy die belangrikheidsgraad van sekere vestigingsfaktore en op sy beurt die keuse van die belangrikste konsessie beïnvloed het, is twee-rigting tabelle opgestel. Aangesien die statistiek nie ten opsigte van groepe waar die aantal rye of kolomme 'n waarde van 1 gehad het, bereken kan word nie, word daardie groepe nie bespreek nie. Slegs die groepe waar 'n beduidende verskil voorgekom het, word in Tabel 4.10 saamgevat. Die gedagte was om te probeer vasstel of sekere tipe maatskappye spesifieke voorkeure ten opsigte van vestigingsfaktore het en te bepaal of hulle dan voorkeur aan sekere konsessies gee, ongeag die gebied waarvandaan hulle afkomstig is. Die beginsel word dus erken dat verskille nie net tussen die verskillende gebiede sal voorkom nie, maar moontlik ook tussen sekere groepe ondernemings.

TABEL 4.1

BEDUIDENDE VERSKILLE TEN OPSIGTE VAN EIENSKAPPE VAN DIE MAATSKAPPY, VESTIGINGSFAKTOR EN DIE BELANGRIKSTE KONSESSIE

EIENSKAP VAN MAATSKAPPY	VESTIGINGSFAKTOR	BELANGRIKSTE KONSESSIE	CHI-KWAD SE P-WAARDE
1. Grootte van die maatskappy	Nabyheid aan die primêre mark	Loonkonsessie	0,149
2. Grootte van die maatskappy	Afstand vanaf grondstowwe	Rentesubsidie op belegging	0,358
3. Grootte van die maatskappy	Hoër produktiwiteit van die arbeidsmag	Loonkonsessie	0,461
4. Filiale en nie-filiale	Afstand vanaf grondstowwe	Opleidingsrabat	0,498
5. Filiale en nie-filiale	Beskikbaarheid van lae-koste behuising	Loonkonsessie	0,439
6. Filiale en nie-filiale	Lewensstandaard in die gebied	Loonkonsessie	0,0083
7. Eienaarskap (bv. S.A. of Buitelands)	Nabyheid aan primêre mark	Opleidingsrabat	0,0328
8. Eienaarskap	Beskikbaarheid van goedkoop geboue, masjinerie en toerusting	Loonkonsessie	0,0063
9. Eienaarskap	Beskikbaarheid van goedkoop nywerheidsgrond	Loonkonsessie	0,0236
10. Eienaarskap	Lae-koste behuising	Loonkonsessie	0,0212
11. Eienaarskap	Lewensstandaard in die gebied	Opleidingsrabat	0,0472
12. Afsetgebied	Nabyheid aan die primêre mark	Rentesubsidie op belegging	0,0493
13. Afsetgebied	Goedkoop arbeid	Loonkonsessie	0,0010
14. Afsetgebied	Politiese stabiliteit	Loonkonsessie	0,0168
15. Afsetgebied	Konsessiepakket	Loonkonsaessie	0,0035
16. Oorsprong van vestigingsfondse	Beskikbaarheid van goedkoop finansiering	Spoorrabat	0,0416
17. Oorsprong van vestigingsfondse	Goedkoop finansiering	Loonkonsessie	0,0117
18. Oorsprong van vestigingsfondse	Beskikbaarheid van vereiste arbeidsvaardighede	Loonkonsessie	0,0302
19. Oorsprong van vestigingsfondse	Lae-koste behuising		0,0230
20. Oorsprong van vestigingsfondse	Konsessiepakket	Spoorrabat	0,0269

#### 4.4.1 GROOTTE VAN DIE MAATSKAPPY

Daar was volgens Tabel 4.10 'n beduidende verskil tussen die grootte van die maatskappy as eienskap, die belangrikheidsgraad wat aan nabyheid aan die primêre mark as vestigingsfaktor toegeken is en die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. 'n Mens sou verwag het dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die drie groepe maatskappye sou wees nie, maar dit het tog geblyk dat veral die klein en medium maatskappye wat die loonkonsessie as die belangrikste gekies het, nabyheid aan primêre mark as 'n belangrike vestigingsfaktor gesien het. Aangesien die loonkonsessie groot kontantvloeivoordele vir die firma inhou wil dit voorkom of die groot firmas heelwaarskynlik eerder sonder hierdie kontantinspuiting sal kan klaarkom as die medium- en klein firmas.

Toe die grootte van die maatskappy met die belangrikheid van afstand vanaf grondstowwe en die keuse van die belangrikste konsessie vergelyk is, was daar slegs 'n beduidende verskil ten opsigte van die rentesubsidie op belegging. Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat medium en klein firmas wat die rentesubsidie op belegging as die belangrikste beskou het 'n hoër waarde aan nabyheid aan grondstowwe as groot firmas toegeken het.

Daar was ten opsigte van die grootte van die maatskappy, belangrikheidsgraad wat aan die hoër produktiwiteit van die werksmag toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as die belangrik-

ste konsessie 'n beduidende verskil. Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat die meerderheid groot en klein maatskappye hoër produktiwiteit as 'n irrelevante vestigingsfaktor beskou het en moontlik om vir die verwagte lae produktiwiteit te vergoed die loonkonsessie as die belangrikste konsessie beskou het. Dieselfde neiging was merkbaar by mediumgrootte maatskappye, maar swakker.

#### 4.4.2 VERBINTENIS MET GROTER MAATSKAPPE - VESTIGINGSFAKTOR - BELANGRIKSTE KONSESSIE

Ten opsigte van nabyheid aan grondstowwe was daar soos aangetoon in Tabel 4.10 slegs in die geval van die opleidingsrabat 'n beduidende verskil. Aangesien hierdie totale groep slegs 6 nywerhede verteenwoordig het waarvan net 1 in die kategorie van filiale geval het, kan daar nie veel ag op hierdie verskil geslaan word nie.

Daar was 'n beduidende verskil tussen filiale en nie-filiale se belangrikheidsgraad wat aan die beskikbaarheid van lae-koste behuising as vestigingsfaktor toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as belangrikste konsessie. Hierdie verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat 'n groter persentasie filiale lae-koste behuising as 'n belangrike vestigingsfaktor as nie-filiale beskou het. Dit is moontlik dat filiale weens hulle verbintenisse met groot maatskappye wat normaalweg groter werkverskaffers as nie-filiale is groter waarde aan lae-koste behuising vir werknemers heg.

Daar was 'n baie beduidende verskil tussen filiale en nie-filiale se belangrikheidsgraad wat aan die lewensstandaard in die gebied toegeken is en hulle keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Nie-filiale het lewensstandaard as 'n belangriker vestigingsfaktor as filiale beskou. Hierdie verskynsel kan moontlik daaraan toegeskryf word dat bestuurders van nie-filiale beseef het dat hulle langer in die gebied sou moes bly as filiale se bestuurders wat mettertyd verplasings kon aanvra.

#### 4.4.3 EIENAARSKAP - VESTIGINGSFAKTOR - BELANGRIKSTE KONSESSIE

Eienaarskap is verdeel in Suid-Afrikaans, Buitelands of beide. In hierdie afdeling is daar deur middel van tweerigtingstabelle probeer vasstel of daar 'n beduidende verskil ten opsigte van die belangrikheidsgraad wat aan vestigingsfaktore toegeken is en die keuse van die belangrikste konsessie bestaan het.

Daar was 'n beduidende verskil tussen eienaarskap, die belangrikheidsgraad wat aan afstand vanaf primêre mark toegeken is en die keuse van die opleidingsrabat as belangrikste konsessie (sien Tabel 4.10). Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat maatskappye wat in buitelandse besit was afstand vanaf primêre mark belangriker as die ander groepe geag het. Die opleidingsrabat is dus onder andere as 'n vergoeding vir die afstandsfaktor deur maatskappye in buitelandse besit wat die konsessie as die belangrikste beskou het, gesien. In die geval van die beskikbaarheid van goedkoop geboue, masjinerie en toerus-

ting was daar 'n beduidende verskil tussen die drie groepe ten opsigte van die loonkonsessie as eerste keuse. Hierdie verskil kan grotendeels daaraan toegeskryf word dat 'n baie hoër persentasie maatskappye wat in buitelandse besit was en die loonkonsessie as die belangrikste gekies het, die beskikbaarheid van goedkoop geboue, masjinerie en toerusting as 'n belangrike vestigingsfaktor beskou het.

Daar was ook 'n beduidende verskil tussen eienaarskap, die belangrikheid wat aan die beskikbaarheid van goedkoop nywerheidsgrond toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Hierdie verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat maatskappye wat in Suid-Afrikaanse en buitelandse besit en slegs in buitelandse besit was die beskikbaarheid van goedkoop nywerheidsgrond as belangriker beskou het as maatskappye wat slegs in Suid-Afrikaanse besit was. Daar was wel 'n beduidende verskil tussen eienaarskap en die belangrikheid wat aan lae-koste behuising toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Hierdie verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat maatskappye wat in buitelandse besit was, goedkoop behuising as 'n belangriker vestigingsfaktor as die ander twee groepe beskou het.

Daar was 'n beduidende verskil tussen eienaarskap, die belangrikheid wat aan die lewensstandaard as vestigingsfaktor toegeken is en die keuse van die opleidingsrabat as die belangrikste konsessie. Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat die maatskappye wat in Suid-Afrikaanse besit was

lewensstandaard as 'n belangriker vestigingsfaktor as die ander groepe beskou het. Die universum van hierdie groep was egter baie klein.

#### 4.4.4 AFSETGEBIED - VESTIGINGSFAKTOR - BELANGRIKSTE KONSESSIE

Soos in Tabel 4.10 aangetoon, was daar 'n beduidende verskil tussen firmas met die eienskap dat hulle verskillende afsetgebiede gehad het, die belangrikheidsgraad wat hulle aan afstand vanaf primêre mark as vestigingsfaktor toegeken het en hulle keuse van die rentesubsidie op belegging as vestigingsfaktor. Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat die meerderheid firmas wat slegs vir die Suid-Afrikaanse mark geproduseer het, afstand vanaf primêre mark as 'n onbelangrike vestigingsfaktor beskou het. Daar was 'n baie beduidende verskil tussen afsetgebied, die belangrikheid wat aan goedkoop arbeid as vestigingsfaktor toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Die verskil kan grootliks daaraan toegeskryf word dat firmas wat uitsluitlik vir die uitvoermark, tuislandmark en Suid-Afrikaanse mark geproduseer het goedkoop arbeid as 'n belangriker vestigingsfaktor beskou het as firmas wat vir die Suid-Afrikaanse en tuislandmarkte tesame en die Suid-Afrikaanse en uitvoermarkte tesame geproduseer het. Dit is nie duidelik waarom hierdie verskil voorgekom het nie.

Daar was 'n beduidende verskil tussen die firmas wat verskillende afsetgebiede as eienskap gehad het ten opsigte van die belangrikheidsgraad wat aan politieke stabiliteit as vestigingsfaktor

toegeken is en hulle keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Die verskil kan deels daarvan toegeskryf word dat die meerderheid firmas wat uitsluitlik vir die Suid-Afrikaanse mark produseer politieke stabiliteit as 'n nie-belangrike vestigingsfaktor beskou het. Hierdie beskouing stem ooreen met die algemene siening onder nyweraars dat die navorsingsgebied ten opsigte van politieke stabiliteit sinoniem met die res van Suid-Afrika was.

Daar was ook 'n baie beduidende verskil tussen die afsetgebiede se belangrikheidsgraad wat aan die konsessiepakket as vestigingsfaktor toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat die meerderheid van die firmas wat Suid-Afrika as enigste afsetgebied het en 71% van die steekproef verteenwoordig die konsessiepakket as belangrike vestigingsfaktor beskou het.

#### 4.4.5 OORSPRONG VAN VESTIGINGSFONDSE - VESTIGINGSFAKTORE - BELANGRIKSTE KONSESSIE

Om die vraag te probeer beantwoord of die oorsprong van vestigingsfondse die belangrikheidsgraad van vestigingsfaktore en die keuse van die belangrikste konsessie beïnvloed het, is tweerigting tabelle weer eens opgestel.

Daar was 'n beduidende verskil tussen die oorsprong van

vestigingsfondse en die belangrikheidsgraad wat aan die beskikbaarheid van goedkoop finansiering as vestigingsfaktor toegeken is en die keuse van die sporkonsessie as die belangrikste konsessie (sien Tabel 4.10). Die verskil kan grootliks daaraan toegeskryf word dat 63,2% van die firmas wat hoofsaaklik met eie fondse totstand gekom het, goedkoop finansiering as 'n irrelevante vestigingsfaktor beskou het. Dit kon ook verwag word, want as 'n firma bereid was om met sy eie fondse te begin, kon goedkoop finansiering deur ander instansies nie 'n primêre rol gespeel het nie. Daar was ook 'n baie beduidende verskil tussen die oorsprong van vestigingsfondse as eienskap en die belangrikheidsgraad wat aan goedkoop finansiering as vestigingsfaktor toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat firmas in die grootste groep, naamlik dié wat hoofsaaklik van eie fondse gebruik gemaak het, die beskikbaarheid van goedkoop finansiering as 'n minder belangrike vestigingsfaktor as die ander groepe beskou het.

Daar was 'n beduidende verskil tussen die oorsprong van vestigingsfondse as eienskap en die belangrikheidsgraad wat aan die beskikbaarheid van die vereiste arbeidsvaardighede toegeken is en die keuse van die loonkonsessie as die belangrikste konsessie. Die verskil kan deels daaraan toegeskryf word dat firmas wat hoofsaaklik van eie fondse by vestiging gebruik gemaak het en die grootste groep verteenwoordig het nie die beskikbaarheid van die vereiste arbeidsvaardighede as so 'n belangrike vestigingsfaktor as die ander groepe beskou het nie.

Daar was ook 'n beduidende verskil tussen die oorsprong van vestigingsfondse as eienskap van die maatskappy en die belangrikheidsgraad wat aan lae-koste behuising as vestigingsfaktor toegeken is en die keuse van die belangrikste konsessie. Die verskil kan onder andere daaraan toegeskryf word dat die grootste groep, naamlik die een wat hoofsaaklik van eie fondse gebruik gemaak het lae-koste behuising as 'n minder belangrike vestigingsfaktor as die ander groepe beskou het. Hierdie beskouing kon op 'n groter onafhanklikheidsgevoel gegrond gewees het.

Ten opsigte van die belangrikheid van die konsessiepakket as vestigingsfaktor was daar by die keuse van die spoorrabat as belangrikste konsessie 'n beduidende verskil tussen die groepe wat van verskillende finansieringsbronne by vestiging gebruik gemaak het. Die verskil kan veral daaraan toegeskryf word dat die meerderheid firmas in die grootste groep, naamlik die wat van eie fondse gebruik gemaak het, die konsessiepakket as 'n belangriker vestigingsfaktor as die ander groepe beskou het. Dit wil dus voorkom of die konsessiepakket 'n sterk aansporing vir hierdie groep was om hulle eie fondse in die gebied te investeer.

Opsommenderwyse kan gesê word dat die eienskappe van die firma in sommige gevalle wel die keuse van 'n bepaalde vestigingsfaktor en op sy beurt voorkeur aan 'n bepaalde konsessie beïnvloed het. Dit was egter opmerklik (sien Tabel 4.10) dat waar verskille voorgekom het die konsessies met die grootste kontantvoordele as die belangrikste aangedui is, byvoorbeeld die loonkonsessie, spoorrabat en die rentesubsidie op belegging.

#### 4.5 VOORTSPRUITENDE ERVARING VAN DIE MAATSKAPPY

In hierdie afdeling is daar gepoog om vas te stel in welke mate nyweraars se verwagtings van die desentralisasiekonsessies bevredig is.

TABEL 4.11

#### VOORTSPRUITENDE ERVARING VAN DIE MAATSKAPPY

TEVREDENHEID MET	JA	NEE	BEDUIDENDE VERSKIL TUSSEN GEBIEDE
<u>GRONDSTOWWE</u>			
Materiale en Dienste			Nee
Nabyheid Grondstowwe en Materiale	53,8%		Nee
<u>ARBEID</u>			
Kwaliteit van arbeid	53,2%		Nee
Produktiwiteit van arbeid		55,1%	Nee
Koste van arbeid	89,0%		Nee
Arbeidsbetrekkinge	93,7%		Nee
<u>VERVOER</u>			
Koste van vervoer (inkomende)	61,5%		Nee
Uitwaartse vervoerkoste	86,7%		Nee
<u>PRODUKSIE</u>			
Laer Produksiekoste in huidige gebied	74,2%		Nee
<u>INFRASTRUKTUUR</u>			
Koste van behuising	54,9%		Ja
Infrastruktuur	79,3%		Nee

#### (i) MATERIALE EN DIENSTE

Op die vraag of nyweraars met die verskaffing van materiale en dienste tevrede was, kon die nul-hipotese dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei was

nie, nie verwerp word nie. Dit was as gevolg van 'n beduidende verskil wat tussen Transkei en Ciskei voorgekom het.<sup>9)</sup> Terwyl die meerderheid nyweraars in Ciskei en die Grens met materiale en dienste tevrede was, was die minderheid (31,8%) in Transkei daarmee tevrede. Die ontevredenheid in die Transkei kon grootliks toegeskryf word aan 'n tekort aan tegnisi om dienste te lewer, 'n swakker vervoerstelsel vir die vervoer van materiale en 'n swakker telekommunikasieselsel.

Daar was 'n beduidende verskil tussen die antwoorde op die vraag of nabyheid aan grondstowwe en dienste 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit is en die vraag of nyweraars met die verskaffing van materiaal en dienste in die huidige gebied tevrede is.<sup>10)</sup> Die nul-hipotese moet dus verwerp word. 'n Mens sou verwag het dat die meerderheid nyweraars nabyheid aan grondstowwe as 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit sou beskou het veral omdat die meerderheid aangedui het dat hulle met die voorsiening van materiaal en dienste in die huidige gebied tevrede was.

---

9) Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei nie, maar wel tussen die Grens en Transkei waar Chi-kwadraat 'n p-waarde van ,0250 gehad het. Daar was ook nie 'n verskil tussen die vier nywerheidsgroepe nie.

10) Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0317 gehad.

Die meerderheid van die nyweraars in die drie gebiede gesamentlik was tevrede met die koste van materiale en komponente in die gebied. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. In Transkei was 'n kleiner persentasie, naamlik 44,2% tevrede, heelwaarskynlik omdat vervoerkoste hoër was as gevolg van die groter afstand na die primêre verskaffers.

#### (ii) ARBEID

Die meerderheid van die nyweraars in die drie gebiede gesamentlik was tevrede met die kwaliteit van arbeid in die gebied. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie.

Die vergelyking van die antwoord op die vraag of nyweraars met die kwaliteit van arbeid tevrede was met Vraag II C naamlik of die beskikbaarheid van die vereiste arbeidsvaardighede 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit was, het geen beduidende verskil opgelewer nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie. Dit beteken dat daar geen beduidende neiging ten opsigte van die beantwoording van tevredenheid met arbeid vergeleke met die waarde wat aan die vereiste arbeidsvaardighede as vestigingsfaktor toegeken is, bestaan het nie.

Alhoewel 'n geringe meerderheid van die nyweraars in die drie gebiede met die kwaliteit van arbeid tevrede was, was 'n feitlik ewe groot meerderheid van die nyweraars nie met die produktiwi-

teit van die arbeidsmag tevrede nie. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede ten opsigte van hierdie mening nie. Die verskynsel dat die nyweraars aan die een kant met die kwaliteit van arbeid tevrede was, maar aan die ander kant nie met produktiwiteit tevrede was nie beteken dat die werkers hulle taak bevredigend, maar te stadig verrig. Die rede vir hierdie probleem kan dalk voor die deur van 'n landelike eerder as 'n industriële kultuur gelê word.

Die oorgrote meerderheid van nyweraars in die drie gebiede gesamentlik was tevrede met die koste van arbeid in die gebied. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. Sommige nyweraars het egter die stelling gemaak dat daar nie so iets soos goedkoop arbeid bestaan nie. Hierdie stelling maak sin as daar na die ontevredenheid met produktiwiteit gekyk word. 'n Groot meerderheid van nyweraars in die drie gebiede gesamentlik was tevrede met arbeidsbetrekkings. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie.

### (iii) VERVOER

Die meerderheid van die nyweraars was tevrede met die koste van vervoer van goedere en materiaal wat deur die firma ontvang word. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie.

Toe die antwoord op hierdie vraag met die antwoord op vraag II B, naamlik of nabyheid aan die bron van grondstowwe en verskaffers 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit was, vergelyk is, was daar 'n beduidende verskil. Dit mag wees dat nyweraars by vestiging onder die indruk was dat aangesien die vervoerkonsessies die koste van vervoer behoort uit te skakel, afstand vanaf grondstowwe nie 'n probleem behoort te wees nie. Dit sou 'n kortsigtige siening gewees het omdat die vervoerkonsessies nie ten opsigte van inwaartse goedere geld nie.

Van die nyweraars was 86,7% met uitwaartse vervoerkoste tevrede. Daar was geen beduidende verskil tussen die drie gebiede nie. Die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. Dit is dus duidelik dat die vervoerkonsessies die gebiedsnadeel ten opsigte van vervoerkoste grootliks by klaarprodukte uitgeskakel het. Daar was nie 'n beduidende verskil toe die antwoorde op hierdie vraag met vraag II A, naamlik die belangrikheid van nabyheid aan die onderneming se primêre mark vergelyk is nie. Dit wil voorkom of nyweraars wat afstand van die primêre mark as 'n belangrike vestigingsfaktor beskou het wel die vervoerkonsessie as moontlike teenvoeter vir die afstand vanaf die mark kon gesien het.

#### (iv) PRODUKSIEKOSTE

Die vraag is gestel of indien die konsessies in aanmerking geneem word, nyweraars van mening is dat die totale koste van produksie laer in die huidige gebied is as wat dit in 'n alternatiewe

gebied sonder konsessies nader aan die metropolitaanse gebiede sou gewees het. Die meerderheid nyweraars in die Grens, Ciskei en Transkei was van mening dat die koste van produksie laer in die huidige gebied was. Dit is daarom duidelik dat die konsessiepakket wel in terme van produksiekoste die gebiedsnadeel in hierdie gebiede tot 'n groot mate teengewerk het. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie.

'n Vergelyking van die antwoord op hierdie vraag en vraag II E of die konsessiepakket wat die Regering in terme van sy desentralisasiebeleid aanbied 'n belangrike vestigingsfaktor was, het aangedui dat daar geen beduidende verskil tussen die antwoorde was nie. Nyweraars was dus konsekwent in hulle antwoorde ten opsigte van die belangrikheid van die konsessiepakket in beide vrae.

#### (v) INFRASTRUKTUUR

Die vrae in hierdie afdeling verwys onder andere na die beskikbaarheid van behuising teen 'n redelike koste sowel as na die algemene mening oor die vervoeraspekte van infrastruktuur.

Die nyweraars in die Grens was baie meer tevrede met die aanbod en koste van behuising as in Transkei en Ciskei. Daar was 'n baie beduidende verskil tussen die drie gebiede. Die nul-<sup>11)</sup>

---

11) Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0071 gehad.

hipotese dat daar nie 'n verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei was nie moet dus verwerp word.<sup>12)</sup> Toe die antwoord op hierdie vraag met vraag II G (v) wat die belangrikheid van lae-koste behuising as vestigingsfaktor gemeet het, vergelyk is, was daar nie 'n beduidende verskil tussen die antwoorde nie. Die meerderheid van nyweraars in die drie gebiede was van mening dat die infrastruktuur bevredigend was. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie maar daar was egter 'n baie beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei en die Grens en Transkei en dus kon die nul-hipotese nie verwerp word nie. Die swakker toestande van die paaie en die swakker spoorvervoer in Transkei is meestal as redes aangegee.

Daar was 'n sterk verband tussen nyweraars wat infrastuktuur as belangrike vestigingsfaktor beskou het (II G(vi)) en persone wat die infrastruktuur as voldoende beskou het. Dit wil dus voorkom of nyweraars hulle wel baie goed van die infrastuktuur vergewis het alvorens hulle in die gebied gevestig het. Die tevredenheid met die infrastruktuur getuig voorts van 'n hoë suksesgraad by streeksontwikkelings - en plaaslike owerhede ten opsigte van 'n baie duur en veeleisende diens. Ten opsigte van die voortspruitende ervaring van die maatskappy moet die vermoede dat die nyweraars nie met die toepassing van die konsessiepakket

---

12) Daar was nie 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei nie.

tevrede is nie, verwerp word. Daar was voorts net 'n enkele geval waar die nul-hipotese dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede is nie, verwerp kon word.

#### 4.6 ALGEHELE EVALUERING VAN DIE NYWERHEIDSDESENTRALISASIEPROGRAM

TABEL 4.12

#### ALGEHELE EVALUERING VAN DIE NYWERHEIDSDESENTRALISASIEPROGRAM

FAKTOR	JA	NEE	BEDUIDENDE VERSKIL TUSSEN GEBIEDE
Keuse van huidige gebied sonder konsessies		64,1%	Ja
Konsessie voldoende om vir vestiging te vergoed	87,7%		Nee
Wins indien konsessie onttrek word	63,8%		Nee
Prysverhogings indien konsessies onttrek	73,9%		Ja
Konsessies genoegsaam vir verdere groei van die firma	88,0%		Nee
Toekomstige uitbreiding op ander faktore berus	79,4%		Nee
Konsessies voldoende om ontwikkeling te verhaas	89,9%		Nee
Meer moet gedoen word om nywerheidsontwikkeling te stimuleer	68,8%		Nee
Verkies konsessies bo maatskappybelasting	59,5%		Nee

In die Grens, Ciskei en Transkei tesame het die meerderheid van die nywerhede aangedui dat hulle nie die huidige gebied in die

afwesigheid van die konsessiepakket sou gekies het nie. (Vraag 5.1). Daar was 'n baie beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei met Chi-kwadraat wat 'n p-waarde van ,0000<sup>13)</sup> gehad het. Die mening in die Grens was feitlik die teenoorgestelde as in Ciskei en Transkei waar onderskeidelik 81,0% en 78,4% van die nywerhede nie sonder die konsessies in die gebied sou gevestig het nie, teenoor slegs 34,7% in die Grens. Dit is dus duidelik dat die konsessiepakket 'n groter rol gespeel het om nywerhede na Ciskei en Transkei as na die Grens te lok. Die stelling kan gemaak word dat die meeste nywerhede sonder die konsessiepakket in die Grens sou gevestig het, maar nie in Ciskei en Transkei nie. Baie van die nywerhede in die Grens is waarskynlik reeds lank gevestig byvoorbeeld voor die instelling van die huidige konsessiepakket en het moontlik weens ander oorwegings in die Grens gevestig.

Toe die grootste nywerheidsgroepe in die drie streke se antwoorde op die vraag of die huidige gebied sonder die konsessies gekies sou word, vergelyk is, was daar 'n beduidende verskil met Chi-kwadraat wat 'n p-waarde van ,0126 gehad het. Daar was presies eweveel positiewe as negatiewe antwoorde in die nywerheidsgroepe hout en meubels en ander nywerhede. Die verskille het voorgekom by tekstielnywerhede waar 68,4% nie die huidige gebied sonder die konsessies sou gekies het nie en

---

13) Daar was egter nie 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei nie.

staalnywerhede waar 81,0% dit ook nie sonder die konsessies sou gekies het nie. Dit wil voorkom of beide die tekstiel- en staalnywerhede dus meer van die konsessies afhanklik is as die ander nywerhede.

Volgens Bell (1986) het die hoof metropolitaanse gebiede se aandeel van werkverskaffing in die vervaardigingsektor vanaf 1965/6 tot 1979 van 81,9% tot 76,9% gedaal.<sup>14)</sup> Hy skryf die neiging tot nywerheidsdesentralisasie toe aan 'n spontane reaksie op die druk wat kompetisie in die wêreldmarkte vir vervaardigde goedere tot gevolg gehad het. Die geografiese dekonsentrasie van nywerhede was volgens Bell hoofsaaklik op 'n strewe na die vervanging van die duur Wit, Kleurling en Indiërarbeid met goedkoop Swart arbeid gegrond. Hierdie goedkoop Swart arbeid was meer bekombaar buite die metropolitaanse gebiede omdat daar nog altyd 'n streeksloonverskil bestaan het. Bell gee toe dat die streeksontwikkelingsbeleid wel 'n rol kon gespeel het, maar volstaan by die invloed van internasionale markte as primêre faktor in die dekonsentrasieproses wat wel plaasgevind het. Die argument dat kompetisie op die internasionale markte nywerhede in Suid-Afrika tot kostebesparings sal aanspoor maak sin. Goedkoop arbeid is egter maar een van die produksiefaktore en die vraag of 'n goedkoop maar onopgeleide arbeidsmag in die gedesentraliseerde gebiede wel

---

14) Die primêre nywerheidsgroepe in die drie gebiede het bestaan uit tekstiel en verwante bedrywe, hout en meubels, metale en verwante nywerhede en ander nywerhede.

meer kostebesparend as 'n opgeleide werksmag in die metropoli-  
taanse gebiede is, sal nog eers beantwoord moet word. Voorts is  
dit hoogs onwaarskynlik dat die Regering se konsessiepakket wat  
gepoog het om kostebesparing ten opsigte van die gebiedsnadele in  
gedesentraliseerde gebiede teweeg te bring minder belangrik as  
die invloed van "sogenaamde goedkoop arbeid" was.<sup>15)</sup>

Sou die Grensgebied egter as 'n ontwikkelende metropool gesien  
word is dit moontlik dat daar in die gebied sprake van spontane  
dekonsentrasie kon wees, veral as die 65,3% nuweraars in die  
steekproef wat sonder die konsessies in die gebied sou gevestig  
het, in ag geneem word. Daar was egter nie sprake van so 'n  
neiging in Ciskei en Transkei nie.

Toe die antwoord op die vraag of die huidige gebied sonder die  
konsessiepakket gekies sou gewees het met vraag II F, naamlik of  
die konsessiepakket 'n belangrike vestigingsfaktor was, vergelyk  
is, was daar 'n sterk verband tussen persone wat die  
konsessiepakket as 'n belangrike faktor aangedui het en wat  
terselfdertyd aangedui het dat hulle nie in die afwesigheid van  
die konsessiepakket in die gebied sou gevestig het nie.

---

15) Daar word na "sogenaamde goedkoop arbeid" verwys omdat  
verskeie respondente in hierdie studie beweer het dat daar  
nie so 'n ding soos goedkoop arbeid bestaan nie.

Daar was 'n beduidende verskil tussen die antwoord op vraag 5.1 of die huidige gebied sonder die konsessies gekies sou word en vraag 5.3 of die firma sonder die konsessies nog steeds winsgewend sou wees. Chi-kwadraat het 'n p-waarde van ,0050 gehad. Hierdie onkonsekwentheid kan deels daaraan toegeskryf word dat 45,5% van die ondernemings wat aangedui het dat hulle nie sonder die konsessies in die huidige gebied sou gevestig het nie aangedui het dat hulle nie sonder die konsessies winsgewend sal wees nie. 'n Mens sou verwag het dat 'n groter persentasie van die groep op hierdie wyse sou antwoord omdat hulle by implikasie meer van die konsessies afhanklik sou wees. Dit wil daarom voorkom of die meerderheid nyweraars of oneerlik op hierdie teenvraag geantwoord het, die vraag as inkriminerend gesien het of in elk geval winsgewend sonder die konsessies sal kan voortgaan wat dui op deeglike lewensvatbaarheidstudies wat by vestiging gedoen is.

Die meerderheid van die nyweraars in die drie gebiede was van mening dat die konsessies voldoende was om vir vestiging in die gedentraliseerde gebied te vergoed (Vraag 5.2). Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens, Ciskei en Transkei nie, maar wel tussen Ciskei en Transkei, en die nul-hipotese dat daar nie 'n verskil bestaan nie kan dus nie verwerp word nie. Hierdie antwoord dui daarop dat die Regering se desentralisasiekonsessies volgens die nyweraars se opinie wel die gebiedsnadeel genoegsaam teenwerk. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die antwoorde van die vier primêre nywerheidsgroepe in die drie gebiede tesame op hierdie vraag nie. Die nul-hipotese dat daar nie 'n

verskil tussen die nywerheidsgroepe se antwoorde bestaan nie, kon dus nie verwerp word nie.

Op die vraag of die firma nog steeds teen 'n wins bedryf kan word as die konsessies onttrek sou word, het die meerderheid van die nyweraars in die drie gebiede positief geantwoord. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens, Ciskei en Transkei nie. Daar was ook nie 'n beduidende verskil tussen die antwoorde van die vier nywerheidsgroepe (tekstiel, hout, staal en ander) op hierdie vraag nie.

Daar was 'n beduidende verskil in die antwoorde toe die vraag met vraag 5.4 of die onttrekking van die konsessies prysverhogings tot gevolg sal hê, vergelyk is. Die nul-hipotese moet dus verwerp word. Hierdie verskil dui daarop dat die konsessies selfs vir die firmas wat daarsonder wins sou maak finansiële voordele inhou en dat, indien die konsessies onttrek sou word, die finansiële verlies deur middel van prysverhogings verhaal sal moet word. Uit 'n verbruikersoogpunt sal so 'n stap lewenskoste verhoog.

Van die ondernemings het 70% wat aangedui het dat hulle nie sonder die konsessies 'n wins sal maak nie, die konsessies bo vrystelling van maatskappybelasting verkies. Die meerderheid, naamlik 55,3% van die ondernemings wat sonder die konsessies 'n wins sou maak, het die konsessiepakket bo die vrystelling van maatskappybelasting verkies. Dit wil daarom voorkom of die konsessiepakket as 'n groter finansiële voordeel as die

vrystelling van maatskappybelasting deur firmas gesien word. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die antwoorde nie en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie.

Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die antwoorde van groot, medium of klein maatskappye op hierdie vraag nie en die nul-hipotese kon dus nie verwerp word nie. In elke groep het die meerderheid, onderskeidelik 66,7% (groot), 60,0% (medium) en 61,1% (klein) aangedui dat hulle 'n wins sonder die konsessies sou maak. Dit wil daarom voorkom of die konsessiepakket se finansiële voordele nie met betrekking tot die grootte van die onderneming diskrimineer nie.

'n Groot meerderheid van die ondernemings in die drie gebiede was van mening dat die konsessies genoegsaam was om verdere groei te beïnvloed (Vraag 5.5). Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. Hierdie antwoord is vergelyk met die antwoord op vraag 5.6, naamlik of toekomstige uitbreiding van die maatskappy op ander faktore as die konsessies gebaseer sal word. Die gedagte was om vas te stel of die nyweraars nie net op die rug van die konsessies wou ry om te oorleef nie. Die meerderheid, naamlik 79,4% het aangedui dat die konsessies genoegsaam vir verdere uitbreiding was, maar dat verdere uitbreiding op ander faktore as die konsessies sal berus (Vraag 5.5). Dit is duidelik dat nyweraars in die eerste plek die konsessies as 'n hulpmiddel tot verdere groei gesien het, maar nie as 'n plaasvervanger vir onder

andere sakevernuf nie. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die antwoorde op die twee vrae nie en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie.

'n Groot meerderheid van die nyweraars in die drie gebiede was van mening dat uitbreiding hoofsaaklik van ander faktore as die konsessies sal afhang. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. Die hoë persentasie kan toegeskryf word aan verskeie moontlikhede, naamlik 'n negatiewe antwoord sou as inkriminerend gesien kon word omdat die firma in so 'n geval uitsluitlik van die konsessies afhanklik is; nyweraars kon positief geantwoord het omdat hulle gevoel het dit word van hulle verwag; nyweraars kon werklik geglo het dat ander faktore as die konsessies die toekoms sou bepaal.

'n Baie groot meerderheid van die nyweraars was van mening dat die aansporings voldoende was om meer nywerhede aan te trek en streeksontwikkeling te verhaas. As gevolg van 'n beduidende verskil tussen Ciskei en Transkei kon die nul-hipotese nie verwerp word nie.

Die meerderheid van die nyweraars was van mening dat die Regering meer moes doen om nywerheidsontwikkeling in die streek te stimuleer (Vraag 5.8). Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die Grens en Ciskei en Transkei nie, maar wel tussen Ciskei en Transkei en die nul-hipotese kan dus nie verwerp word nie. Die kommentaar van nyweraars was meestal dat die Regering die streek

meer effektief moes bemark. Daar is met die uitsluiting van enkeles wat 'n vervoerrabat op inkomende goedere as bykomstige aansporing voorgestel het, geen verbetering van die konsessiepakket voorgestel nie.

Op vraag 5.10 oor hoe lank die firma nog konsessies sal ontvang het 86,4% van die nyweraars nog langer as twee jaar oorgehad waarin hulle konsessies sou ontvang. Slegs 13,4% van die nywerhede het minder as twee jaar oorgehad. Verskeie firmas het 'n verlenging van konsessies voorsien omdat hulle uitbreidings beplan het.

Daar was geen verband tussen die aantal jare wat die maatskappy nog die konsessies sou ontvang nie en die voorkeur of afkeur van kwytskelding van maatskappybelasting eerder as die konsessiepakket nie.

#### MAATSKAPPYBELASTING VERSUS DIE KONSESSIEPAKKET

Die meerderheid, naamlik 59,5% was van mening dat maatskappybelasting nie verkieslik is bo die konsessiepakket nie. Daar was nie 'n beduidende verskil tussen die drie gebiede nie en die nulhipotese kon dus nie verwerp word nie.

Daar was nie 'n beduidende verskil toe die antwoord op hierdie vraag met vraag 5.1 of die huidige gebied sonder die konsessies gekies sou gewees het, vergelyk is nie. Die nyweraars was dus konsekwent in hulle beantwoording van die vrae wat die waarde van

die konsessiepakket behels het. Van die nyweraars wat die gebied nie sonder die konsessies sou gekies het nie, het 65,3% aangedui dat hulle ook nie ten gunste van die kwytskelding van maatskappybelasting eerder as die konsessiepakket is nie. Hierdie groep het 41,2% van die totaal verteenwoordig. Daar was in hierdie verband geen beduidende verskil tussen firmas wat deel van 'n groter maatskappy was en firmas wat onafhanklik gefungeer het nie. Daar was voorts ook nie 'n beduidende verskil tussen die voorkeure van klein, medium of groot maatskappye nie.

Dit wil dus voorkom of die Ciskeise belastingalternatief nie deur die meerderheid nyweraars as 'n aantreklike alternatief vir die konsessiepakket gesien word nie. Voorts is dit moeilik om 'n spesifieke groep nyweraars te identifiseer wat die belastingalternatief sal verkies. Die bemarkingspoging van Ciskei se "New Tax Haven" sal ongetwyfeld deur hierdie leemte gekortwiek word.

#### 4.7 SAMEVATTING

Die tipiese firma in hierdie gebied sal in die nywerheidsgroepe tekstiel, metaalprodukbedrywe en die houtnywerheid voorkom. Die meerderheid van die ondernemings kan as "klein" bestempel word. Daar is 'n 70% moontlikheid dat die ondernemings hulle konsessies binne die eerste jaar na vestiging sal ontvang. Die helfte van die ondernemings het 'n verbintenis met groter maatskappye gehad terwyl 69,4% in Suid-Afrikaanse besit was. Die gedesentraliseerde nywerhede het ten opsigte van werkskepping

grootliks vir die Swartes (92,2%) voorsien waar die nood die hoogste was.

Die arbeidsmag was grootliks semi-geskoold en ongeskoold. Feitlik die totale produksie (92,6%) was vir die Suid-Afrikaanse en Tuislandmarkte bestem. Die konsentrasie op die plaaslike mark eerder as oorsese markte maak ekonomiese sin omdat die jong nywerhede beswaarlik teen gevestigde nywerhede in die ontwikkelde lande sal kan meeding. Die gedesentraliseerde ondernemings is hoofsaaklik met eie kapitaal gevestig wat dan ook daarop dui dat hulle bereid was om self ook 'n risiko in die gebied te loop.

Die meerderheid nywerhede in die drie gebiede het die volgende vestigingsfaktore as die belangrikste gesien: goedkoop finansiering (die Grens was die uitsondering), goedkoop arbeid (die Grens was weer eens die uitsondering), goedkoop geboue, masjinerie en toerusting (Grens het dit as minder belangrik beskou), goedkoop nywerheidsgrond, die konsessiepakket as aantrekkingsmiddel en die toeganklikheid tot 'n toepaslike infrastruktuur. Dit het voorgekom of die tradisioneel-aanvaarde vestigingsfaktore soos afstand van primêre mark en die afstand van die bron van grondstowwe nie as belangrik beskou is nie. Hierdie verskynsel kan moontlik daaraan toegeskryf word dat die nyweraars die konsessiepakket as effektief genoeg beskou het om die relatiewe gebiedsnadeel ten opsigte van hierdie faktore teen te werk. Alhoewel daar verwag is dat politieke stabiliteit 'n negatiewe rol sou speel, het die nyweraars dit nie as 'n belangrike faktor in die vestigingsbesluit beskou nie. Die

resultaat kan beter deur die kommentaar van verskeie nyweraars verklaar word, naamlik dat hulle nie die navorsingsgebied as 'n groter politieke risiko as die res van Suid-Afrika beskou het nie.

Die konsessies is nie direk vergelykbaar met mekaar nie (byvoorbeeld die loonkonsessie is meestal groter as die ander konsessies in terme van absolute waarde); en konsessies diskrimineer nie genoegsaam ten opsigte van die belangrikheidsgraad wat aan vestigingsfaktore toegeken is en die eienskappe van die maatskappy nie. Die meeste maatskappye het ongeag eienskappe of belangrikheid van vestigingsfaktore die loonkonsessie verkies. Die loonkonsessie is as die belangrikste beskou terwyl die rentesubsidie op belegging en die spoorabat onderskeidelik die tweede en derde plekke behaal het. Dit was duidelik dat die rangorde van genoemde drie konsessies op grond van die finansiële voordele wat dit vir die onderneming inhou, gekies is. Dit was daarom interessant dat die hawerabat wat gewoonlik as 'n uitstaande voordeel in die gebied bemark word, slegs die laaste plek op die ranglys kon behaal. Die streekseksioniese owerhede sal hierdie toedrag van sake in hulle bemarkingspogings in aanmerking moet neem omdat hulle deurgaans 'n minder belangrike faktor soos die hawerabat beklemtoon.

In die afdeling voortspruitende ondervinding het kommentaar deur die nyweraars daarop gewys dat alhoewel afstand vanaf die bron van grondstowwe nie as 'n belangrike vestigingsfaktor gesien is nie, die groter afstand tussen Oos-Londen en Transkei tog daartoe

bygedra het dat die meerderheid van nywerhede in Transkei nie met die voorsiening van grondstowwe en dienste tevrede was nie. Die meerderheid in die Grens en Ciskei was egter daarmee tevrede. Die meerderheid in al drie gebiede was tevrede met die kwaliteit van arbeid, die koste van arbeid en die nywerheidsbetrokkings in die gebied.

Hierteenoor was 'n klein meerderheid (55,1%) nie met die produktiwiteit van die werksmag tevrede nie. Die meerderheid was tevrede met die koste van materiale, komponente en vervoer in die huidige gebied. In die geheel gesien was die meerderheid van die nyweraars van mening dat die konsessiepakket die totale koste van produksie laer gemaak het as wat dit in 'n alternatiewe gebied nader aan die metropolitaanse gebied sou gewees het. Die nyweraars was meer tevrede met die aanbod en koste van behuising in die Grens as in Ciskei en Transkei. Die meerderheid nyweraars het die infrastruktuur as voldoende beskou.

Die konsessies is nie onontbeerlik in die Grens nie, maar wel in Ciskei en Transkei. Die meerderheid van die nyweraars in Ciskei en Transkei sou byvoorbeeld nie die huidige gebied in die afwesigheid van die konsessiepakket gekies het nie terwyl die meerderheid in die Grens dit wel sou gedoen het. Die meerderheid, naamlik 87,7% van die nyweraars was van mening dat die konsessies voldoende was om vir vestiging of uitbreiding in die gedentraliseerde gebied te vergoed.

Daar was 63,8% van die nyweraars wat van mening was dat hulle nog

steeds sonder die konsessies winsgewend sou wees. Die toekomstige nywerheidsoorlewing lyk daarom nie te donker in die gebied nie. Ondanks die waarskynlikheid dat die meeste firmas sonder die konsessies sal oorleef, is hulle finansiële afhanklikheid van die konsessies duidelik weerspieël in die feit dat 73,9% van die nywerhede prysverhogings sal moet instel indien die konsessies onttrek word.

Van die ondernemings was 88% van mening dat die konsessies voldoende was om verdere groei van die onderneming te beïnvloed. Dieselfde persentasie was egter ook van mening dat toekomstige uitbreiding op sakebeginsels eerder as net die konsessies gegrond sal word. Hierdie opinie getuig daarvan dat die meerderheid nyweraars in die drie gebiede na die daarstelling van finansiële selfstandige en lewensvatbare ondernemings streef.

'n Oorweldigende meerderheid (89,9%) van die nyweraars was die mening toegedaan dat die konsessiepakket voldoende was om meer nywerhede na die gebied te lok en streeksontwikkeling te verhaas. Daar was 68,8% wat egter gevoel het dat die regering meer moes doen om nywerheidsontwikkeling in die gebied te stimuleer. Die woordjie "meer" verwys hier na 'n groter promosieveldtog en nie na 'n verbeterde konsessiepakket nie. Van die nywerhede het 86,4% nog langer as twee jaar waarin hulle konsessies sou ontvang, oorgehad.

Met finansiële oorwegings as die moontlike onderliggende

maatstaf, het 59,5% van die nyweraars die konsessiepakkiet bo die kwytsekelding van maatskappybelasting verkies. Dit het daarom voorgekom of die Ciskeise belasting-alternatief nie 'n groter trekpleister as die konsessiepakkiet sal wees nie.

In totaal gesien, moet die hipotese dat nyweraars nie met die konsessiepakkiet tevrede was nie, verwerp word. In sommige gevalle kon die nul-hipotese dat daar nie 'n verskil tussen die Grens, Ciskei en Transkei was nie egter wel verwerp word. 'n Mens sou dus kon sê dat die konsessiepakkiet in sy huidige vorm voldoende is, maar dat daar wel 'n mate van onderlinge verskille in die drie gebiede kan voorkom.

## HOOFSTUK 5

### SAMEVATTING EN BELEIDSIMPLIKASIES

Investering is een van die voorvereistes vir ekonomiese ontwikkeling. Dit hou daarom verreikende implikasies vir die welstand van die hele samelewing in. Die investeringsbesluit kan egter nie in isolasie geneem word nie omdat dit deur sekere determinante beïnvloed word. Die voornemende investeerder behoort hom van genoemde faktore te vergewis wanneer hy 'n investeringsalternatief oorweeg. In 'n makro-ekonomiese verband moet die voornemende investeerder hom vergewis van, onder andere, die reële rentekoers en belastingstruktuur wat gedeeltelik deur monetêre en fiskale beleid bepaal word, en ook die vermenigvuldigers- en versnellerseffek en die langtermyn groeivooruitsigte in ag neem. Die mikro - ekonomiese faktore wat hy in ag moet neem behels die faktore wat die prys - en inkome - elasticiteite van die vraag beïnvloed. In die proses moet hy die investeringsbesluit teen die doelstellings van die firma opweeg ten einde te verseker dat die investering nie in konflik daarmee sal wees nie.

Aangesien investering gewoonlik nie net 'n groot finansiële betrokkenheid inhou nie, maar ook 'n langtermynverpligting veronderstel, is die risikofaktor inherent aan die investeringsbesluit. Dit kan dus verwag word dat die land waar die investering beoog word as determinant deeglik deur die voornemende investeerder bekyk sal word. Suid-Afrika as potensiële land van investering het sekere unieke kenmerke in sy

ekonomiese en politieke ontwikkeling gehad. Hierdie kenmerke behels onder andere dat Suid-Afrika se ekonomie elemente van beide die ontwikkelde en die ontwikkelende lande bevat. Daar bestaan voorts 'n oneweredige geografiese verspreiding van ekonomiese aktiwiteit wat die behoefte aan 'n streeksontwikkelingsbeleid laat ontstaan het. Historiese, kulturele en politiese faktore het hierbenewens 'n groot rol gespeel om die oneweredige verspreiding van rykdom tussen die verskillende rassegroepe te konkretiseer. Dit was dan ook veral op politieke gebied dat Suid-Afrika se sogenaamde Apartheidsbeleid nie net die internasionale beeld van die land geskaad het nie, maar ook die fondament vir politieke onrus gelê het. Die onvermydelike gevolg was dat Suid-Afrika in 'n onlangse politieke risiko-studie van 51 lande saam met 17 ander lande die hoogste politieke risiko-indeks behaal het (Perlitz, 1985 : 24).

As daar na die negatiewe internasionale nuusberigte oor Suid-Afrika gekyk word en gesien word hoe die disinvesteringveldtog teen die land al hoe meer momentum kry, is dit duidelik dat Suid-Afrika se bedingingsmag vir internasionale investeringskapitaal al hoe swakker sal word. Dit sal tot gevolg hê dat die land nie sy volle ontwikkelingspotensiaal sal kan benut nie en dat die groeikoers nadelig getref sal word. So 'n toedrag van sake kan voornemende oorsese investeerders nog meer ontmoedig om hier te investeer. Dit sal Suid-Afrika noop om òf alleen die mas te probeer opkom òf om sy binnelandse beleid na internasionale standaarde te skik. Dit moet egter beklemtoon word dat ons navorsingsgebied ten opsigte van politieke risiko oor dieselfde

kam as die res van Suid-Afrika geskeer word.

Verskeie kommissies van ondersoek het die verdelingsprobleem in Suid-Afrika beklemtoon. Gemeet aan internasionale standaarde het oorkonsentrasie van die stedelike bevolking nog nie ernstige afmetings aangeneem nie. Nietemin het daar 'n ernstige verdelingsprobleem tussen die vier metropolitaanse gebiede en die platteland ontstaan. Die probleem is vererger deur 'n hoë Swart-bevolkingskonsentrasie en werkloosheid in die Swart reserwes. Met die totstandkoming van streeksontwikkelingsbeleid in 1960 was dit dan ook spoedig duidelik dat die beleid afgesien van ekonomiese oorwegings sterk daarop ingestel was om die stroom Swartes na die stede te stuit en terselfdertyd die beleid van Afsonderlike Ontwikkeling ekonomies lewensvatbaar te maak. Ongeag die aanvanklike motiewe vir streekseonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika, het die beleid werkseleenthede vir 405 732 persone<sup>1)</sup> landswyd vanaf 1960 tot 1985 verskaf. Alhoewel die stroom werkers na die stede nie gestuit is nie, sou die armoede - en werkloosheidsprobleem veel erger op die platteland gewees het indien daar nie 'n streeksontwikkelingsprogram was nie.

Die streeksontwikkelingsowerhede het op grond van 'n behoefte-ontleding 'n voorkeurlys van die ontwikkelingstreke opgestel. Die huidige navorsingsgebied, naamlik Streek D, beklee die eerste

---

1) Jaarverslae van die Raad vir die Desentralisasie van Nywerhede., 1981, 1/4/82 - 31/3/83, 1/4/83 - 31/3/84 en 1/4/84 - 31/3/85.

plek op hierdie voorkeurlys. Sedert die instelling van streeksontwikkelingsbeleid in 1960 tot 1985 is daar na raming 95 000 werksgeleenthede in die Grens, Ciskei en Transkei geskep (O'Neill, 1986 : 23). Die stelling kan weer eens gemaak word dat in die lig van 'n ongelyke verdeling van rykdom en grootskaalse werkloosheid die toestand in hierdie gebied veel erger sonder die streeksontwikkelingsprogram sou gewees het.

Die onderskeie regerings het voortdurend die konsessiepakket probeer verbeter ten einde streeksontwikkeling te versnel. Alhoewel dit dus blyk dat hulle die dringendheid van die armoede en werkloosheidsprobleem in die gebied besef het, het hulle oorgretigheid daartoe gelei dat daar te veel groeipunte in die streek geskep is. As gevolg van die feit dat ontwikkelingskapitaal feitlik uitsluitlik deur Suid-Afrika self voorsien moes word en gevolglik beperk was, sou dit meer realisties gewees het om slegs op Oos-Londen in die Grens, Dimbaza in Ciskei en Butterworth in Transkei as groeipunte te konsentreer. Die kapitaal wat vir die skepping van infrastruktuur in Berlin, Mdantsane, Berlin-Suid, Ezibeleni, Umtata en Sada gebruik is, kon veel meer doeltreffend in die voorgestelde gebiede aangewend geword het. Indien dit gebeur het, sou die moontlikheid vir die daarstelling van selfonderhoudende groeipunte soveel groter gewees het.

Terwyl die konsessiepakket daarop ingestel is om nyweraars vir die relatiewe gebiedsnadeel te vergoed, het die vraag egter ontstaan of nyweraars uit die private sektor wel die konsessies as voldoende beskou. Daar is gevolglik besluit om deur middel

van 'n vraelys die mening van nyweraars wat die konsessies ontvang, in te win. Die vraelys het die volgende afdelings ingesluit : die eienskappe van die onderneming, faktore wat 'n rol by die vestigingsbesluit speel, 'n beoordeling van die konsessiepakket, voortspruitende ervaring van die onderneming en 'n algehele beoordeling van die desentralisasieprogram.

Op grond van die navorsingsresultate wat behaal is, wil dit voorkom of die streeksontwikkelingsowerhede hulle werwingspogings veral op nywerhede in die tekstiel en klerasie, metaalprodukbedrywe en die houtnywerheid sal moet toespits. In hierdie verband beweer Black, et al. (1987) dat daar 'n ekonomiese saak vir 'n meer selektiewe toepassing van die desentralisasiebeleid is. So byvoorbeeld stel hulle 'n beleid voor wat diskrimineer in terme van streek en die tipe nywerheid, op grond van die beginsel van komparatiewe koste-voordeel. Hierdie selektiewe toepassing van die beleid sal byvoorbeeld op 'n streeksgrondslag impliseer dat daar in tekstiel en klerasie in Oos-Londen - King William's Town - Ciskei gespesialiseer sal word en op voedselverwerking en nywerheidsmetale in Transkei. Volgens Black, et al. (1987) sal die selektiewe aanmoediging van nywerheidsgroepe hulle in staat stel om interne en eksterne skaalvoordele deur 'n meer effektiewe aanwending van hulle bestaande bronne te bewerkstellig. Gesien in die lig van moontlike strenger sanksies teen Suid-Afrika en die gebrek aan internasionale erkenning van Ciskei en Transkei moet nywerhede gewerf word wat vir die plaaslike eerder as die uitvoermark produseer. Dit was daarom bemoedigend om te vind dat nywerhede in die gebied tans feitlik uitsluitlik vir die Suid-

Afrikaanse en Tuislandmarkte produseer en dus nie so gevoelig vir sanksies behoort te wees nie. Dit moet boonop in gedagte gehou word dat tydens die empiriese studie in 1984 die sanksies teen Suid-Afrika nog nie so fel soos tans was nie, met die gevolg dat die huidige sanksies nie as die oorsaak vir die lae produksie vir die oorsese mark beskou kan word nie. Wanneer die werkloosheidsprobleem en die hoë persentasie ongeskoolde en semi-geskoolde arbeiders in ag geneem word moet voortgegaan word om nywerhede wat laer geskoolde arbeiders vereis, te werf. Die vermoë van die firma om sonder die konsessies te oorleef mag egter nie in die lewensvatbaarheidstudie oor die hoof gesien word nie omdat die uiteindelijke oogmerk die vestiging van selfonderhoudende nywerhede behoort te wees. Die hoë waarde wat nyweraars aan bevredigende infrastruktuur as vestigingsfaktor heg, beklemtoon die belangrikheid daarvan as aansporing vir voortgesette ontwikkeling.

Die konsessiepakket vir die drie gebiede was volgens nyweraars bevredigend en moet nie verander word nie. Die algemene gevoel was dat die konsessiepakket net meer effektief bemark moet word. Die konsessies is nie onontbeerlik in die Grens nie, maar wel in Ciskei en Transkei. Indien die konsessies op hierdie stadium dus onttrek sou word, kan die hele ontwikkelingsveldtog in Ciskei en Transkei tot stilstand kom. Die Ciskeise belastingalternatief was volgens die meerderheid nyweraars in die drie gebiede nie verkieslik bo die konsessiepakket nie. Eerder om as aansporing te dien, het die Ciskeise belastingalternatief onsekerheid by nyweraars laat ontstaan oor hoe lank hulle nog die konsessies sou

ontvang. Die vermoede is deur nyweraars uitgespreek dat die Ciskeise Regering die belastingalternatief ingestel het omdat hulle nie meer genoeg fondse vir die konsessiepakket tot hulle beskikking het nie. Gerugte dat die konsessies in Ciskei afgeskaf gaan word ten gunste van die belastingalternatief, kan die streeksontwikkelingspogings in Ciskei spesifiek en die streek in die algemeen ernstig skaad. Uitsluitel moet spoedig oor die toekoms van die uiteindelijke konsessiepakket in al drie die gebiede bereik word.

Die konsessies wat die grootste kontantvoordeel vir die ondernemings ingehou het, soos die loonkonsessie, die rentesubsidie op belegging en die spoorrabat is as die belangrikste gesien. Die gedagte van finansiële vergoeding vir gebiedsnadeel moet sterker in bemarkingspogings na vore kom. Uit die resultate is dit duidelik dat die hawerabat wat gewoonlik so sterk in werwingspogings beklemtoon word, nie 'n belangrike faktor by die meerderheid nyweraars was nie. Dit sal moontlik meer realisties wees om die hawe meer prominent as uitvoerhawe in die landbou en mynousektore en selfs as toeriste-aantreklikheid te bemark eerder as in die nywerheidsektor.

In die lig van die voorkeur wat nyweraars aan konsessies wat hulle kontantvloeioposisie verbeter, gegee het kan die moontlikheid ondersoek word om die konsessiepakket met 'n kontantgratifikasie te vervang. 'n Kontantgratifikasie sal nie alleen die kontantvloeioprobleem op 'n eenvoudiger wyse as die konsessiepakket oplos nie, maar dit sal ook meer doeltreffend uit 'n prak-

tiese oogpunt wees omdat dit aansienlike administratiewe rompslomp sal uitskakel. Dit is vanselfsprekend dat waarborge teen die misbruik van sulke fondse ingebou sal moet word. Black, et al. (1987) beweer dat vergeleke met die huidige arbeidssubsidie, 'n ekwivalente kontantgratifikasie 'n kleiner onmiddellike effek op indiënsneming en produksie sal hê, maar 'n groter totale wins tot gevolg sal hê; dus sal dit 'n groter impak op toekomstige investering en langtermyn groei hê. Black beklemtoon egter die noodsaaklikheid van 'n deeglike ondersoek alvorens die konsessiepakket gewysig word (Black, et al., 1987 : 63).

Die huidige kompetisie tussen die drie gebiede om nyweraars te trek is gesond in die sin dat die ontwikkelingsowerhede gedwing word om effektiewe diens te lewer ten einde kompetender te bly. Daar is egter te veel groeipunte binne die drie gebiede wat 'n onnodige verspilling van fondse in die skepping van infrastruktuur tot gevolg het. Die moontlikheid om die nywerheidsgrond by Berlin in 'n woongebied te omskep kan byvoorbeeld ondersoek word eerder as om aan te hou om 'n verkeerde besluit te probeer regstel. Die ontwikkelingsoffensief moet op Oos-Londen, Butterworth en Dimbaza gekonsentreer word en nyweraars moet daarvan verseker word dat die konsessies nie arbitrêr onttrek sal word nie.

Samevattend kan die beleidsimplikasies soos volg gestel word:

1. Werwingspogings moet op nywerhede in die tekstiel, metaalproduksiebedrywe en die houtnywerheid toegespits word;

2. Uit 'n maatskaplike oogpunt moet die beleid voortgesit word om nywerhede wat laer geskoolde eerder as hooggeskoolde arbeiders vereis, te werf. Ekonomies kan laasgenoemde egter verkieslik wees;
3. Strenger lewensvatbaarheidstudies moet egter ten opsigte van nuwe aansoekers gedoen word ten einde te verseker dat hulle sonder die konsessies sal kan oorleef;
4. Die kwaliteit van die infrastruktuur moet gehandhaaf word;
5. Nywerhede wat vir die binnelandse mark produseer moet voorkeur kry by werwing;
6. Geen bykomende groeipunte moet in die Grens, Ciskei en Transkei ingestel word nie;
7. Die moontlikheid om slegs op Oos-Londen, Dimbaza en Butterworth te konsentreer moet ondersoek word, terwyl alternatiewe gebruike vir die nywerheidsgrond by Berlin, Whittlesea, Ezibeleni en Queendustria gevind moet word;
8. Die huidige konsessiepakket is voldoende ten opsigte van die voordele wat dit inhou, maar die toepassing kan vereenvoudig word deur die konsessiepakket met 'n kontantgratifikasie te vervang. Hierdie alternatief sal egter eers verder ondersoek moet word.

#### SLOTOPMERKINGS

Volgens Bell (1983) het die verskynsel wat bekend staan as die

nuwe internasionale verdeling van arbeid wat na die herstruktureering van nywerheidsproduksie vanaf die gevorderde nywerheidslande na die ontwikkelende markeconomieë verwys, ook in Suid-Afrika 'n invloed gehad. Meer intensiewe kompetisie op die wêreldmark vir vervaardigde produkte het as 'n sterk aansporing gedien om nywerhede in Suid-Afrika na goedkoper alternatiewe te laat soek.

Dit het tot gevolg gehad dat die werkreserveringsregulasies in die bestaande nywerheidsgebiede verslap is terwyl daar ook 'n geografiese verskuiwing van nywerhede vanaf die bestaande gebiede na die minder geïndustrialiseerde gebiede plaasgevind het.

Bell beklemtoon goedkoop arbeid as die primêre kostebesparingsfaktor wat nywerhede na die minder geïndustrialiseerde gebiede gelok het. Die kern van sy argument is dat die neiging tot nywerheidsdesentralisasie spontaan in reaksie op die kompetisie in die internasionale mark vir vervaardigde goedere geskied het en deur die laer arbeidskoste in daardie gebiede gemotiveer is (Bell, 1984 : 9).

Volgens Bell was daar reeds in die laat 1960's 'n merkbare toename in die segmentasie van die arbeidsmark te bespeur. Hierdie segmentasie kon afgesien van spontane desentralisasie, deur die konsessiepakket en die Wet op Fisiese Beplanning versnel gewees het. Bell maan egter daarteen dat die invloed van laasgenoemde faktore nie oorskat moet word nie (Bell, 1968 : 289).

Terwyl Bell "goedkoop" arbeid as die grootste rede vir die soege-

